

SHARPEVILLE

1. Die weergawe van beskuldigde 3, nl. dat die organisasie in Sharpeville ontstaan het a.g.v. probleme wat sy gemeente-lede sou gehad het en dat die liggaam wat in die lewe geroep was, 'n organisasie was wat deur die plaaslike kerkraad ini-sieer is, is met respek vals.

(Vol. 229 p.12175

- (a) Die mense wat beskuldigde 3 verkry om op dié komitee te dien, is mense wat niks met sy gemeente te doene het nie, maar persone werkzaam by 'n vakbond.

Vol. 229 pp.12177-79.

- (b) Dié persone Hlubi en Mjeza blyk die saak te beheer, want die pamphlet wat gedruk word, bewyssuk AN 15(5) op hul aandrang, is nie aan die gemeente gerig nie, maar nooi nou die hele Sharpeville se inwoners na die beoogde vergadering.

Vol. 229 p.12178.

- (c) Hlubi word verkry om met Mjeza die pamphlette te versprei in Sharpeville, en Hlubi word verkry om die notule van die vergadering te hou.

Vol. 229 pp.12179/80.

- (d) Ook Mjeza was verantwoordelik vir 'n banier wat vir die vergadering van 12 Augustus 1984 gemaak was.

Vol. 229 p.12182.

- (e) Al hierdie reëlings met buitestanders, wat niks met die kerk van beskuldigde 3 te doen het nie, word getref sonder dat beskuldigde 3 sy kerkraad wat die hele oefening sou inisieer het, geken het.
- (f) In die algemeen moet vermeld word dat beskuldigde 3 se getuienis in ieder geval, op die beste vir hom, pateties was - hy was 'n uiters swak getuie wat homself telkemale weerspreek het.

2. Die vergadering op 5 Augustus 1984 deur die Raadslede gereël:

Dit is die Staat se respektvolle betoog dat die getuienis oor hierdie spesifieke vergadering van die Staat en Verdediging so teenstrydig en onversoenbaar is, nie net met mekaar nie, maar ook onderling tussen die verskillende staats- en verdedigingsgetuies, dat die hof geen bevinding kan maak oor wat werklik op die vergadering sou gebeur het nie - vgl. die volgende passasies t.o.v. die verskillende verdedigingsgetuies se getuienis met mekaar:

- (i) Vol. 50, p.2544 en 331 p.18902 en vol. 334 p.19058.  
(Dhlamini na moontlike R100.00 verhoging p.m. van huur verwys).
- (ii) Vol. 50, p.2545 en vol. 340 p.19399/400;  
(Mokati nie kans gekry te praat).

- (iii) Vol. 312 p.17921 en vol. 340 p.19396;  
(Nozipho Mjeza gepraat op vergadering).
- (iv) Vol. 312 p.17922 en vol. 334 p.19058/91 vol. 339  
p.19362/3;  
(Gedrag van vrou wat Raadslid geklap het).
- (v) Vol. 312, p.17920/1 en vol. 340, p.19394.  
(Nkoane Raadslede beskuldig dat hul verraaiers is).
- (vi) Vol. 331 p.18902 en vol. 340 p.19396;  
(Raadslid sou gesê het huurverhoging sou hoër as R5.90 per maand gewees het, maar Raadslede het bedrag afgebring).

Al wat duidelik is uit al die getuienis, is dat die Raadslede wel gepoog het om die huurverhoging te probeer verduidelik het.

Ook het die Staat Raadslid Jokozela se getuienis aangebied dat hy op 5 Augustus 1984 in die hostel te Sharpeville 'n vergadering oor die huurverhoging gehou het en dat die inwoners tevreden was met sy verduideliking en dat daar nie teenkanting was teen die verhoging nie.

Vol. 48 p.2415.

3. Die vergadering van 12 Augustus 1984 te Sharpeville:  
Reeds op hierdie vergadering is besluit dat Raadslede moes bedank en dat die huurverhoging nie betaal sou word nie, nieteenstaande die feit dat die gehoor daarop attent gemaak was dat die verhoogde huurgelde aangewend sal word vir by-komende behuising (een van die klagtes in die Vaal was juis dat daar nie genoegsame behuising is nie).

Vol. 229 pp.12188 en 12189.

Die getuie V. Mbatyazwa weerspreek die gedagte dat hierdie vergadering (en dus ook die latere vergaderings van 19 en 26 Augustus en 2 September 1984 vergaderings is van die komitee van beskuldigde 3 se kerkraad - in vol., 332, p.18934 getuig dié getuie dat beskuldigde 3 verduidelik het dat die inwoners van Sharpeville gevra het vir die vergadering.

4. Vergadering 19 Augustus 1984 te Sharpeville

(a) Die Staat beweer dat op hierdie vergadering, waar beskuldigdes 1, 2, 3, 4 en 16 teenwoordig was, en waar beskuldigdes 1, 2, 3 en 16 toesprake gehou het, die Raadslede en stelsel <sup>stremend</sup> skreamend aangeval was, en beskuldigde 16 die gehoor openlik aangestig het tot geweldpleging en moord.

Vol. 24, p.1150-3

Vol. 27, p.1285

Vol. 27, p.1288 en p.1297/8.

(b) Die Staat beweer verder dat nog beskuldigdes 1, 2, 3 of 4 hul distansieer het van beskuldigde 16 se

gemelde optrede, maar dat hul hul eerder daarmee vereenselwig het.

Vol. 27, p.1287/8

Vol. 27 p.1297/8.

(c) Verder betoog die Staat dat beskuldigdes 1 en 2 nie in hul persoonlike hoedanigheid gepraat het nie; maar as lede van AZANYU en AZAPO want hul is as sodanig aan die gehoor voorgestel.

Vol. 26, p.1244

Vol. 220, p.11646

Vol. 230, p.12238

Vol. 230, p.12240.

(d) Dit word verder betoog dat ook Nozipho Mjeza op die vergadering die gehoor intimideer het om nie die verhoogde huur te betaal nie, want het sy gedreig, sulke mense sal gedood en hul eiendomme sal gebrand word.

Vol. 24, p.1156.

(e) Dit word ook betoog dat beskuldigde 1 die gehoor aangestig het tot geweld deur 'n beroep te doen op hul om raadslede "te maak om te bedank". Beskuldigde 1 sou ook die gehoor ingelig het dat die jeug sal "baklei" en dat die oumense dan die jeug moet volg.

Vol. 24, p.1155/6.

Die getuie Msimango wat deur die Verdediging geroep was, se getuienis oor die toespraak van beskuldigte 1 en 2 is teenstrydig met al die ander getuienis van beide die Staat en Verdediging.

Vol. 342 p.19491-94.

Msimango se getuienis oor wat deur wie gesê was op die vergadering is in die algemeen swak.

Sien vol. 342 p.19498, p.19503, p.19503-4.

(f) Beskuldigde 16 het ook tydens sy toespraak 'n kennisgewing t.o.v. die huurverhoging gevat, dit opgeskeur en die mense daarop gewys dat dit net so goed is as om die kennisgewing te verbrand.

Vol. 24, p.1153

Vol. 27, p.1285.

Die Verdediging het gepoog om die aanstigting deur beskuldigde 16 aan die gehoor om nie die huurverhoging te betaal nie (deur 'n kennisgewing stukkend te skeur) te verduidelik. As die volgende stellings en getuienis van die Verdediging vergelyk word, is dit duidelik dat die verduidelikings vals is:

Vol. 25, p.1230/1 (..... Beskuldigde 16 'n kennisgewing gehad waaruit hy kort, kort aangehaal het).

Vol.220, p.11642 (Beskuldigde 2 se getuienis)

Beskuldigde 16 het notas gehad vanwaar hy sy toespraak gemaak het).

Vol. 239, p.12699 (Beskuldigde 3) (Beskuldigde 16 het nie die nota uitgelees nie).

Vol. 316, p.18116 (Mjeza) (Beskuldigde 16 het 'n opgestelde papier gehad wat hy nooit na verwys het nie).

Vol. 341, p.19431 (Mokati) Beskuldigde 16 het 'n opgerolde papier in sy hand gehad waarna hy nooit verwys het nie).

Die getuie Mbatyawa het getuig dat beskuldigde 16 tussen die gehoor was en na vore geroep is om te praat op die vergadering - vol. 322, p.18944/5.

Dit is direk strydig met beide al die Staats- en ander verdedigingsgetuies - vol. 24, p.1150, vol. 25, p.1183, vol. 230, p.12218, vol. 276, p.15032.

- (g) Die Verdediging het probeer voorgedra dat beskuldigde 16 nie na geweld sou verwys het op die vergadering nie, want hy sou dan kwansuis gewaarsku gewees het d.m.v. 'n nota dat daar polisie op die vergadering is, maar as die getuienis t.o.v. die nota vergelyk word, is dit duidelik dat hierdie ook 'n stukkie fabriseerde valse getuienis is om beskuldigde 16 te beskerm:

Vol. 230, p.12231

Vol. 25, p.1172

Vol. 225, p.11938, p.11940 en 11941.

- (h) Om die feit dat beskuldigde 16 geweld gepredik het op die vergadering, te verdoesel, was beweer dat beskuldigde 16 sou gesê het o.a. dat die inwoners, as hul ontevrede is met die Raadslede, vir hul ander Raadslede moes kies.

Vol. 25 p.1200

Vol. 220 p.11643/4

Vol. 230, p.12232/3.

Dit is in die lig van beskuldigde 16 se betrokkenheid by SCA, wat die hele Raadstelsel nie slegs boikot nie, maar geheel en al verworp, totaal ongeloofwaardig - waarom sou hy hier die mense aanmoedig om ander Raadslede te verkies as hy die hele stelsel verworp?

- (i) Ook t.o.v. die Staatsgetuies se bewerings dat beskuldigdes 2 en 3 hul vereenselwig het met geweld, word dieselfde taktiek gevolg - daar word toegegee dat hul wel gepraat het op die vergadering, maar hul sou hoogstens net kritiek uitgespreek het teen die Raadslede.

Vol. 26, p.1249/8

Vol. 230, p.12238

Vol. 220, p.11650

(j) Daar was gestel dat beskuldigde 2 se mosie t.o.v.  
boikot van besighede oor gestem was onmiddellik na  
hy die mosie voorgestel het -

Vol. 26, p.1254/5

vol. 29, p.1400,

maar tog is getuig deur beskuldigde 2 dat daar nie  
oor die mosie gestem was nie en dit was ook nie  
bespreek nie -

Vol. 220, p.11653

Verder is getuig dat beskuldigde 3 dat beskuldigde 2  
nie verduidelik het waarom die Raadslede geboikot  
moes word nie -

Vol. 230, p.12241,

maar tog kom die verdediging en beweer ene Nana het  
gepraat op die vergadering ter steun van beskuldigde  
2 se mosie -

Vol. 231, p.12246.

Dit word betoog dat die hele kwessie van Nana se  
beweerde toespraak ingesleep word om te verdoesel  
oor wat Nozipho Mjeza sou gesê het - nl. dat mense  
wat wel by winkels koop, gebrand sal word - as dit  
so is dat almal heelhartig met beskuldigde 2 se  
mosie saamgestem het, waarom sal dit nou nodig wees  
vir Nana om ter steun van die mosie te praat, nà dit  
aanvaar is?

Vol. 24, p.1156

Vol. 27, p.1288

Vol. 29, p.1413

Ook is getuig o.a. deur beskuldigde 2 (Vol. 220, p.11653) dat Nana van die verhoog gepraat het, terwyl Mjeza getuig, sy sou vanuit die gehoor gepraat het (vol. 317, p.18133).

- (k) Die Verdediging het beweer dat daar op hierdie vergadering nie alleen melding gemaak is van die neem van sg. regstappe i.v.m. die huurverhoging deur die komitee nie, maar die kwessie van petisies is ook bespreek -  
vol. 231, p.12247.

Afgesien daarvan dat die Staatsgetuie Koaho ontken dat enigiets op die vergadering oor petisies gesê sou gewees het - (vol. 25 p.1226) - word betoog dat, indien die hof aanvaar dat daar wel op hierdie en latere vergaderings oor sg. petisies aangaande die huur gepraat was, dit gedoen was om 'n vals beeld voor te hou aan die massas dat hul besig was om ook op wettige wyses beswaar te maak teen die huurverhoging. Die getuie Mbatyazwa se getuienis oor die vergadering van 19 Augustus 1984, soos dit op vol. 332, pp.18943 - vol. 333, p.18975 voorkom, bevat etlike weersprekings van die ander verdedigingsgetuienis oor dieselfde vergadering.

Mbatyazwa ontken dat daar op die vergaderings wat hy bygewoon het, nl. dié van 12 en 19 Augustus 1984 oor 'n petisie gepraat is.

Vol. 333, p.18973.

Indien dit so sou wees dat beskuldigde 3 se komitee ernstig was met die idee van 'n petisie, of dat hul wel beoog het om iets daarvan te doen i.v.m. die huurkwessie, dan sal verwag word dat daar van die vorms voorgelê sou word as bewyse van hul erns met die petisie. Die stellings en getuienis oor die petisie wat deur die Verdediging gemaak en aangebied was, is eweneens vol teenstrydighede, soos infra uiteengesit word by behandeling van die getuienis t.o.v. die vergaderings wat op 26 Augustus 1984 en 2 September 1984 in Sharpeville gehou was.

Dit word dus respekkvol betoog dat, selfs al aanvaar die hof in die guns van die verdediging dat daar gepraat was op dié en latere vergaderings oor die opstel van petisies as protes teen die huurverhoging, dit gedoen was om die gehoor te mislei om sodoende die grootste hoeveelheid mense betrek te kry by die gebeure van 3 September 1984 en die aksie teen Raadslede.

Respekkvol word betoog dat op hierdie vergadering die gehoor d.m.v. die toesprake van o.a. beskuldigdes 1, 2 en 16 mobiliseer is om nie net die huurverhogings te verwerp nie, maar ook die hele stelsel van Swart Plaaslike Besture.

Ook is die massas opgesweep om die Raadslede as sulks te verwerp omdat die Raadslede die mense onderdruk.

Vol. 24, p.1155.

Dit word verder betoog dat die Staatsgetuies korrek is waar hul getuig het dat die gehoor opgesweep was deur wat beskuldigdes 1, 2 en 16 en Mjeza o.a. sou gesê het.

Vol. 24, p.1156/7 en

Vol. 27, p.1288.

Dit word gestaaf deur wat in bewysstuk AAQ7 beweer word, nl. dat dit 'n "emotionally charged meeting" van "angry" mense was.

Dit word verder betoog dat hierdie vergadering ook 'n besliste aanduiding is van die samewerking van AZAPO en AZANYU in die kampanje teen die Swart Plaaslike Besture - beskuldigdes 1 en 2 wat die organisasies verteenwoordig, het op die vergadering en beskuldigde 2, het ook op die latere vergadering van 26 Augustus 1984 weereens toesprake gemaak waarin die Raadslede veroordeel is.

By die gemeenskap is in iedergeval die idee tuisgebring dat hierdie 'n vergadering was waar AZAPO, AZANYU, UDF 'n aktiewe rol gespeel het - sien AAQ7.

5. Vergadering 26 Augustus 1984

Dit word respekvol betoog dat hierdie vergadering 'n voortsetting is van die mobilisasie van die massas teen die Swart Plaaslike Bestuur in Sharpeville.

Daar het geen Staatsgetuie getuig oor hierdie vergadering nie, maar slegs 'n aantal verdedigingsgetuies, waaronder beskuldigdes 2(3), Nozipho Mjeza.

- (a) Op hierdie vergadering, word betoog, is reeds verwys na die "stay away" wat vir 3 September 1984 beplan was -

Vol. 317, p.18157-63

Bewyssstuk V.31, p.

- (b) Dit blyk dat die Verdediging se poging om voor te gee dat beskuldigde 2(3) ook op hierdie vergadering "toevallig" gepraat het, (hy sou nl. deur Mjeza in opdrag van Hlubi na die verhoog geroep gewees het om te kom praat - sien vol. 220, p.11660, vol. 226, p.11999, word deur Mjeza ontken - vol. 317, p.18149.

- (c) Ook op hierdie vergadering was, aldus die verdediging, sprake van die sg. petisie t.o.v. die huurverhoging. Mjeza probeer die weergawe van die petisie staaf deur te getuig dat sy die name van die mense wat petisie vorms sou geneem het, neergeskryf het, waarna sy vir dié mense sou gesê het:

"Ons sal nou sien in die loop van die week of daar 'n vergadering gehou sal word of nie. Ek was self nie daarvan seker nie. Dit is wat ek aan hul gesê het" - vol. 317, p.18164. Mjeza huiwer nie om hierdie getuenis te weerspreek as sy daarop gewys word dat dit dan op die vergadering van 26 Augustus 1984 al bekend was dat 'n vergadering wel op 2 September 1984 gehou sal word - sien vol. 317, p.18165 en sien ook beskuldigde 3 se getuenis - vol. 226, p.12014. Beskuldigde 3 het ook getuig, vol. 226, p.12020-2 dat die handtekeninge wel op vergadering verkry is, maar Mjeza getuig glad nie hieroor nie. Sien ook Molati se getuenis, vol. 341, p.19446, dat op 26 Augustus 1984 se vergadering gesê is deur beskuldigde 3 dat daar weer 'n vergadering op 2 September 1984 sal wees.

- (d) Dit is die Staat se betoog dat indien die Hof wel bewysstuk V.31 aanvaar, dit ook duidelik is dat hierdie bande geensins 'n volledige maar intendeel, 'n saamgeflassde weergawe is van wat op die vergadering sou gesê gewees het (met uitlating van 'n hele klomp goed wat gesê was).

Onder andere, is dit van bewysstuk V.31 duidelik dat:

- (i) Daar besprekings en resolusies moes wees oor waar die geld heen is wat die Raadslede sou betaal het vir die drankwinkels". (p.3)

NB.

(ii) Toe 'n ou dame praat oor die feit dat kinders busse sou aangeval het met klippe, het beskuldigde 3 die gehoor o.a. ingelig: "I do not want to call it destruction it is not destruction because not mine. They are not what encourages the black nation to progress. Any way we know that the VTC is in the township to exploit the people", waarop die gehoor geantwoord het "It is true" en beskuldigde 3 toe voortgegaan het "Therefore those buses are not helping us with anything whether they burn I do not care, they are not mine, it is not my responsibility, they are not mine." - p.10.

(iii) Mokgema het die gehoor ingelig oor 3 September 1984 se planne - dit was toe al bekend dat daar 'n weg'bly-aksie sou wees en dit was voorsien dat mense sal wil gaan werk op dié dag en dan word verder aan die gehoor voorgehou t.o.v.

3 September 1984:

*Submissions*  
*Staaf Viljoen*  
*so getuigenis*  
*en geet standaard*  
*bus nie gevind*  
*verg 3/9/84*

"Now on that day in question these sneaks will board these buses or these taxis. All buses, taxis will be stopped from coming in here. Only when this issue shall have been discussed with those in authority can they come in to ferry people going to work." (p.15)

(e) Beskuldigde 2 het t.o.v. die petisie getuig dat daar wel 'n vorm rond gestuur is op die vergadering waarop handtekeninge versamel is.

Vol. 220, p.11665.

6. Vergadering 2 September 1984

6.1 (a) Getuie IC8 het getuig dat hierdie 'n vergadering was wat gehou was deur die VCA, COSAS en AZAPO.  
Vol. 16, p.770.

(b) Getuie IC8 verklaar dat op hierdie vergadering besluit is dat daar die volgende dag 3 September 1984 marsjeer sal word na Houtkop.  
Vol. 16, p.773.

(c) Beskuldigde 3 het die gehoor opgesweep teen die Raadslede en hul daarop gewys dat die Raadslede nou lank genoeg "op hul koppe gespeel het", en het toe verder die gehoor aangestig om van die Raadslede ontslae te raak en die hoë huur te boikot. Verder is die gehoor ingelig oor die opmars op 3 September 1984 na Houtkop.

Vol. 16, p.771-2.

(d) Kehla Mthembu van AZAPO het die vergadering toespreek oor die huurkessie en oor die wegblly-aksie op 3 September 1984. Verder het hy die mense ingelig dat hul nie bekommerd moet wees as hul, hul werk sou verloor of arresteer word nie, AZAPO sal vir die verdediging betaal. Kehla Mthembu het die mense ingelig dat van die mense op 3 September 1984

in die omgewing van beskuldigde 3 se kerk moet byeenkom terwyl andere in Seeisostraat byeen moet kom.

Vol. 16, p.773(a).

(e) Beskuldigde 2 het ook op hierdie vergadering gepraat en het die gehoor ingelig dat op 3 September 1984 niemand gaan werk nie, dat daar dan na Houtkop marsjeer word en die gehoor opgesweep om nie hul huishuur te betaal nie. Beskuldigde 2 het toe "Mabafe" ("Let them die") geskree waarna die gehoor emosioneel geraak het.

Vol. 16, p.773.

(f) Resolusies is op vergadering aanvaar tot die effek dat 3 September 1984 'n weg'bly-aksie uitgevoer sal word, dat daar na Houtkop marsjeer sal word en dat mense naby beskuldigde 3 se kerk in Sharpeville en in Seeisostraat sal byeenkom vir die mars.

Vol. 16 p.773(a).

6.2 Ook t.o.v. hierdie vergadering beweer die verdediging dat dit 'n vergadering was van 'n ad hoc-groep bestaande uit beskuldigde 3, Hlubi en Mjeza - 'n groep nou verbonde aan beskuldigde 3 se kerkraad in Sharpeville.

Vol. 23, p.1114.

- (a) Die verdediging ontken ook hier dat beskuldigde 2 dae voor die vergadering vir IC8 van die vergadering vertel het.

Vol. 23, p.1113.

- (b) Ook sou hierdie 'n vergadering gewees het anders as ander vergaderings - dit was nie 'n politieke vergadering nie, maar IC8 getuig dat hier ook vryheidsliedere gesing was, voete gestamp is soos by ander politieke vergaderings.

Vol. 23, p.1115-6.

- (c) Dit word betoog dat die weergawe wat die Verdediging probeer voorhou, nl. dat dit 'n vergadering was ge-inisieer deur 'n kerkraad, is om te probeer verdoesel dat AZAPO, VCA en COSAS saamgewerk het in die Vaal teen die Swart Plaaslike Bestuur. Tereg kan gevra word waarom Kehla Mthembu van AZAPO die vergadering kom toespreek het as dit 'n nie-politieke vergadering van 'n kerkraad was wat gehandel het oor plaaslike probleme? Ook kan gevra word wat het beskuldigde 2 op hierdie vergadering kom maak?

Vol. 23 p.1122 en 1127.

- (d) Die poging van die Verdediging om te ontken dat beskuldigde 2 die gehoor tot geweld opgesweep het, is vals.

Aan die eenkant word gestel dat beskuldigde 2 wel op die vergadering was, maar nie gepraat het nie (vol. 23, p.1122 en 1127), maar dan kom beskuldigde 2 en getuig hy het gepraat op vergadering en hy sou nou NANA se voorstel dat die weg'bly-aksie van 3 September 1984 ondersteun word, ondersteun het.

Vol. 220 p.11669.

6.3 Om by die getuienis van die Staat dat daar bespreek en besluit is om op 3 September 1984 'n weg'bly-aksie te loods en op te mars na Houtkop, verby te kom, het die Verdediging met 'n relaas vorendag gekom dat NANA na aan die einde van die vergadering 'n pamflet te voorskyn sou gehaal het, daarna sou verwys het, (bewyssstuk AN15(2)), en sou gevra het dat die oproep in die pamflet vermeld, (nl. die weg'bly-aksie en opmars op 3 September 1984 ondersteun word - vol. 23, p.1118.

Hierdie weergawe, as dit, soos deur die verskillende getuies verhaal is, ondersoek word, blyk, met respek vals te wees.

6.3 (a) Volgens beskuldigde 2 is geen besluit geneem wat op 3 September 1984 gedoen sal word i.v.m., die weg'bly-aksie en opmars nie, want hy het "gedink dit sal 'n goeie dag wees om met die Superintendent oor die huurverhoging te gaan praat".

Vol. 220, p.11673.

(b) Volgens beskuldigde 3 is daar nie vir die mense op die 2de September 1984-vergadering gesê wat hul op 3 September 1984 by die kerk sal gaan doen nie.

Vol. 227, p.12043.

(c) Beskuldigde 3 het nie vir die mense op 2 September 1984 gesê hul moet nie aan opmars deelneem nie.  
Vol. 227, p.12044-5.

(d) Dit was gestel dat die vergadering van 3 September 1984 by die kerk op besluit is "in order to decide what should happen collectively at Sharpeville".  
Vol. 23, p.1120 en 1131.

(e) Terwyl beskuldigde 3 getuig het - vol. 232, p.12333 - dat toe die pamflet van NANA genoem was, hy vir Mjeza en Hlubi gevra het of hul iets daarvan weet, ontken Mjeza dit.  
Vol. 317, p.18171-2.

(f) Terwyl beskuldigde 3 ook getuig het dat, toe NANA se pamflet ter sprake gekom het, hy van die gehoor wou weet waar die pamflet vandaan kom - vol. 232, p.12333), ontken Mjeza ook dit.  
Vol. 317, p.18172.

(g) Dit blyk dat Mjeza ook 'n leuenagtige getuie is, en hier word net na een aspek ter stawing verwys - Toe Mjeza gevra is waar haar gesprek met Moselane (beskuldigde 3) plaasgevind het na die vergadering van 2 September 1984, getuig sy: "Op pad vanaf die kerk tot by die hek van sy (besk.3) se woonplek het ons dit bespreek". Op die vraag "wie was dit?",

antwoord Mjeza dat dit sy, beskuldigde 3 en "n Derde persoon daar betrokke wat ek kan onthou was Peter (Hlubi)". Toe Mjeza daarop gewys word dat beskuldigde 3 anders getuig het, huiwer sy nie om haar weergawe aan te pas nie: "Wat ek bedoel is dat ons het saamgestap, die drie van ons, naamlik ekself, Peter en beskuldigde 3 tot by die hek. Dit was net die drie van ons bymekaar, maar ons is saam met hierdie vierde man Mosuoane in die huis in waar verdere gesprekke gevoer is. - vol. 317 p.18176 en sien ook die hof se kommentaar oor die getuie se manier om vrae te ontwyk.

Vol. 317 p.18178.

(h) Dit word betoog dat hierdie hele weergawe van die Verdediging dat NANA aan die einde van die vergadering die pamphlet AN15(2) tevoorskyn gebring het, vals is en gedoen was om Kehla Mthembu se oproep vir die wegblly-aksie en mars op 3 September 1984 te probeer verdoesel.

Vol. 220, p.11675.

(i) Dis uiterst eienaardig dat beskuldigde 2 wat die voorstel sou gemaak het dat die mense op 3 September 1984 by die kerk bymekaar moes kom, nie sou sê vir welke doel nie, en dus net so ongeloofwaardig dat niemand anders uitdruklik vir die gehoor sal sê wat hul op 3 September 1984 by die kerk moes kom maak nie.

Vol. 220, p11672/3.

6.4 Ten opsigte van die sg. petisie is daar eweneens teenstrydige weergawes deur die Verdediging voor die hof geplaas:

(a) Daar is gestel, vol. 23, p.1121 dat "on the 2nd, and indeed on Sundays before that ... people who attended these meetings signed petition forms", maar Mjeza het getuig dat daar nie petisievorms tydens dié vergadering geteken is nie.

Vol. 317, p.18170-1.

6.5 Msimango se getuienis m.b.t. die resolusies wat op die vergadering uitgelees sou gewees het, vol. 342 p.19504 bots met die verdediging se ander getuienis - vol. 227, p.12029. Ook bots Msimango se getuienis oor die uitwys van mense om petisies rond te neem vir ondertekening - vol. 342, p.19507, - met Mjeza se getuienis in vol. 277, p.12037.

Msimanga se getuienis oor wanneer AN15(2) ter sprake gekom het op die vergadering en wie iets daaroor te sê gehad het en/of besluite geneem, was daaroor, bots ook met die ander verdedigings getuienis (vol. 342, p.19510) sien ook vol. 220 p.11669 en vol. 232, p.12333 vir verdere teenstrydighede.

Msimanga se getuienis soos in vol. 342 p.19513 vervat, bots met beskuldigde 2 se getuienis vol. 227, p.12043 en die stellings in vol. 23, p.1120 en 1131 deur die Verdediging gemaak.

## 7. Gebeure 3 September 1984 te Sharpeville

Die Verdediging het in hierdie saak hul verweer t.o.v. die verskillende dade van geweld baseer op die volgende:

(a) Dat die geweld wat ontstaan het spontane reaksie was van die gemeenskap waarmee UDF, AZAPO en hul geaffilieerde niks te make het nie; of

*geen  
subwene* (b) Dat die geweldpleging 'n reaksie was op geweldpleging deur die polisie, 'n soort van "selfverdediging" teen die veiligheidsmagte.

'n Tweede algemene aspek wat vermeld behoort te word, is die talle stellings wat deur die Verdediging gemaak is oor gewelddadige optrede waaraan die Polisie hul skuldig gemaak het, maar wat of nie realiseer het in die aangebode getuienis nie, of wat weerspreek is deur die verdediging se eie getuies.

Hierby kan nog gevoeg word die talle gevallen waar die verdedigingsgetuies mekaar weerspreek het oor sekere dade van geweld.

7.1 Ten opsigte van die geweldpleging in Sharpeville betoog die Staat en is dit bewys dat -

7.1.1 Die getuie Schlebusch het getuig dat hy die nag van 2-3 September 1984 die drankpersele van die Administrasieraad moes patroleer en in die loop van sy patrollie het hy pad-

versperrings naby die VUKA en die MAFUBE drankwinkels aange-  
tref - vol. 70, p.3711 en 3713. Naby Mafube drankinkel is hy  
ook onder die klippe gesteek.

Vol. 70, p.3715.

7.1.2 A/O Coetzee het getuig dat hy ongeveer 1h00 op  
3 September 1984 na Sharpeville is vanaf Bophelong en hy't  
gevind dat die strate versper was met motor wrakke, ens.

Vol. 68, p.3575.

Ook het A/O Coetzee getuig dat hy 'n huis van 'n polisie beampie  
verbonde aan die veiligheidspolisie in die nag aangesperr het  
wat aan die brand gesteek was - vol. 68, p.3576.

Dit was nooit in kruisverhoor ontken dat die paaie versper was  
soos Coetzee getuig het nie.

7.1.3 Getuie Bruyns het getuig dat hy ongeveer 2h00 op 3  
September 1984 na Sharpeville is en gevind het dat padver-  
sperrings aangebring was asook dat 'n sekere huis aan die brand  
was. Tydens sy patrollie in Sharpeville het hy gevind dat die  
paaie versper was, is sy voertuig sporadies aangeval deur  
groep met klippe en dat van die persone in die groep aan-  
vallers UDF en AZAPO T-hemde gedra het - vol. 68 p.3619-21.

Ook hier was geen geen ontkenning deur die Verdediging in kruisverhoor dat die paaie versper was en oor die aanvalle op die polisie nie.

7.1.4 A/O Vosser het getuig dat hy om 6h00 op 3 September 1984 met sy voertuig in Seeisostraat patroleer het. Naby 'n bushalte in Seeisostraat vind hy ±300 Swartes gewapen met o.a. stokke.

Sy voertuig word by bushalte aangeval en hy moes onttrek van patrollie. Op die stukkie pad wat hy gery het in Seeisostraat het hy geen padversperrings aangetref nie.

Vol. 69, p.3647.

7.1.5 Raadslid Mofokeng het getuig dat hy te Matsamengstraat 1150 Sharpeville woon. Toe hy dieoggend van 3 September 1984 opstaan, is sy huis omsingel deur 'n groep mense wat dit met klippe aangeval het, waarna Mofokeng gevlug het.

Vol. 49, p.2460 en p.2474.

Raadslid Mofokeng getuig dat hy reeds voor 3 September 1984 telefoniese dreigemente ontvang het.

Vol. 49, p.2476-7.

7.1.6 Brigadier Viljoen het getuig dat hy om 6h05 gevra is om hulp in Sharpeville en dat hy ± 6h20 in Sharpeville aangekom

het. Hy het opdrag gegee dat busse onttrek moet word en het gevind dat die paaie versper was.

Vol. 63, p.3360-63.

Ook het die getuie Viljoen getuig dat groepe die ~~polisie~~ aangeval het met klippe.

Vol. 63, p.3362.

Van die skare wat in Seeisostraat aangetref is, was geklee in UDF-, COSAS-, RMC-, AZASO- en AZAPO-T-hemde.

Viljoen getuig verder dat hy by 'n groep plakkate in Seeisostraat aangetref het met die bewoording: "Kill Dhlamini", "Away with high rents", "Councillors must resign", en "We follow Moselane". Van die mense in Seeisostaat was met kieries en klippe gewapen.

Vol. 64, p.3364/5 en

Vol. 65, p.3435.

Om 7h30 het hy berig ontvang dat Raadslid Dhlamini se huis aangeval word.

Vol. 64, p.3364.

Viljoen getuig dat hy met die systrate in Sharpeville na Dhlamini se huis is en gevind het dat dié was ook plek-plek versper.

Vol. 64, p.3365-6.

Tydens die kruisverhoor van die getuie Viljoen vind ons een van die stellings oor sg. polisie-geweld wat nooit deur Verdedigingsgetuies gestaaf was nie - vol 65, p.3422. (Die Polisie sou naamlik persone, wat besig was om andere in strate te correed om die wegblly-aksie vir 3 September 1984 te steun, aangerand het).

7.1.7 Michael B Sekobane het getuig dat hy die nag van 2-3 September 1984 in sy broer, 'n Raadslid, se huis geslaap het.

Om ongeveer 7h00 op 3 September 1984 het 'n skare die huis aangeval en dit, tesame met 'n voertuig van Raadslid Sekobane aan die brand gesteek. Die polisie het die getuie kom bevry.  
Vol. 72, p.3850/2.

Dié getuienis is nie in kruisverhoor betwiss nie.

7.1.8 Die getuie Niemand het getuig dat hy om 7h20 in Seeisostraat afgery het van die Administrasiekantore na die polisiestasie.

Seeisostraat was versper met stukke van busterminusse, skoolbanke, rommel, beton en verkeerstekens. Langs die pad is sy polisievoertuig deur groepe aangeval met klippe.  
Vol. 70, p.3726/7.

Niemand getuig dat hy in Semestraat afgery het en in Hulwane-straat 'n groep van ±350, gewapen met stokke, klippe en pype, waar party persone in UDF- en COSAS-T-hemde geklee was, hom aangeval het.

Vol. 70, p.3727/8.

Seme- en Hulwanestrate het ook padversperrings in gehad.

Vol. 70, p.3728.

7.1.9 Getuie S Maile het getuig dat hy langs Raadslid Dhlamini woonagtig was in Sharpeville.

Om ± 7h30 op 3 September 1984 was hy op sy erf en hy sien hoe 'n groep van +100 mense in die pad aankom terwyl hul skree en met vuiste in die lug loop.

Toe die groep voor Dhlamini se huis gaan staan, sien hy dat die voorstes met klippe en bakstene gewapen was en toe is die huis van Dhlamini bestook en later aan die brand gesteek.

Dhlamini se voertuig is ook uit die garage geneem en aan die brand gesteek in die straat. Dhlamini het probeer vlug, maar is gegooi met klippe en toe doodgeslaan. Uiteindelik is petrol oor Dhlamini uitgegooi en sy liggaam is verbrand.

Vol. 127, p.6403-9.

Dié getuienis word gestaaf deur ..... Mokati.

Vol. 341, p.19451-3.

7.1.10 Raadslid Mofokeng (par. 7.1.5 supra) se getuienis word gestaaf deur getuie E Modise wat getuig dat Mofokeng se huis tussen 8-9h00 op 3 September 1984 aangeval deur 'n groep singende mense, wat toe uiteindelik die huis aan die brand gesteek het na die polisie hul aanvanklik verjaag het, maar toe weer teruggekom het toe die polisie die toneel verlaat het.

Vol. 72, p.3831-3.

7.1.11 Sersant Riekert het getuig dat hy om 9h30 op 3 September 1984 in Seeisostraat patrollie gedoen het en gevind het dat die pad oral versper was. Hy het ook 'n motorhawe teëgekom in Seeisostraat wat afgebrand en geplunder was.

Vol. 68, p.3589/0

Sy getuienis was nie in kruisverhoor betwiss nie.

7.2 Die Verdediging het 'n aantal getuies geroep om die Staatsgetuies te weerspreek en skynbaar aan te toon dat Seeisostraat, Sharpeville se hoofstraat, glad nie versper was soos die Staat beweer nie, dat die mense nie die Polisie aangeval het soos die Staat beweer nie, maar dat die Polisie inderdaad die "aanvallers" was en dat wat na 11h00 op 3 September 1984 gevolg het (klipgooiery en padversperrings) niks anders was as verdediging deur die inwoners teen die polisie se aanvalle.

Vol. 356, p.20420

Vol. 363, p.20947.

Die Verdediging se getuies het mekaar, in die poging om die Polisie of Veiligheismagte die aggressors te maak, wesentlik weerspreek, en afgesien van die inherente ongeloofwaardigheid wat die Verdedigingsweergawe, kan die Hof met respek, nie die weergawe, (of meer korrek, weergawes), van die Verdediging aanvaar nie vanweë die teenstrydighede in die verskillende verdedigingsgetuies se weergawes.

Die Staat sal hieronder die teenstrydighede aanmerk, wat na die Staat se oordeel wesentlik is.

Al die Verdedigingsgetuies wat oor die gebeure van 3 September 1984 in Seeisostraat getuig, beweer dat die Polisie wat verantwoordelik is vir die geweld, ongeveer 8h00 opgedaag het in Seeisostraat.

(a) Getuie Khambule het getuig dat die Polisie om -

(i) ± 8h00 vanaf Putsoastene se rigting gekom het met 'n geel "coaster", geel "F-moed" bakkies en dat die Polisie uit die bewegende voertuie traanrook skiet.

Vol. 355, p.20390.

(ii) Verder getuig hy dat daar van ± 6h10 polisie- manne, waarby hy geen gewere gesien het nie, afgelaai was op die eiland in Seeisostraat.

Vol. 356, p. 20405

(iii) Tot 6h30 toe Khamhule in huis in is, was daar normale verkeer in Seeisostraat en het mense by bushaltes en taxi-haltes gestaan.

Vol. 355, p.20387 en vol. 356, p.20405.

(iv) Khambule getuig nie dat die Polisie om 8h00 enigeen in Seeisostraat sou geslaan het met sambokke nie.

(b) Die getuie Agnes Dipitso getuig dat die polisie om ongeveer 8h00 vanaf -

(i) Administrasieraadskantore gekom het in donker-groen hippo-voertuie en dat die Polisie die mense, ook verpleegsters in uniform, met traan-rook sou geskiet het.

Vol. 364 p.20965, p.20977, p.20973 en p.20967.

(ii) Sy sou twee polisiemanne op die eiland in Seeisostraat gesien het.

Vol. 364, p.20964.

(iii) Sy getuig, anders as Khamhule, dat Seeisostraat absoluut stil was, dat daar geen verkeer hoegenaamd was nie.

Vol. 364, p.20964.

- (iv) Dipitso getuig nie dat die Polisie enigeen met sambokke in Seeisostraat sou geslaan het nie.
- (c) Mevrou M M Mbutuma het getuig dat die Polisie om ongeveer 8h00 op 3 September 1984 -
- (i) Vanaf administrasieraadskantore gekom het,  
verby gery (niks gemaak het nie), en toe  
teruggekom het vanaf polisiestasie se rigting  
met baie bakkies en skiet traanrook op mense en  
jaag mense met sambokke in strate.  
Vol. 363, p.20944.
- (ii) Mbutuma getuig dat die Polisie op eiland in Seeisostraat gewapen was met gewere.  
Vol. 363 - p.20941.
- (iii) Sy getuig verder dat na 6h15 was daar geen verkeer en geen mense by bushaltes nie.  
Vol. 363, p.20941.
- (iv) Anders as die ander getuies getuig sy dat die Polisie van die "baie bakkies" afgeklim het en mense met sambokke gejaag het.  
Vol. 363, p.20944-5.
- (d) Die getuie M D Marobe getuig dat sy om ongeveer 8h00 op 3 September 1984 polisie gesien kom -

(i) vanaf administrasieraadskantore se rigting met  
'n "lemon" bus, 'n blou bus, en 20-25 groot oop  
bruin vragsmotors.

Vol. 367, p.21148, p.21157.

(ii) Die Polisie op eiland was gewapen met gewere  
Vol. 367, p.21146.

(iii) Sy getuig dat daar geen busse, taxi's en  
privaatvoertuie was in Seeisostraat nie.  
Vol. 367, p.21167.

(iv) Sy getuig, anders as al die ander getuies, dat  
die Polisie nie net om ongeveer 8h00 traanrook  
geskiet het en met sambokke die mense gejaag en  
geslaan het nie, maar ook die mense met dons-  
hael geskiet het.

Vol. 367, p.21148.

(e) Die getuie Nhlapo het getuig dat hy te S328 Sharpe-  
ville woon en op 3 September 1984 om 6h00 wakker  
geword het a.g.v. groot geraas van mense, hy ook  
traanrook geruik het en die kinders hom ingelig het  
dat dit 'n "stay-away" is en niemand werktoe gaan  
nie.

Vol. 334, p.19080.

*getuens  
Dit was speek vir Ekens  
andie vry -  
dat daar vry -  
af en vir  
van die  
Gang was*

Om 8-9h00 was die "deurmekaarspul" baie erger en was daar hoë rookkolomme van plekke wat brand en daar was ook skote geskiet.

Vol. 334, p.19081.

- (f) Meneer Msimango, van die Verdediging wat te S1177 Vukuzenzele, Sharpeville woon, staaf dat daar om 6h20 op 3 September 1984 padversperrings in die straat naby sy huis opgemerk.

Vol. 342, p.19517.

Verder bevestig Msimango dat daar ongeveer 8h30 - 9h00 reeds geweldpleging was, deurdat 'n groep sy motor in die pad omgekeer het.

Vol. 342, p.19519.

- (g) Al die getuies wat t.o.v. Seeisostraat vir die Verdediging *Graaf net* ontken natuurlik dat daar padversperrings was of enige skares in die straat wat oproerig was.

Dit word betoog dat, in die lig van die wesentlike teenstrydigheide in die getuenis van voormalde verdedigingsgetuies die hof hul getuenis nie kan aanvaar nie en word betoog, met respek, dat die Staat bewys het dat daar padversperrings reeds baie vroeg op 3 September 1984 in Seeisostraat aangebring was (en ook in die systrate), en dat geweldpleging ook reeds van vroeg af teen die Polisie patrollies gepleeg was.

Wat die hof duidelik, met respek, behoort te verwerp, is die inherent onwaarskynlike weergawe dat die Polisie, vir geen rede, vreedsame werkers wat op pad na hul werk is, selfs verpleegsters in uniforms, sal aanval met traanrook, sambokke en donshael op hul sal skiet.

8. Ook uit die publikasies blyk dit dat UDF en VCA aktief in Sharpeville georganiseer en die massas mobiliseer het vir deelname aan veral die kampanje teen die Swart Plaaslike Besture.

8.1 Beweysstuk W.2, p.4 - Speak gedateer Maart 1985

Hierdie publikasie wat deur 'n aktiewe ondersteuner van UDF, en 'n organisasie wat erken word 'n geaffilieerde van UDF te gewees het, uitgegee word, haal M Marobe van UDF aan waar hy die inwoners "salute" vir hul "courage and determination" in die huurstryd wat volgens hom prysenswaardig lank voortduur. "Never before in the history of our struggle has a rent boycott lasted for long". (kolom 1) Hierdie is natuurlik 'n goeie aanduiding van wat UDF eintlik met die opneem huur as 'n strydpunt bedoel - dis deel van die "struggle" en UDF stel glad nie belang in die tydige oplossing van die probleem nie dis natuurlik ook duidelik wat bedoel word met die oplossing van 'n probleem as UDF en sy affiliale die term gebruik - daar moet net eenvoudig toegegee word aan die eise wat gestel word, niks minder as dit is aanvaarbaar nie.

8.2 Bewyssstuk W.24, p.3: UDF News van Oktober 1983:

In kolom 1 word verklaar dat UDF sprekers tydens werkswinkels en massa-vergaderings o.a. in Sharpeville, die massas "ingelig" het omtrent die Swart Plaaslike Besture. Dis duidelik hiervolgens dat die massas mobiliseer is om dié stelsel te verwerp en nie aan die November 1983-verkiesings deel te neem nie. Ook word in kolom 2 die Regering se behuisingsbeleid en konskripsie veroordeel.

8.3 Bewyssstuk W.42: UDF News Oktober 1984

Hieruit blyk dit duidelik, onder die titel "Vaal Residents demand lower rents" dat UDF hom vereenselwig met die geweldpleging in die Vaal waar hy verkondig dat "Our people in the Vaal townships of Sebokeng, Boepaleng Evaton and Sharpeville have won a great battle against rent increases, and also succeeded in forcing some of the Councillors to resign from the Dummy Council" (my onderstrepung).

Van die eise wat in dieselfde artikel weergegee word en wat sg. op 3 September 1984 na die kantore geneem sou word, word natuurlik glad nie bevestig deur enige getuies in hierdie saak nie, en is h aanduiding van hoe UDF deur sy valse propaganda nie slegs sy eie beeld probeer verbeter nie, maar ook die "onbillikhed" van die Regering en regeringsliggame gebruik om die massas op te sweep teen die Regering.

Ook onder die opskrif "People on all fronts say Apartheid must end" word die massas opgesweep tot geweldpleging deur UDF en word die geweldpleging en moorde in die Vaal goedgepraat as synde deur die Regering op hul afgedwing.

8.4 Bewysstuk W.60: UDF publikasie Repression in a time of reform:

Op p.24 verklaar UDF dat die huurverhogings beveg is in die Vaal nadat VCA, VOW, COSAS, AZAPO, UDF, OVGWA, EAWU en die sg. Sharpeville anti Rent Committee bymekaar gekom het vir daardie doel. Dit is 'n duidelike erkenning van die samewerking deur hierdie liggame in die Vaal.

8.5 Bewysstuk AB.5: UDF - Memo geskryf deur Beskuldigde 19, gedateer 21 Jauarie 1985:

Hiervolgens, betoog die Staat, is dit duidelik dat UDF aktief was in die skole-boikotkwessie, en was UDF bewus van die posisie in die Vaal. Verder blyk dit dat, na hul bepaal het dat geweld van 'n groter omvang waarskynlik is as nie toegegee word aan die skoliere se eise nie, UDF nogtans beplan om hul kampanje te intensifiseer as nie toegegee word aan die eise van die skoliere nie. ("The students are on the threshold of victory and that has shown I not be allowed to slip out of our hands")

8.6 Bewysstuk AZ.2:

Soos blyk uit die uitnodiging na 'n algemene vergadering van AZAPO, was daar aktiewe takke van die organisasie te Sharpeville.

*Substantiel*

8.7 Dit word respekvol betoog dat uit die dokumente dit duidelik is dat UDF en sy affiliale aktief in veral die kampanje teen die Swart Plaaslike Besture georganiseer en mobiliseer het en dat AZAPO aktief hiermee saamgewerk het. Dit word betoog dat die sg. Sharpeville Anti-Rent Committee nie 'n kerk-geïnisieerde liggaam was nie, maar 'n liggaam wat in Sharpeville opgetree het soos deur AZAPO en VCA geïnisieer.

Verder word betoog dat die geweldpleging en moord wat in Sharpeville uitgebreek en gepleeg was, die direkte gevolg was van die maandelange organisering, mobilisering en oproeping van die Swart massas teen die Regering en Regeringsinstellings soos veral die Swart Plaaslike Besture.

## BOIPATONG

### 1. Algemeen

1.1 Mohapi het getuig oor die gebeure voor 26 Augustus 1984 as volg:

Op 9 Augustus 1984 het hy sy suster gestuur om huur te betaal - Vol. 39, p. 1788. Hy het beskuldigde 11 ontmoet op die straathoek en dié het hom gesê hy kom van Sharpeville waar hy 'n vergadering bygewoon het oor huur. Hy het gesê dit word verwag dat hul moet in Boipatong 'n komitee stig - beskuldigde 11 het dit afgelei van gesprekke by die vergadering - Vol. 39, p. 1788. Beskuldigde 11 het gesê hul moet op 15 Augustus 1984 by sy huis bymekaar kom. Op 15 Augustus 1984 by beskuldigde 11 se huis is die vergadering gehou en 'n komitee is gekies: Totso - lid, Balfour - voorsitter, P Mohapi - vise-voorsitter, beskuldigde 11 sekretaris en Mohau Motaung - lid. Die komitee was bekend as Boipatong Resident's Committee - Vol. 39, p. 1789. Dis gesê op die vergadering dat die komitee die gemeenskap by Raadslede moet verteenwoordig oor die kwessie van huurgelde - Vol. 39, p. 1791. Op 15 Augustus 1984 se vergadering is besluit om 'n massavergadering by die Anglikaanse Kerk, Boipatong te hou en beskuldigde 11 het gesê hy moet beskuldigde 3 daaroor gaan spreek. Dis besluit dat pamphlette gemaak versprei word om die vergadering te adverteer. Beskuldigde 11 het gesê hy sal pamphlette bekom - Vol. 39, p. 1792. Geen melding is gemaak oor koste van die pamphlette nie - Vol.

39, p. 1793. Op 22 Augustus 1984 is 'n komiteevergadering gehou. Al die komiteelede was teenwoordig by beskuldigde 11 se huis. Beskuldigde 11 het gesê hy het toestemming gekry vir die gebruik van beskuldigde 3 se kerk vir die massavergadering van 26 Augustus 1984. Beskuldigde 11 het gesê pamflette sal versprei word. Dis besluit dat lede van die komitee sal sprekers wees en almal sou oor huurgelde praat - Vol. 39, p. 1793/4. Op 24 Augustus 1984 is pamflette afgelewer by sy huis in sy afwesigheid. Die pamflette het die vergadering van 26 Augustus 1984 adverteer. Hy het ± 15 gekry en het 'n skoolkind dit laat versprei in Boipatong - Vol. 39, p. 1794.

1.2 Beskuldigde 11 het getuienis gelewer oor die algemene organisasie en agtergrond tot die gebeure wat in Boipatong in September plaasgevind het:

1.2.1 Hy bevestig die feit dat Johny Motete (die Sekretaris van VCA) ook lid van Bophelong Youth Association was. Vol. 212, p. 11225.

1.2.2 Beskuldigde 11 se getuienis dat die organisasie Boipatong Youth Organisation, wat hy inisieer het, nooit 'n "established and viable" organisasie was nie (Vol. 213, p. 11230-2), is vals as in gedagte gehou word dat dié organisasie wat in Januarie 1984 gestig is, in Februarie 1984 nog gedien het op 'n sogenaamde Vanderbijlpark Joint Committee en definitief nie voorgegee het aan die buitewêreld dat nie "viable" is

nie - daar was hul, in bewysstuk AN 9, nog deel van 'n groep wat met "drastic action" gedreig het. So ook het hul bewysstuk AN 10 ongeveer Mei 1984 uitgereik en ook daar die Administrasieraad gedreig met aksie.

Vol. 213, p. 11243-4.

1.2.3 Beskuldigde 11 se getuienis van hoe dit gekom het dat hy Wilgespruit se jeugkongres van 14 Januarie 1984 bygewoon het en hoe hy gekies is as een van 6 op 'n komitee om 'n semi-naar te reël, Vol. 213, p. 11234-8, is uiterlig ongeloofwaardig. Sien ook Vol. 214, p. 11296 - 11381.

1.2.4 Beskuldigde 11 bevestig ook dat Jabulani Patosi wat die VCA se Boipatong-verteenwoordiger was, Boipatong Civic Association gestig het onder VCA se beheer.

Vol. 213, p. 11242.

1.2.5 Verdere bewys van die samewerking van die VCA met Boipatong se sogenaamde Resident's Committee en die feit dat hul en UDF dieselfde ideologie aanhang, blyk uit die bevestiging van beskuldigde 11 dat Edward Tsipa Motubatsi M.S.C.-vorms aan hom gegee het om op te plak en handtekeninge daarvoor in te samel.

Lees  
Saam  
met  
volg  
blaw

Vol. 213, p. 11245-6 en Vol. 214, p. 11430-2 en bewysstuk AT 13, waarin die name van persone wat die vorms gekry het, aangeteken is.

*Eubby. Du' organisasie van  
Eubby was toe vir ander  
VCA +*

1.2.6 Beskuldigde 11 bevestig Peter Mohapi se getuienis ten opsigte van hul ontmoeting, die vergadering van 15 Augustus 1984 en die besluite op dié vergadering.

Vol. 213, p. 11250-2.

1.2.7 'n Verdere bevestiging van die samewerking wat tussen VCA en die sogenaamde Boipatong Residents Organisation bestaan het, is die feit dat Esau Raditsela van VCA gevra is om 'n VCA-spreker te nooi vir die vergadering van 26 Augustus 1984 te Boipatong - Vol. 213, p. 11253. Ook was Veronica Mbongo, lid van Bophelong Civic Association, genooi as spreker na dié vergadering.

Vol. 213, p. 11253.

1.2.8 Dit word betoog dat die hele idee wat die verdediging probeer weergee het, naamlik dat die sogenaamde Boipatong Residents Committee onafhanklik van VCA sou wees, is vals - dit word bevestig deur bewyssuk AT 5 - die pamflette vir die vergadering van 26 Augustus 1984 is in die naam van VCA uitgegee.

1.2.9 Beskuldigde 11 erken ook dat hy AT 2, wat die UDF Youth Rally van 28 Julie 1984 adverteer en AT 3 "Sign the UDF Declarations" van Edward Motubatsi gekry het wat hy op sy versoek opgesit het in Boipatong.

Vol. 214, p. 11427-9; Vol. 214, p. 11436.

1.2.10 Beskuldigde 11 erken dat hy in die vryheidstryd is vir die daarstelling van 'n regering ooreenkomsdig die bepalings van die Freedom Charter.

Vol. 216, p. 11454-5.

1.2.11 Beskuldigde 11 se pogings om te verduidelik waarom hul op 15 Augustus 1984 se vergadering besluit het om sprekers van buite Boipatong te nooi na die vergadering van 26 Augustus 1984, is ongeloofwaardig en hy het duidelik gesukkel om dit te verduidelik. Respektvol word betoog dat dié poging om Esau en Edith se teenwoordigheid te verduidelik (op die 26 Augustus 1984-vergadering), nie opgaan nie.

Vol. 217, p. 11470-2.

1.2.12 Beskuldigde 11 se verduideliking oor hoekom Veronica Mbongo van Bophelong Civic Association gevra is om te praat op die 26 Augustus 1984-vergadering, is ongeloofwaardig en hy weerspreek homself hieroor.

Vol. 217, p. 11472 en p. 11477.

1.3 Themba Ngwenya het getuig dat die Raadslede in 1984 op 'n vergadering sou gesê het dat hul nie die huur sal verhoog nie - Vol. 385, p. 22338 - maar gee hy toe in kruisverhoor, hy weet dat die inwoners daarna versoek het dat sekere verbeterings in die woongebied aangebring moet word en dat die inwoners toe gesê is dat die huur daarom verhoog word om dié dienste te kan verskaf.

Vol. 386, p. 22349-51.

*Submissie F 15*

2. Vergadering van 26 Augustus 1984

2.1 Mohapi het getuig dat hy die vergadering van 26 Augustus 1984 bygewoon het en toe hy opdaag, was die vergadering reeds aan die gang - Vol. 39, p. 1794. Mohapi het voor by die tafel gaan sit by Edith, Sotso, beskuldigde 11 Bapi en nog een wie se naam hy vergeet het (Esau, p. 1797). Sotso was besig om te praat en het gesê hul moet nie verhoogde huur betaal alvorens 'n gesprek gevoer is of die vergadering bygewoon was te Houtkop met Raadslede nie - Vol. 39, p. 1795/6. Sotso het gepraat oor Raadslid Mpondo en skooluniforms wat verander word. Sotso het toe gesê hy gaan na 'n ander vergadering te Bophelong en is weg - Vol. 39, p. 1796. Beskuldigde 11 het toe gepraat en ook gesê mense moet nie huurverhoging betaal voor vergadering met Raadslede gehou is nie. Beskuldigde 11 het gesê as Raadslede nie verstaan dat verhoogde huur verminder moet word nie, moet hul besighede geboikot word - Vol. 39, p. 1796. Beskuldigde 11 het ook gesê Raadslede moet bedank. Mohapi was toe die volgende spreker en het ook gesê hul moet nie verhoogde huur betaal voor vergadering met Raadslede te Houtkop nie - Vol. 39, p. 1797. Esau het toe gepraat en gesê hy hoor niks van 'n "stay away" nie, by die vergadering te Sebokeng was op "stay away" besluit vir 3 September 1984. Hy het gesê hul het briewe aan busvervoer gerig dat geen busse en geen taxi's sal loop op 3 September 1984 nie. Winkels sal ook toe wees op 3 September 1984. Esau het gesê op 3 September 1984 sal hul na Houtkop marsjeer waar Raadslede ontmoet sal word om oor huur te praat - Vol. 39, p. 1797/8. Na Esau het Edith gepraat en gesê vroue moet ook 'n komitee stig want hul kry ook baie swaar - Vol. 39, p. 1798. Die volgende resolusies is aanvaar:

- (a) Op 3 September 1984 word marsjeer van vierkant na Houtkop;
  - (b) nie verhoogde huur betaal nie;
  - (c) Raadslede moet bedank as hul nie huur wil verlaag nie;
  - (d) daar sal geen openbare vervoer wees op 3 September 1984 nie;
  - (e) geeneen sal skool toe gaan op 3 September 1984 nie.
- Vol. 39, p. 1800.

Daar was gesing op die vergadering:

- (1) Seyaya Epitole;
- (2) Nkosi Sikhelele I Africa;
- (3) een oor Tambo.

'n Verkiesing is gehou op die vergadering en nog 2 lede is gekies, eneile Mbai en Piet Mbongo.

2.2 Beskuldigde 11 het ook oor die vergadering van 26 Augustus 1984 as volg getuig:

2.2.1 Hy getuig dat Tsotso op die vergadering gebly het nadat hy sy toespraak gehou het.

Vol. 213, p. 11260.

2.2.2 Beskuldigde 11 se getuienis verskil van Mohapi s'n deurdat hy beweer dat Edith na beskuldigde 11 Tsotso se toespraak vertolk het, en dat Edith sou verwys het na 'n

vergadering waar sy te Sebokeng op 25 Augustus 1984 gehoor het dat op 3 September 1984 'n weg'bly-aksie geloods sal word.  
Vol. 213, p. 11261.

2.2.3 Verder verskil beskuldigde 11 se getuienis van dié van Mohapi deurdat beskuldigde 11 beweer Spokes Mbele sou voorgestel het daar moet 'n protesoptog wees op 3 September 1984, terwyl Mohapi beweer Esau Raditsela het dié voorstel gemaak.  
Vol. 213, p. 11265.

*VCA /  
BKC  
Lamb*  
22.4 Volgens beskuldigde 11 het Esau Raditsela op versoek van beskuldigde 11, 'n pamflet vir verspreiding gedruk, AT 12, waarin die resolusies van die vergadering vervat is - Vol. 213, p. 11269. Dit bevestig weereens die samewerking tussen die sogenaamde Boipatong Residents Committee en VCA.

2.2.5 Volgens beskuldigde 11 is daar eers dieoggend van 26 Augustus 1984 besluit dat daar vroue- en jeugverteenvoerders as sprekers op die vergadering moet wees - dis hoogs ongeloofwaardig.

Vol. 217, p. 11475-7.

2.2.6 Beskuldigde 11 se getuienis oor Tsotso se toespraak en die feit dat hy nie verduidelik het hoe gevra sal word raadslede moet bedank nie, wanneer dit gevra sal word nie, wie dit sal vra en wat sal gebeur as raadslede weier nie, is eweneens ongeloofwaardig.

Vol. 217, p. 11490.

2.2.7 Beskuldigde 11 kon nie onthou of Mohapi 'n toespraak gemaak het op die vergadering nie.

Vol. 217, p. 11507.

2.2.8 Alhoewel die vergadering belê was volgens beskuldigde 11, om die inwoners van Boipatong se gevoel te toets oor die huurkwessie, is nie 'n enkele een geleentheid gegee om iets te sê hieroor voor resolusies voorgestel is nie.

Vol. 217, p. 11511-2.

2.2.9 Beskuldigde 11 beweer dat op dié vergadering besluit is dat die komitee (almal) van Boipatong hul griewe sal gaan oordra by Houtkop; tog getuig hy verder dat daar later besluit is op 2 September 1984 te Small Farms se Rooms Katolieke Kerk, dat van die hele komitee net beskuldigde 11 en Sotso die griewe van Boipatong sou gaan oordra - toe word al die inwoners se mandaat ignoreer en hul neem hul eie besluit oor wie te Houtkop 'n memorandum sou gaan oorhandig.

Vol. 217, p. 11516.

2.2.10 Beskuldigde 11 se verduideliking oor hoekom daar slegs aan VTC geskryf is dat 'n wegblly-aksie op 3 September 1984 geloods sal word, is eweneens ongeloofwaardig.

Vol. 217, p. 11518-20.

2.3 Die Verdediging het ook 2 getuies geroep om oor die vergadering van 26 Augustus 1984 te getuig waaronder Thema Ngwenya wat as volg getuig het:

2.3.1 Die getuie Ngwenya se geheue is pateties oor die gebeure van dié vergadering:

- (a) Hy weet nie of Sotso gesê het hy gaan na 'n ander vergadering nie en of Sotso daar gebly het op die vergadering nie.

Vol. 386, p. 22355.

- (b) Hy is die enigste getuie wat sê dat Mohapi as 'n tolk opgetree het op die vergadering.

Vol. 386, p. 22356.

- (c) Volgens hom het beskuldigde 11 glad nie 'n toespraak gemaak nie.

Vol. 386, p. 22357.

- (d) Hy weet nie of daar 'n spreker van buite Boipatong gepraat het op die vergadering nie.

Vol. 386, p. 22358.

- (e) Hy weet nie of daar oor vervoer vir 3 September 1984 gepraat is op die vergadering nie.

Vol. 386, p. 22359.

- (f) Hy weet niks van briewe wat aan vervoermaatskappye geskryf sou word volgens 'n spreker nie.

Vol. 386, p. 22359.

(g) Hy kan nie onthou of enige spreker van VCA gepraat het nie.

Vol. 386, p. 22365-6.

2.3.1.1 Dit blyk, na die getuie gesê het daar was geen padversperrings in die strate van Boipatong dieoggend van 3 September 1984 nie, dat hy slegs die 2de huis van die vierkant af bly en dus eintlik glad nie oor padversperrings kan getuig nie.

Vol. 386, p. 22367-8.

2.3.2 T D Nomyama het ook getuig oor die vergadering van 26 Augustus 1984, maar volgens sy getuienis het hy op die einde daar aangekom toe beskuldigde 11 resolusies voorgestel het aan die gehoor.

Vol. 386, p. 22373.

Vol. 386, p 22383.

2.3.2.1 Getuie Nomyama se geheue oor die vergadering (dié deel wat hy bygewoon het) is swak.

Vol. 386, p. 22381.

2.3.2.2 Nomyama weet niks van resolusies dat besighede op 3 September 1984 toe sou wees en dat geen busse of taxi's dié dag sou opereer nie.

Vol. 387, p. 22386.

3. Gebeure 2 - 3 September 1984 en daarna

3.1 Mohapi het getuig: Op 2 September 1984 kry Mohapi pamflette by sy huis - wat die 3 September 1984 - "stay away" en bymekaarkoms by vierkant adverteer - Vol. 39, p. 1801. Mohapi het getuig dat hy op 3 September 1984 ná 8h00 na die vierkant is en hy kry daar vir beskuldigde 11 en Sotso. Beskuldigde 11 het plakkate (2-3) by hom gehad. Op die plakkate was geskryf "People must unite". Beskuldigde 11 het gesê hy het die plakkate gemaak. Daar was toe al vreeslik baie mense. 'n Polisievoertuig daag op - 'n sedan motor en 'n klomp gooи die voertuig met klippe en SAP jaag toe weg - Vol. 39, p. 1803/4. Mense hardloop toe na Raadslid Mpondo se huis. Hy is agterna en sien die plek is omheim en mense gooи ruite stukkend. Skare sing Siyaya e Petoli en skree Amandla - Vol. 39, p. 1804. 'n Klomp van dié by Mpondo se huis hardloop toe na 'n bottelstoer baie ver van Mpondo se huis. 'n Groep van dié hardloop toe verby na Raadslid Nzunga se woning. Beskuldigde 11 is nog by en hy is saam na Nzunga se huis - Vol. 39, p. 1805. Die huis van Nzunga is met klippe gegooи en iemand skiet toe uit die huis uit. Die groep steek toe 'n "lorrie", 'n Kombi en huis aan die brand. Iemand het daar petrol gebring en dis op die huis en voertuie gegooи - Vol. 39, p. 1806. Daar was 'n groot gesukkel eers om die huis te laat brand en eers toe petrol uit emmer gegooи is, slaag pogings - Vol. 39, p. 1807. Toe Nzunga se huis brand, is groep na die winkel van Nzunga, nie ver daarvandaan nie. Beskuldigde 11, Sotso en Mohapi is saam. Die winkel is geplunder en nie gebrand nie want hul het gesê dis deel van 'n groep winkels wat aan mense

wat nie Raadslede is nie, behoort - Vol. 39, p. 1808/9.

Mohapi het getuig dat hy Mpondo se huis en by Nzunga se plek party van die omstanders tydens die aanvalle, die aanvallers aangemoedig het en dit het ook gebeur dat dié groepe gemeng het met mekaar by dié plekke wat aangeval is - Vol. 40, p. 1884/5. Die polisie daag op en hy besef die polisie is "van plan om te baklei" en almal hardloop weg - hy is huis toe. Beskuldigde 11 is toe ook weg - Vol. 39, p. 1809/10. Later die dag het hy gesien die strate is versper met klippe en uitgebrande motorbande - Vol. 39, p. 1810. Die week na 3 September 1984 is Mohapi, beskuldigde 11 en Piet Mbongo na Johannesburg na beskuldigde 11 reëlings getref het en gesê het hul name word oorgedra sodat hul aan "UDF bekend moet word". Hulle is na I Ayob se kantoor en het daar vorms geteken dat hul deel is van UDF. Ken VCA en Boipatong Residents Committee is volgens beskuldigde 11 direk "onder VCA". Beskuldigde 11 het so gesê oppad na Johannesburg - Vol 39. p. 1811-2.

### 3.2 Beskuldigde 11 getuig ook oor hierdie tydperk en beweer:

3.2.1 Dat hy op 2 September 1984 op uitnodiging van Edith Lethlake saam met Sotso 'n vergadering te Rooms Katolieke Kerk, Small Farms bygewoon waar 'n memorandum opgestel sou gewees het deur beskuldigdes 7, 8, 11, 15, Esau, Tsotso en ander.

Beskuldigde 8, Esau en Tsotso sou die memorandum onderteken het en beskuldigdes 7, 8, 9, 11, Esau en Tsotso sou die memorandum by Houtkop op 3 September 1984 tydens die opmarse oorhandig het.

Vol. 213, p. 11270-73.

3.2.2 Dit dien vermeld te word dat die sogenaamde memorandum kwansuis sou verdwyn het - dis nooit by die hof ingehandig nie - nie eers 'n afskrif daarvan nie, en verder dien vermeld te word dat die memorandum in geen dokumente wat voor die hof as bewyssstukke dien, en wat oor die gebeure van 3 September 1984 in die Vaal handel, ooit vermeld is nie.

3.2.3 Beskuldigde 11 kom verder vorendaag met die ongelooflike weergawe dat die roete wat die mars sou neem, eers net voor die mars sou begin het op 3 September 1984, bespreek is.

Vol. 214, p. 11278.

3.2.4 Beskuldigde 11 erken dat hy help plakkate skryf het vir die opmars waarin propageer is onder ander "Away with high rents", en "Councillors should resign".

Vol. 214, p. 11279.

3.2.5 Beskuldigde 11 se weergawe dat hul sogenaamde "marshalls" sou aangestel het, is eweneens ongeloofwaardig as in ag geneem word dat beskuldigde 11 sê hy het vreemde mense langs die pad op pad na die plek waar die mars moes begin, gevra om "marshalls" te wees.

Vol. 214, p. 11280.

*Submissie  
Ongeloofwaardig*

*Doel van die konferensie was om die politie te ontvoer.*

3.2.6 Alhoewel daar geen getuienis tot die teendeel aangebied was deur die Staat nie, betoog die Staat dat die weergawe van beskuldigde 11 dat die polisie die mense wat stil en rustig in

die pad stap, sal "aanval" en met sambokke slaan, inherent onwaarskynlik en ongeloofwaardig is.

Vol. 214, p. 11282-4.

3.2.7 Beskuldigde 11 het in kruisverhoor skynbaar vergeet van die groot groep wat van die plein sou geloop het na hul huise en die groep wat in Mzimvubustraat afgehardloop het, en verwys hy net na die klein groepie jeugdiges wat die polisievoertuig aangeval het.

Vol. 218, p. 11542-4.

3.2.8 Beskuldigde 11 bevestig dat bewyssstuk AT 11, 'n kennisgewing aan huurmotoreienaars om hul vervoerdienste te onttrek vir 24 uur op 3 September 1984, aan hom gegee is deur Esau Raditsela.

Vol. 218, p. 11556.

3.3 Ngwenya het vir die verdediging getuig oor die gebeure op 3 September 1984 en hy het nie vir beskuldigde 11, Mohapi of Sotso by die vierkant gesien op 3 September 1984 nie.

Vol. 386, p. 22368.

3.3.1 Hy beweer dat iemand op die vierkant besig was om die skare toe te spreek en hy het nooit enige plakkate op die vierkant gesien nie.

Vol. 386, p. 22369.

(R) Q Optog wa kontak? nie vir  
sterre mense byna te hang van  
geweldswrys.

3.3.2 Hy weet nie of daar enigeen klippe by hul gehad of klippe na die polisievoertuig op die plein gegooi het nie.  
Vol. 386, p. 22370-1.

3.3.3 T D Nomyama getuig oor 3 September 1984 dat hy 8h00 met Mzimvubustraat na die vierkant is en daar kry hy dat iemand 'n toespraak wil maak en hy sien beskuldigde 11 is besig om mense bymekaar te kry in die vierkant.

Vol. 386, p. 22377.

3.3.3.1 Hy het, toe dit lyk of beskuldigde 11 almal bymekaar het om te begin praat, jeugdiges gesien 'n blou polisiemotor jaag en klippe gooie na die motor.

Vol. 386, p. 22377.

3.3.3.2 Hy sien toe mense gaan uiteen en dat beskuldigde 11 gebare maak en 'n plakkaat lig en dat hy en 'n klein groep (+ 20) stap in rigting van Lekoastraat terwyl daar gesing word.

Vol. 386, p. 22378 en p. 22379.

3.3.3.3 Getuie stap huis toe en oppad kry hy beskuldigde 11, Mohapi en Sotso van vooraf aankom.

Vol. 386, p. 22379.

3.3.3.4 Hy stap na sy huis en sien 'n groep wat Mpondo se huis met klippe gooie waarna getuie na sy eie huis is.

Vol. 386, p. 22380.

3.3.3.5 In kruisverhoor verklaar Nomyama nou dat beskuldigde 11 wel die mense op die vierkant toegespreek het - Vol. 387, p. 22388-9. Dis iets wat beskuldigde 11 nie eers self gesê het in getuienis nie.

3.3.3.6 Nomyama se getuienis dat net beskuldigde 11 in plakaat sou gelig het in 'n poging om die optog te begin, is strydig met beskuldigde 11 se getuienis.  
Vol. 214, p. 11286 en Vol. 387, p. 22391.

3.3.3.7 Nomyama se getuienis dat hy beskuldigde 11, Mohapi en Sotso gesien het terugkom na die plein toe hy oppad huistoe is, is strydig met die stelling in Vol. 40, p. 1881.  
Sien Vol. 387, p. 22393.

3.3.3.8 Nomyame se bevoorioordeelde gesindheid blyk uit sy getuienis in hoof dat niemand wat hy gesien het T-hemde van organisasies sou gedra het nie, terwyl dit later blyk dat hy glad nie opgelet het vir T-hemde nie en dus niks daaroor kan sê nie.

Vol. 387, p. 22395.

3.3.3.9 Nomyama kan nie getuig oor enige ander geweldpleging op 3 September 1984 te Boipatong nie.

3.4 Vir die Staat het die volgende getuies getuig ten opsigte van dade van geweld:

### 3.4.1 Schlebusch

Na 24h00 die nag van 2-3 September 1984 het hy patrollie gery in Boipatong, en op paaie tussen drankpersele was "redelike" padversperrings - Vol. 69, p. 3700. In die pad wat by Boipatong ingekom het van Vanderbijlpark se kant, was 'n paar klippe en buitebande en ook asblikke en dromme en "goed" - Vol. 70, p. 3711.

### 3.4.2 Sechabela

Om 7h00 op 3 September 1984 het hy met 'n bus by Boipatong Gemeenskapsaal arriveer. Toe hy wegtrek, word die bus aangeval deur omstanders met klippe en hy jaag weg. Langs die pad gooi mense die bus met klippe. Hy jaag uit Boipatong en die pad waar hy gery het, was toe skoon.

Vol. 72, p. 3846.

### 3.4.3 Terblanche

Op 3 September 1984 om 6h10 patrolleer hy in Boipatong. 80% van die strate was versper. Om 11h00 is hy na 'n winkel in die industriële gebied - dié brand en ± 150 swartes hardloop weg van die toneel. Die groep hergroep en val hom aan met stokke en klippe. Hy skiet op hulle en die skare vlug. In die groep mense was mense met UDF en COSAS-T-hempies aan - Vol. 69, p. 3671. Hy is na 'n raadslid, wat ook lid van veiligheidstak is, se huis êrens in oggend na 11h00. Die huis was half afgebrand. Met verdere patrolliedienste is hy sporadies aangeval met klippe, bottels en stokke in Boipatong. Vol. 69, p. 3673.

#### 4. Dokumentêre getuienis

Die Staat betoog as volg ten opsigte van die volgende dokumentêre bewyssstukke:

NEWS

##### 4.1 Bewyssstuk W 42 - UDF ~~bewyssstuk~~ van Oktober 1984:

Soos betoog word in die behandeling van hierdie bewyssstuk waar die getuienis ten opsigte van Bophelong bespreek word, is dit duidelik dat UDF die geweld in Boipatong aanprys as synde groot oorwinnings.

VERTALING van Document I  
data 4, 1

##### 4.2 Bewyssstuk AT 2 - plakkaat van UDF Youth Rally:

Dis 'n duidelike aanduiding dat UDF ook in Boipatong, die jeug mobiliseer het in sy kampanje teen Konskripsie.

##### 4.3 Bewyssstuk AT 3 - plakkaat "Sign the UDF Declaration":

Beskuldigde 11 het, soos supra erken, hierdie plakkaat aangebring en gehelp met die uitvoering van UDF se MSC-kampanje.

##### 4.4 Bewyssstuk AT 7 - notas van beskuldigde 11 van die Wilgespruit-konferensie wat hy bygewoon het:

4.4.1 Dis duidelik eerstens volgens AT 7(a) dat dit gegaan het om die mobilisasie en organisasie van die jeug.

4.4.2 Volgens AT 7(b) is dit duidelik dat die daarstelling van 'n nasionale jeugorganisasie bespreek is en dat besluit is dat die Koornhof-wette "resist" moet word en dat die massas hieromtrent onderrig moet word.

4.4.3 Volgens AT 7(c) (die Program) is dit duidelik dat die popularisasie van die Freedom Charter, die rol van die jeug in die vryheidstryd, Militarisasie en Konstripsie en nasionale koördinasie op die konferensie bespreek is, en dat Eric Molobi en Dan Moutsisi toesprake gelewer het op die konferensie.

4.4.4 Dit word betoog dat beskuldigde 11 se getuienis omtrent hierdie konferensie alles behalwe eerlik was en dat hy baie aspekte van die konferensie toesmeer. Sy verduidelikings hieromtrent in kruisverhoor is ongeloofwaardig.

Sien Vol. 214, p. 11296 - Vol. 215, p. 11368.

4.4.5 Bewyssstuk AT 9 is notas wat beskuldigde 11 gemaak het oor die 18 Januarie 1984 vergadering te Khotso Huis - Vol. 215, p. 11369. Beskuldigde 11 se getuienis oor hoe dit gebeur het dat hul die vergadering in Khotso Huis gehou het, is ongeloofwaardig - Vol. 215, p. 11370-1. (Hul sou nooit die vergadersaal bespreek het nie, maar net sommer besluit het hul gebruik Khotso Huis vir 'n vergaderplek). Dis met respek duidelik dat beskuldigde 11 getuienis van die hof weerhou en nie eerlik is nie - hy probeer ooglopend om die samewerking tussen hul organisasies en UDF weg te steek vir die hof. Verder word betoog dat dit ex facie die bewyssstuk duidelik is, ongeag wat beskuldigde 11 probeer verduidelik het, dat die vergadering gehou is om die jeugorganisasies se aktiwiteite te koördineer - sodat hul om UDF-taal te gebruik, kan "unite" in die vryheidstryd.

#### 4.4.6 Bewysstuk AT 10 gedateer 21 Januarie 1984:

Die bewysstuk, deur beskuldigde 11 geskryf 3 dae na die vergadering in Khotso Huis, is duidelik 'n uitvloeisel van wat op die 18 Januarie 1984 Khotso Huis-vergadering bespreek is - beskuldigde 11 versoek naamlik die gebruik van 'n kerk om "leadership training" aan te bied, en die bewysstuk toon aan dat, ongeag wat beskuldigde 11 oor die 18 Januarie 1984-vergadering getuig het, daar klaarblyklik leiding ten opsigte van "leadership training" gegee is, want 3 dae later wil hy die jeug in Boipatong hieromtrent onderrig.

#### 4.4.7 Bewysstuk AT 10:

Beskuldigde 11 se getuienis dat hy op 21 Januarie 1984, by die vergadering by sy huis, nie sy komitee ingelig het oor die beoogde seminaar of die vergadering van 18 Januarie 1984 nie, is só ongeloofwaardig dat dit verwerp behoort te word - Vol. 215, p. 11381. Waarom sou beskuldigde 11 op die jeugorganisasie se vergadering nie van die 18 Januarie 1984-vergadering en besluite ten opsigte van die jeug gepraat het nie? Ook is beskuldigde 11 se hele verduideliking oor die opstel van bewysstuk AT 10 (1) en (2) ongeloofwaardig - Vol. 215, p. 11382-89 (veral p. 11386-7) Uit bewysstuk AT 10(2) is dit verder duidelik dat die Boipatong Youth Organisation nie soseer op Godsdiens en kultuur ingestel is soos beskuldigde 11 probeer voorgee het in Vol. 215, p. 11384 nie, maar op die politieke terrein - want die program wat op 21 Januarie 1984 opgestel is, dui daarop dat Curtis Nkondo oor onderwys sou kom

praat, daar sou 'n UDF-sprekers wees, daar sou deur beskuldigde 11 oor SRC's gepraat word, daar sou 'n "studente" spreker wees asook 'n COSAS-spreker.

5. Dit word betoog, uit al die aangebode getuienis, dat:

5.1 Die Boipatong Resident's Committee wel bestaan en opereer het in Boipatong.

5.2 Dié organisasie en ander geaffilieerde organisasies van UDF, soos Bophelong Civic Association, Bophelong Youth Association, VCA en Boipatong Civic Association saamgewerk het en UDF-kampanjes teen die Swart Plaaslike Besture, nuwe grondwetlike bestel en M.S.C. ondersteun en aktief uitgevoer het.

5.3 Dat beskuldigde 11 oneerlik met die hof is in sy verduideliking oor sy aktiwiteite by die Wilgespruit Konferensie, die 18 Januarie 1984 Khotso Huis-vergadering, en ook oor die gebeure op 26 Augustus 1984 se vergadering en die 3 September 1984-gebeure.

5.4 Uit die getuienis van Peter Mohapi is dit duidelik dat selfs hy, die vise-voorsitter van die Boipatong Residents Committee, in die duister gelaat is deur beskuldigde 11 oor wat dié komitee eintlik is en wat dié komitee se verhouding met betrekking tot UDF en die VCA is.

Vol. 39, p. 1838-9 en p. 1845-6.

5.5 Dit is duidelik dat beskuldigde 11 sy bes gedoen het in die hof om die hof te mislei ten opsigte van die verband tussen sy komitee en VCA en UDF, maar dit word respekvol betoog dat dit bo redelike twyfel bewys is dat die Boipatong Residents Committee onder leiding van die VCA gestaan het:

- (a) Esau Raditsela en Edith Lethlakhe het nie net die 26 Augustus 1984-vergadering kom bywoon nie, maar ook op die vergadering kom praat;
- (b) Esau Raditsela het kom seker maak dat hul die "regte" resolusies aanvaar - dieselfde as wat dieselfde dag op ander vergaderings in die Vaal deur VCA aanvaar is;
- (c) Esau het selfs die pamphlette vir die 26 Augustus 1984 se vergadering verskaf;
- (d) Esau het die pamphlette wat die 26 Augustus 1984 se vergadering se resolusies bevat, laat druk;
- (e) die pamphlette is onder die naam van die VCA uitgegee en die komitee van beskuldigde 11 het dit so aanvaar en toegelaat;
- (f) die pamphlette wat die taxi-eienaars aanraai om hul dienste te onttrek, het Esau laat druk en verskaf aan beskuldigde 11;

- (g) Boipatong Residents Committee se bestuur het UDF se MSC-kampanje uitgevoer;
- (h) beskuldigde 11 het UDF se gids, bewyssstuk A1, te UDF gekry en besit;
- (i) die UDF-kampanje teen Swart Plaaslike Besture is deur die komitee van beskuldigde 11 aktief uitgevoer;
- (j) beskuldigde 11 het na 3 September 1984 se onluste die vergadering waar UDF se leiers en geaffilieerde vergader het te kantore van Frank Chikane, gaan bywoon;
- (k) beskuldigde 11 se komitee het UDF- en COSAS- en VCA-sprekers na hul beoogde vergaderings genooi of beoog om hul te nooi.

5.6 Dit word verder betoog dat die sogenaamde vreedsame optog, wat selfs Mohapi verkondig, net 'n rookskerm is om die werklike doel met die byeenkoms by die vierkant te verdoesel. Dit word spesifiek betoog dat Mohapi nie doelbewus leuens hieroor vertel nie, maar dat hy, soos hy met betrekking tot die verhouding tussen Boipatong Residents Committee deur beskuldigde 11 in die duister gelaat is, doelbewus hieroor mislei is deur beskuldigde 11. Beskuldigde 11 het geweet dat

Sekun: 11 is die oppasser v.d.  
organisasie, nie 'n polit. volksp.  
me.

die geweldpleging sal uitbreek op 3 September 1984, vandaar sy uiters halfhartige poging om die optog by die vierkant aan die gang te kry - hy los etlike honderde mense op die vierkant om agter 'n groepie jeugdiges aan te hardloop en te gaan kyk wat hulle maak, en dan is die sogenaamde oplig van 'n plakkaat deur hom en die singery opsigself 'n uiters powere poging om die optog aan die gang te kry.

Beskuldigde 11 het, soos Mohapi getuig het, saam met hom na al die tonele van geweldpleging te huis van Mpondo, Nzunga en Nzunga se winkel bygewoon, maar probeer homself nou verontskuldig dat hy reeds by Mpondo se huis homself uit die voete sou gemaak het:

- (1) Waarom sal Mohapi oor so-iets lieg en
- (2) dis duidelik dat beskuldigde 11 en Nonyana se getuienis, soos supra uitgewys, strydig is met die verdediging se stelling hieroor op Vol. 40, p. 1881 - hoekom vertel beskuldigde 11 en Nonyana hieroor leuens as hul niks het om weg te steek nie?

5.7 Dit word dus respekvol betoog dat beskuldigde 11 en sy Boipatong Residents Committee wel onder VCA se vleuel opereer het, en dat die geweldpleging wat op 3 September 1984 ook in Boipatong uitgebreek het, deel gevorm het van die algemene geweldpleging wat veral op 3 September 1984 oral in die Vaal uitgebreek het na mobilisering en opsweping van die massas deur UDF en sy affiliale teen veral die Swart Plaaslike

Besture. Verder, word betoog, het die voorvalle van geweld ook hier, soos in die ander gebiede in die Vaal, ook al begin die nag van 2-3 September 1984 (afgesien van enkele geiso-leerde gevallen van geweld wat reeds van 29 Augustus 1984 elders in die Vaal voorgekom het), en was beskuldigde 11 seer sekerlik op die oggend van 3 September 1984 daarvan bewus en moes hy ten minste gehoor het van die voorvalle in Boipatong. *Lubu*

Dit word betoog dat beskuldigde 11, met hierdie kennis, geen behoorlike stappe geneem het om geweldpleging te voorkom nie, eenvoudig omdat die geweldpleging binne die algemene plan van beskuldigde 11 vir dié dag geval het.

BOPHELONG

1. Vergadering van 29 Augustus 1984:

*Submissie*  
1.1 Die Staat betoog dat hierdie vergadering gehou was deur die Raadslede in 'n poging om aan die gemeenskap, soos in die ander gebiede gedoen was op 5 Augustus 1984, te verduidelik waarom huurverhogings noodsaaklik was.

Vol. 44 p.2147-8.

1.1.1 Raadslid P Mokoena getuig dat hy buite die saal by die voertuie was, gesien het die saal is vol mense, op 'n stadium 'n lawaai in die saal gehoor het, gesien het die ligte van die saal gaan af, gesien het die mense kom die saal uit, na die Polisie in die saal in is om die burgeemeester uit te kry en dat die mense toe klippe gegooi het na die voertuie van die Raadslede, waarna die Polisie die Raadslede begelei het uit die woongebied.

Vol. 44 p.2149

Vol. 48, p.2416

Vol. 49, p.2468.

1.1.2 Raadslid E Mahlatsi het getuig dat hy ook die vergadering bygewoon het. Na die vergadering ge-open is..... baie in gehoor praat op vergadering. Een van die raadslede het gesê die raadslede is hier om te hoor waарoor die mense wil praat. 'n Vrou het toe hand opgesteek en gepraat en die

gehoor probeer wysmaak dat niks van die raadslede aanvaar kan word nie, want hulle is 'n klomp skelms. Die gehoor het haar bewering "beaam".

Vol. 60, p.3116.

'n Tweede vrou was toe op die verhoog en het gepraat, maar a.g.v. die deurmekaarspul wat na die eerste vrou se toespraak gevolg het, kon hy nie hoor wat die tweede vrou sê nie. Mahlatsi het net gehoor agter uit saal sê iemand "Laat hul doodgemaak word". Hy sien toe in die deurmekaarspul kom die Polisie in. Mahlatsi versoek die Polisie om uit die saal te gaan. Onmiddellik na die Polisie uit die saal is, is die ligte afgeskakel en almal probeer toe uit saal uitkom. Mahlatsi is ook uit die saal terwyl die saal met klippe bestook was.

Vol. 60, p.3117.

Mahlatsi is toe met sy voertuig weg van die saal terwyl dié ook onder die klippe gesteek was.

Vol. 60, p.3118.

1.2 Die Verdediging het, soos in al die ander gevalle t.o.v. vergaderings en dade van geweld, stellings gemaak oor wat die Verdediging se saak t.o.v. die vergadering was, en soos in die oorgrote aantal gevalle, het die verweer ðf nie realiseer tydens die Verdedigingssaak nie, ðf is die getuenis teenstrydig met die stellings. Ten opsigte van hierdie vergadering is gestel:

1.2.1 Mevrou Mogatsi sou haarself op die vergadering as 'n enkelouer voorgestel het wat dit baie moeilik finansieel vind - sou gesê het daar moet baie in saal wees wat dit moeilik het.

Vol. 63, p.3321.

1.2.2 Mevrou Mogatsi het gesê sy het "rondgehardloop" om te probeer uitvind wat aangaan met die verhoging van huur.

Vol. 63, p.3322.

1.2.3 Mogatsi sou gesê het dat alhoewel Ramakgula en ander raadslede geweet het van die verwarring in die woongebied, het hul niks daaromtrent gedoen nie.

Vol. 63, p.3323.

1.2.4 Mogatsi sou verder gesê het toe sy die huur gaan betaal het, was 'n addisionele R50 van haar gevra.

Vol. 63, p.3323.

1.2.5 Ramakgula sou op die vergadering gesê het as enigeen dit moeilik vind (met die betaling van die huur) moet hul na sy huis kom om uit te vind wat aangaan.

Vol. 63, p. 3324.

1.2.6 Dis verder gestel dat alles op vergadering goed  
gegaan het tot Ramakgula die betrokke opmerking gemaak het.  
Vol. 63, p.3327.

1.2.7 Dis gestel dat raadslid Mokoena in en uit die ver-  
gadering is met 'n vuurwapen.

Vol. 48, p.2379.

1.2.8 Dis verder gestel dat raadslid Mokoena sy vuurwapen  
sou "getrek" het op die vergadering.

Vol. 48, p.2378.

1.2.9 Dis gestel dat die Polisie die ligte in die saal sou  
afgeskakel het om die raaddslede uit die saal te kry.

Vol. 48, p.2379.

1.2.10 Dis ook beweer dat die Polisie mense met sambokke sou verjaag het van die saal.

Vol. 48, p.2380-1.

1.2.11 Dis gestel dat die Polisie buite die saal traanrook afgevuur het (na die vergadering beëindig is) om mense uiteen te jaag.

Vol. 48, p.2380-1.

1.3 Die Verdediging het 'n aantal getuies oor hierdie vergadering geleei, waaronder:

1.3.1 N R Mcetywa:

1.3.1.1 Sy ~~weer~~spreek paragraaf 1.2.5 en beweer dat Ramakgula sou gesê het vir die mense wat hom kom spreek het, om nie die R50 te betaal nie.

Vol. 335, p.19103.

1.3.1.2 Sy staaf nie paragraaf 1.2.1, 1.2.2, 1.2.3 t.o.v. wat Mogatsi sou gesê het nie.

Vol. 335, p.19102-3 en p.19126.

1.3.1.3 Sy weerspreek paragraaf 1.2.6 t.o.v. die feit dat Ramakgula se opmerking verantwoordelik was vir die deurmekaarspul op die vergadering.

Vol. 335, p.19103.

1.3.1.4 Sy weerspreek paragraaf 1.2.11 ook en beweer die Polisie het traanrook in die saal ingeskiet.

Vol. 335, p.19105.

1.3.1.5 Mcetywa weerspreek paragraaf 1.2.7 en paragraaf 1.2.8 supra en beweer Mokoena het die vuurwapen in sy regterbroeksak gehad waarvan die kolf uitgesteek het (Vol. 335, p.19125), en beweer verder Mokoena het net op en af op die verhoor geloop en was nie van die verhoog af nie.

Vol. 335, p.19125.

1.3.1.6 Mcetywa weerspreek ook die stelling in paragraaf 1.2.8 supra.

Vol. 335, p.19127.

1.3.1.7 Mcetywa staaf nie die stellings in paragraaf 1.2.9-1.2.10 supra nie.

Vol. 335, p.19129.

1.3.1.8 Dis hoogs onwaarskynlik dat die getuie Mcetywa eerlik met die hof is waar sy getuig dat sy nie geweet het of VCA enige vergaderings gehou het in die woongebiede nie, want sy het vir Bonani Mafa, die areaverteenwoordiger van VCA geken (hul bly in dieselfde straat), en ook vir Dorcas Raditsela.

Vol. 335, p.19111-2.

*Surkunim  
is opge-  
troek.  
Raam bisk  
drinck bisk*

1.3.1.9 Ook is haar getuienis dat sy nie weet of haar broer Toto en Johnny Motete mekaar ken en dat Johnny Motete by hul huis gekom het, ongeloofwaardig. Beskuldigde 11 het getuig dat bewyssstuk AN10 verwys na 'n vergadering wat in Mei 1984 gehou was in die huis van Toto Mcetywa - dis 'n gesamentlike vergadering van Boepatong Youth Organisation, Bophelong Youth Association en Boepatong en Bophelong Civic Associations - Vol. 216 p.11409. Johnny Motete was 'n leidende lig in Bophelong Youth Association. - Vol. 212, p.11225. Ook blyk dit dat haar broer Toto, die verteenwoordiger van Bophelong Youth Association was en 'n vergadering op 7 Februarie 1984 toe bewyssstuk AN9 uitgereik is - Vol. 213, p.11242, vol. 216, p.11401-3 (beskuldigde 11 se getuienis).

### 1.3.2 A B Phali

1.3.2.1 Paragraaf 1.2.1 supra word weerspreek - mevrou Mogotsi is welbekend en daar was geen rede dat sy bekendgestel moes word nie.

Vol. 345, p.19706.

1.3.2.2 Phali staaf nie paragraaf 1.2.2 en paragraaf 1.2.3 supra nie.

1.3.2.3 Paragraaf 1.2.5 supra word nie gestaaf nie, maar Phali beweer intendeel dat Ramakgula sou gesê het dat hy die mense adviseer het om nie die R50 te betaal nie.

Vol. 344, p.19679, vol. 345, p.19708

En verder dat Ramakgula sou gesê het die wat reeds R50 betaal het, hoef nie die volgende maand se huur te betaal nie.

Vol. 345, p.19708.

1.3.2.4 Paragraaf 1.2.6 supra word ook nie gestaaf nie.

1.2.2.5 Phali bevestig paragraaf 1.2.7 maar hy beweer dat die vuurwapen nie soos Mcetywa beweer in die regterbroeksak was nie, maar in 'n holster - vol. 345, p.19703. Verder ontken hy Mcetywa se getuienis dat die raadslid heen en weer op die verhoog sou geloop het.

Vol. 345, p.19705.

1.3.2.6 Die stelling in paragraaf 1.2.8 supra vermeld, word ook betwiss.

Vol. 345, p.19706.

1.3.2.7 Die stellings in paragraaf 1.2.9, 1.2.10 en 1.2.11 word nie deur Phali gestaaf nie.

1.3.2.8 Die getuie het ook getuig m.b.t. samesprekings na 3 September 1984 met ander organisasies en liggeme i.v.m. die huurkessie.

(a) 'n Groep van 10 persone, waaronder getuie self, het in Oktober 1984 met meneer Louw die Stadsklerk gaan praat. Hul was van Bophelong.

Vol. 344, p.19684-5.

(b) Hul het die VCA ontmoet te Boipatong en afgevaardigdes van Boipatong was ook op die vergadering asook mense van Sharpeville.

Vol. 345, p.19687-8.

(c) Phale ontken Louw se getuienis dat hul van Bophelong hom kom sien het as die Bophelong Civic Association.

Vol. 57, p.2944 en vol. 345, p.19691.

(d) Phale se getuienis dat hul nie besluit het vooraf om na Louw te kom met eise nie, is met respek, ongeloofwaardig.

Vol. 345, p.19692.

(e) Ook Phale se getuienis dat hul in hul samesprekings met VCA nie besluit het om eise te stel nie, en dat geen van die ander groepe van die ander gebied eise aan Louw op hul gesamentlike vergadering gestel het nie, is ongeloofwaardig.

Vol. 345, p.19693-4-6.

### 1.3.3 A K Mogotsi:

1.3.3.1 Die getuie staaf nie die stellings in paragraaf 1.2.1-1.2.3 supra nie.

1.3.3.2 Die getuie weerspreek die stelling in paragraaf  
1.2.5 supra en beweer Ramakgula sou gesê het die mense hoef  
nie die addisionele R50 te betaal nie - sy beweer ook Phale  
se getuienis op p.19708 (vol. 345) hieroor is leuenagtig.

Vol. 350, p.20003

Vol. 350, p.20030

Vol. 350, p.20031

1.3.3.3 Mogotsi staaf die bewerings in paragraaf .1.2.6  
supra.

1.3.3.4 Die getuie getuig dat Mokoena in en uit die verga-  
dering is voor die vergadering begin het.

Vol. 350, p.20024.

Sy ontken dat raadslede tydens die vergadering op en af  
geklim het op die verhoog, - vol. 350, p.20025 - maar haar  
getuienis is strydig met Phali se getuienis dat Mokoena dit  
wel gedoen het tydens die vergadering.

Vol. 345, p.19703.

1.3.3.5 Mogotsi probeer die getuienis van Mcetywa en Phali  
versoen deur net te sê in hoof dat die vuurwapen van Mokoena  
"on his right" was - vol. 350, p.20001, maar in kruisonder-  
vraging beweer sy dat sy die punt van die loop sien uitsteek  
het onder Mokoena se baadjie - dit is strydig met Phali se  
getuienis dat die wapen in 'n holster was en Mcetywa se

getuienis dat die wapen in die regterbroeksak was, maar net die kolf uitgesteek het.

Vol. 350, p.20025.

1.3.3.6 Die getuie weerspreek die stelling in paragraaf

1.2.8 supra duidelik.

Vol. 350, p.20026.

1.3.3.7 Die getuie weerspreek Phali se getuienis dat hul ooit met die VCA vergader het, (vol. 350, p.20013), en ook wat sou gebeur het tydens die gesprek met Louw (sien vol. 345, p.19694 en vol. 350, p.20011-2) en hy betwiss ook Phali se getuienis dat Sharpeville se gebied se verteenwoordigers by was met die samesprekings by Louw (sien vol. 345, p.19696-7) en vol. 350, p.20014). Verder betwiss hy Phali se getuienis dat Louw aan hul gesê het dat die huurverhoging reeds 18 September 1984 afgestel is (sien vol. 345, p.19695-6 en vol. 350, p.20015). Ook verskil die getuies Phali en Mogotsi oor wat by Louw gebeur het. Sien vol. 350, p.20016.

1.3.3.8 Dit word respektvol betoog dat die eis van R30 per maand vir huurgeld doelbewus gestel was (die komitees wat Louw gaan sien het, het goed geweet dit is só onsinnig dat dit nooit aanvaar kan word nie) omdat hul nie wou gehad het dit moet aanvaar word nie. Dit blyk ook dat daar geen basis bestaan waarvolgens die bedrag van R30 bereken is nie, maar is net uit die lug gegryp. Dit word voorts betoog dat die

komitees wat Louw gaan sien het, synde die VCA, Bophelong Civic Association en Boipatong Civic Association, geensins belanggestel het in 'n vreedsame oplossing van die huurkwessie nie, maar deur dié onsinnige eis te stel huis gepoog het om die huurkwessie so lank moontlik te verleng vir politieke gewin.

Voorts word betoog dat die onsinnige eis gestel was omdat hul wou gehad het die Vaal moet onbeheerbaar en onregeerbaar gemaak word (hul wou gehad het die hele stelsel van Swart Plaaslike Besture moet tot 'n val gebring word, en het nou ook hierdie metode bygesleep naas die voorafgaande geweld, om dit reg te probeer kry).

#### 1.3.4 M M Letsele:

1.3.4.1 Hierdie getuie van die verdediging het nie net al die stellings in paragraaf 1.2.1-1.2.10 supra weerspreek nie, maar ook al die vorige verdedigingsgetuies en Staatsgetuies wat beweer het hier was 'n vergadering aan die gang waar etlike mense toesprake gemaak het.

Vol. 422, p.24735.

Dié getuie se getuienis kom daarop neer dat die mense buite die saal gewag het vir die vergadering om te begin (die deure was tot amper net voor die Polisie daar verbygery het

en traanrook geskiet het, toe), maar niemand het in die saal ingegaan nie.

Vol. 422, p.24735

Vol. 423 p.24751-5

Subsidiari

Leesrolle

No 9 in hoofgetuenis (dat die Polisie kinders slaan wat in die voorbuil strate gespeel het) en kruisverhoor (dat dit nie so is nie, maar 'n spelery tussen die klein kindertjies en die Polisie).

Vol. 422, p.24736 en

Vol. 423 p.24758-9.

1.3.4.3 Die leuenagtige getuie het verder vir die hof 'n weergawe gegee van hoe die Polisie op die aand van 2 September 1984 sy vriend, ene Ruben Twala, sou geskiet het terwyl hy weggehardloop het - hul sou net uit nuuskierigheid gaan kyk het na 'n lawaai buite in die strate. Behalwe vir die feit dat die getuie 'n bewese leuenaar is, blyk dit ook dat hy nooit getuig het of sy verklaring beskikbaar gestel het by die geregtelike nadoodse ondersoek na Twala se dood nie.

Vol. 423, p.24767.

2. Geweldpleging 29 Augustus - 3 September 1984:

2.1 Die Verdediging het getuienis aangebied wat sou aandui dat die Polisie oor die tydperk van veral 29 Augustus 1984 tot 3 September 1984 die woongebied patolleer het, mense

*Indieners  
Polisie  
on for  
nogtjh  
onderv  
te wees.*

met sambokke sou geslaan het en die mense met traanrook sou geskiet het, maar ook hier blyk die getuienis erg gebrekkig te wees.

2.1.1 Eers kom die getuie Mcetywa in vol. 335, p.1906-7 getuig dat alles normaal en gewoon was in dié tydperk, nieteenstaande die Polisie die gebied patolleer het.

2.1.2 Die tweede getuie Phali getuig eers dat die 30ste Augustus 1984 die Polisie traanrook en rubberkoeëls geskiet het, maar erken dan dadelik dat hy net gesien het hoe traanrook geskiet is - vol. 344, p.19681. Ook getuig Phali dat die 1ste September 1984 niks buitengewoons gebeur het nie, en op die 2de September 1984 weet hy van geen probleme. Vol. 344, p.19682.

2.1.3 Mogotsi getuig dat sy van die 30ste Augustus 1984 gesien het "kinders" van tot 25 jaar oud deur die Polisie gejaag word, maar sy weet nie wat vooraf gebeur het nie. Vol. 350, p.20005-6.

Sy weet dan net verder van die gemeenskapsaal wat gebrand is op 2 September 1984 ongeveer 21-22h00.

Vol. 350, p.20007-8.

2.1.4 Die getuie Letsele se leuenagtigheid en swak getuienis oor die geweldpleging wat hy op 29 Augustus 1984 en daaropvolgende dae sou gesien het, is supra reeds behandel en word nie herhaal nie.

2.2 Dit word betoog dat die Verdediging se poging om aan te toon dat die Polisie oor die tydperk 29 Augustus 1984 tot 3 September 1984 te Bophelong hul skuldig gemaak het aan sinnelose geweldpleging teenoor die inwoners en dat dit die oorsaak sou wees van die daaropvolgende geweldpleging van 3 September 1984 en daaropvolgende dae, het totaal misluk.

2.3 Die Staatsgetuies het aangetoon dat:

2.3.1 Die huis van Raadslid Mgcinia te Bophelong reeds op 29 Augustus 1984 om ongeveer 20h00 aangeval is deur 'n groep wat Siyaya e Petoli gesing en Amandla Ngawethu geskree het.

Vol. 72 p. 3849-50.

2.3.2 Die getuie E R Coetzee van die Polisie het getuig dat hy om 19h30 op 2 September 1984 na Bophelong is en gevind het dat die paaie versper was met brandende bande, asblikke, bome ens. Langs die pad is hy deur groepies aangeval met

klippe terwyl hul Viva Mandela, Viva ANC geskree het, en ook die Polisie as honde sou uitgekryt het.

Vol. 68, p.3570-1.

In die loop van die nag is hy verskeie kere aangeval, asook ander patrollies van die Polisie.

Vol. 68 p.3572-4.

2.3.3 A L Bruyns van die Polisie het getuig dat ook hy ongeveer 19h30 op 2 September 1984 na Bophelong is en dat hy gevind het dat:

- (a) Die ingang van Bophelong, waar die pad met die Goue Hoofweg kruis, vol klippe en glasstukke lê.
  
- (b) Die hoofpad in Bophelong om ongeveer 19h45 versper was met klippe, bome en asblikke en waar die Polisie dan versperrings verwyder het, is hul met klippe gegooi van agter huise uit.
  
- (c) 'n Huis in die hoofstraat aangeval en beskadig was.  
Vol. 68, p.3610-2.
  
- (d) Terwyl hy in hoofstraat, en later systrate, patrouilleer het, was dié plek-plek versper en is hy aangeval deur groepe met klippe.  
Vol. 68, p.3615-6.

(c) 'n Biersaal gevind het om ongeveer 23h00 wat beskadig en geplunder was.

Vol. 68, p.3617.

(f) Dat toe hy later ontbied is na die biersaal, hy 'n Swartman gevind het wat a.g.v. 'n skoot met 'n rubberkoeël gedood was.

Vol. 68, p.3617.

(g) Na 2h00 op 3 September 1984 die aanvalle met klippe op die Polisie nog sporadies voortgeduur het.

Vol. 68, p.3618.

2.3.4 Die getuie Schlebusch het getuig dat hy besig was om die geboue van die Administrasieraad die aand en nag van 2 September 1984 te besoek en die paaie wat hy op gery het, plek-plek padversperrings op gehad het, reeds vanaf 22h00 (Dié getuie het net die paaie tussen die Raadsgeboue gebruik en het nie die hele Bothelong patolleer nie).

Vol. 69, p.3700 en vol. 70, p.3712.

Schlebusch getuig verder dat om ongeveer 22h00 is die Administrasiekantore te Bophelong deur 'n groep van ongeveer 300 Swartes aangeval - die heining was geknip en die gebou is aan die brand gesteek.

Vol. 69, p.3697.

Ook is Schlebusch self aangeval en moes hy vlug.  
Vol. 69, p.3698.

Toe hy later die aand teruggekeer het met die brandweer na die gebou, het hy 'n uitgebrande motorband teen een van die deure van die gebou gevind.

Vol. 69, p.3699.

Schlebusch het getuig dat hy, toe hy teruggekeer het na die kantore die nag, gevind het dat die paaie met klippe en dromme toegepak was en drade gespan was oor die paaie.

Vol. 69, p.3700.

Dit is verder getuig deur Schlebusch dat daar na middernag van die nag van 2-3 September 1984 sporadiese aanvalle met klippe was op sy patrollie.

Vol. 69, p. 3701.

3. Dit word betoog dat, soos uit die dokumente blyk, UDF en sy Affiliale ook in Bophelong meer aktief was as wat die Staat oor getuienis beskik het en wat die Verdediging bereid was om te erken.

3.1 Bewyssstuk W.24 (UDF News) van Oktober 1983:

  
Hier word in p.3, eerste kolom gespog deur UDF hoe aktief hul was sedert UDF (Tvl) se stigting, en dan word verklaar dat "UDF speaks" op massa-vergaderings en werkswinkels o.a. in Bophelong by die massas propageer het dat die Swart Plaaslike Besture hul gaan onderdruk en word die massas

geïndoktrineer om nie aan die verkiesings in November 1983 deel te neem nie. Ook word in kolom 2 verklaar dat UDF se sprekers op die gemelde vergaderings en werkswinkels die behuisingsbeleid van die Regering veroordeel. Ook is die nuwe grondwetlike bedeling en konksriksie op gemelde vergaderins veroordeel.

Soen in.  
3.2 Bewyssstuk W.32, p.13 eerste kolom, Saspu National, Jun 84  
Desember 1984 *Aktiwiteet UDF ondernemings*  
Uit hierdie publikasie, wat ooglopend volgens al sy uitgawes se inhoud 'n aktiewe ondersteuner van UDF was te alle tye ~~gewe~~<sup>by</sup> geld in die Akte van Beskuldiging, blyk dit dat VCA ook te Bophelong aktief organiseer het en daar 'n area komitee gehad het. Dit word gestaaf deur getuie 1C8 vol. 16, p.748 wat verklaar dat VCA 'n area verteenwoordiger verkies het op die stigtingsvergadering van 9 Oktober 1983.

3.3 Bewyssstuk AN.9 gedateer 7 Februarie 1984

Die dokument, uitgereik deur Bophelong se Youth Association en Civic Association en Boipalong se Youth Organisation en Boipalong Civic Association en waar Jabulani Patosi van VCA, Ernest Tsotso van VCA teenwoordig was en Boipatong Civic Association verteenwoordig het, dui op die betrokkenheid van dié organisasies by die skole-kwessie en daar word in die dokument reeds bedekte dreigemente geopper teen 'n skoolhoof "Failing to meet the abovementioned demands, (dat geskorste leerlinge wat gedruip het en die eis dat die skoolhoof in die toekoms die skool te bestuur in samewerking met hul organisasies se komitee) required by the organi-

sations concerned, we shall have no option but to take drastic action against you", en dan word nêrens vermeld of dié aksie gewelddadig sal wees of nie.

(Sien ook vol. 213, p.11242 en vol. 216, p.11401-3 vir getuienis oor die samestelling van dié komitee wat AN.9 uitgereik het).

#### 3.4 Bewysstuk AN.10:

Ook hierdie bewysstuk, wat deur dieselfde organisasies uitgereik is as wat AN.9 supra uitgereik het, bevat 'n bedekte dreigement "... this is a deliberate provocation (die sg. "verbod" op gebruik van kerke vir politieke vergaderings) which cannot be tolerated any longer by the Community at large."

#### 3.5 Bewysstuk AP.29 gedateer 16 Julie 1984:

Uit die bewysstuk blyk dit duidelik dat ook AZAPO 'n tak te Bophelong gehad het.

#### 3.6 Bewysstuk AAC.47:

In die publikasie van UDF word op p.2, eerste kolom verklaar dat UDF se M.S.C.-kampanje in die Vaal deur VCA, Bophelong Youth Congress en COSAS uitgevoer is by wyse van deur-tot-deur kampanjes.

Hierdie is 'n duidelike bewys van die feit dat VCA, Bophelong Youth Congress en UDF dieselfde ideologie aanhang en dieselfde oogmerke nastreef en ook saamgewerk het in die Vaal ter bereiking van hierdie doel.

3.7 Ten slotte word betoog dat dit uit al die getuienis duidelik is dat die kampanje van UDF teen die Swart Plaaslike Besture in die Vaal aktief uitgevoer is, dat die massas opgesweep is in die kampanje om die Raadslede te verwerp, dat dit in die praktyk wel uitgevoer is op 'n vergadering wat die raadslede op 29 Augustus 1984 probeer hou het, dat die geweldpleging wat uitgebreek het gerig was teen die Raadslede en stelsel o.a., dat die Bophelong Civic Association nie daarin belanggestel het om die huurkwessie op te los nie, maar dat dit gebruik is om die woongebied onbeheerbaar en onregeerbaar te maak, en dat die geweldpleging nie 'n reaksie was op die sg. polisiegeweld nie.

TOKOZA

1. Nog die Staat nog die Verdediging het enige mondelinge getuienis voorgelê m.b.t. die gebeure in Tokoza nie.

2. Die volgende dokumentêre bewyssstukke is egter relevant en word na verwys:

2.1 Bewyssstuk C.99, p.2 Gemeenskapsorganisasie Werkswinkel:

ERAPO bevestig dat dit 'n tak in Thokoza het.

*Albert Vorster*

2.2 Bewyssstuk C.110: UDF and the Black Local Authorities:

Februarie 1985:

Op p.1, paragraaf 2, bevestig UDF dat die kampanje teen Swart Plaaslike Besture nie geëindig het met die November 1983-verkiesings nie, maar dat dit voortduur, en dan word die uiteindelike doel met die kampanje uitgespel om die woongebiede se beheer oor te neem waar die inwoners dit sg. "demokraties" sal beheer. Hierdie gevolg trekking word bevestig met wat op p.8, 2de laaste paragraaf gestel word.

p.12, 3de paragraaf: Hier word weereens bevestig dat die doel van die kampanje gemik is op die bereiking en daarstelling van 'n alternatiewe struktuur.

2.3 Bewyssstuk C.118: UDF Emergency Working Document: 25 September 1984:

UDF bevestig dat die stryd in Tokoza voortgesit word deur 'n  
Oos-Randse Area Komitee van UDF, na vorige aktiviste van UDF  
aangehou word.

2.4 Bewyssstuk W.21, p.8, kolom 4:

In die SASPU Focus van November 1984 verklaar dié aktiewe ondersteuner van UDF en sy affiliale dat die skole-boikotte in Tokoza vanaf Tembisa afkomstig is.

P.9, kolom 2: Hier word bevestig dat, soos meer en meer skoliere die boikotte begin ondersteun het, die gewelddadige botsings tussen polisie en skoliere ook toegeneem het.

2.5 Bewyssstuk W.32: SASPU National: Desember 1984, bladsy wat volg op p.9 (ongenommerd,), paragraaf 3:

Dit word bevestig dat 8 laer- en 'n hoërskool deelneem aan die skole-boikot en dat Raadslede se besighede afgebrand is.

2.6 Uit voorgaande en die erkennings van die Verdediging in bewyssstuk AAS3, aanhangsel p2, vervat, is dit duidelik dat die Polisie, raadslede en Staatsinstellings (soos die Spoorweë en Poswese), die teikens was in Thokoza.

Dit is verder duidelik dat ERAPO in Thokoza die massas o/v UDF, wat deur sy Oos-Randse areakomitee opgetree het, rondom die Swart Plaaslike besture organiseer en mobiliseerhet.

Ook is dit duidelik dat skole-boikotte hoogty gevier het in Thokoza.

Dit word betoog dat die geweldpleging in Thokoza ontstaan het na die organisering en mobilisering van die massas rondom die Swart Plaaslike besture en die skole-kwessie, en dat ERAPO en COSAS hiervoor verantwoordelik was, en dat UDF die massa-aksie plaaslik gekoördineer het met die landswyre aksie teen Swart Plaaslike besture en skool-owerhede.

KATLEHONG

1. Nog die Staat nog die Verdediging het enige mondelinge getuienis m.b.t. geweldpleging aangebied sover dit Katlehong betref.

2. Die Staat verwys egter na die volgende dokumentêre getuienis:

2.1 Bewyssstuk C.99: Verslag van gemeenskaporganisasies se werkswinkel:

By hierdie werkswinkel rapporteer ERAPO, dat alhoewel hy nie 'n tak in Katlehong gehad het nie, ERAPO tog saam met die sg.

"home-seekers committee" in Katlehong die knelpunt van behuising sowel as die knelpunt van onvoldoende riolering in Katlehong opgeneem het.

2.2 Bewyssstuk C.118: UDF "Emergency Working Document" van 25 September 1984:

Pas na die Vaal-onluste rapporteer UDF dat hy d.m.v. die UDF Oos-Randse Areakomitee voortgaan om in Katlehong die gemeenskaps-, skoliere- en workers se stryd voort sit - paragraaf 3.5.

2.3 Bewyssstuk K.1: Notule van UDF (Tvl) se Algemene Vergadering op 17 September 1983:

Reeds in 1983 het UDF begin om die massas toe te spreek in Katlehong. Dis duidelik gedoen om uitvoering te gee aan UDF se beleid om die massas landswyd in die vryheidstryd te verenig.

2.4 Bewyssstuk M.2: Notule van UDF (Tvl) se Algemene Vergadering op 12 November 1983:

Ook hierin, op p.2, paragraaf 9.,1, verklaar UDF sy betrokkenheid in Katlehong, en word rapporteer welke vordering in die kampanje teen die Swart Plaaslike besture gemaak is.

2.5 Bewyssstuk S.10: Notule van die UDF (Tvl) Uitvoerende Komitee Vergadering van 11 September 1984:

Op p.2, paragraaf 3, word bevestig dat die UDF Oos-Randse Areakomitee reeds gevorm is - dit is, soos ook uit bewyssstuk C.118 blyk, die Komitee van UDF wat in Katlehong werksaam is.

2.6 Bewyssstuk W.2 p.5: Speak van Maart 1985:

Die publikasie, wat volgens 'n erkenning van die Verdediging 'n affiliaal van UDF was tot op 'n sekere stadium, en wat ooglopend, volgens die inhoud van al sy uitgawes, 'n aktiewe ondersteuner van die UDF en sy affiliale is, bevestig dat die Raadslede te Katlehong, tydens 'n vergadering oor huur, aangeval en gestenig is.

2.7 Bewyssstuk W.24, UDF News van Oktober 1983, p.2, laaste kolom:

Soos in bewyssstuk K1 rapporteer is, het UDF wel die massas in Katlehong toegespreek en plakkers en verskuiwings as knelpunt gebruik om die massas te mobiliseer in die vryheidsstryd.

2.8 Bewyssstuk W.32, p.2 kolom 3 en 4: SASPU NATION  
Desember 1984:

Hierdie publikasie wat ooglopend deur UDF en sy affiliale gebruik word om hul politieke sienswyses, oogmerke en aktiwiteite te populariseer en te bevorder, verklaar dat in die kampanje teen die Swart Plaaslike besture die raadslede bedank het en dat ook in Katlehong die Plaaslike Bestuurstelsel onwerkbaar geword het.

Op die bladsy (ongenommer) wat op p.9 volg, paragraaf 2, word gerapporteer onder die hoof "Country wide Protest '84" dat 2 000 hoërskool leerlinge by ses skole en 26 000 laerskool leerlinge in Katlehong geboikot het en dat hul gebots het met die Polisie. Ook word bevestig dat die burgemeester se huis en 'n polisieman se huis, sowel as drie Raadsgeboue aangeval is, en dat 'n wegblly-aksie in September geloods is.

2.9 Bewyssstuk W.42, UDF News, Oktober 1984: Artikel "We want a representative Council at Schools now":

In die bewyssstuk bevestig UDF dat hy betrokke is by die skolestryd, en UDF bevorder die eise van die skoliere, soos deur COSAS gestel.

Dis uit die artikel duidelik dat dié boikot te Katlehong by die skole ook gaan om die eise soos deur COSAS gestel - sien bv. p.2 van Bewyssstuk W.42 " - Unite now for SRC's".

2.10 Bewyssstuk W.68, p.1, kolom 3: The Eye van Maart 1985:

Hierdie dokument, uitgegee deur 'n organisasie wat met UDF affilieer, was tot in 1984 (middel), maar waar wat nog deuren-tyd 'n aktiewe bevorderaar vanaf UDF en sy geaffilieerde se beleid is, verklaar dat die Radslede in Katlehong gestenig is toe hul gepoog het om 'n vergadering oor huurverhogings toe te spreek. Dit blyk dat toe die Katlehong Action Committee se vergadering verban is, 'n optog in die strate gehou was waartydens vroue doodgeskiet is.

2.11 Bewyssstuk AAC.55, p.12, : SASPU National: Maart 1985:

Hierdie publikasie, wat UDF en sy affiliale se beleid aktief bevorder, verklaar op p.12, kolom 3-4 onder die opskrif "SRC Battle Continues", dat ook te Katlehong sg. student Parent Committees gestig is - uit die getuienis van mevrou Thobela van die Verdediging, uit bewyssstuk CA.46 en CA.43 is dit duidelik dat dié komitees nie alleenlik deur COSAS gestig en inisieer is nie, maar dat hul inderwaarheid deur die NECC, 'n UDF-meeloper, beheer word.

2.12 Bewysstuk AAV.6: Die sg. Film and Media Unit Borrowing Body:

Dis uit p.12, onder die datum 21 Julie 1984 duidelik dat Katlehong Youth League die video oor die UDF se stigting geleen het - klaarblyklik vir vertoning en popularisering van UDF.

2.13 Bewysstuk C.110: UDF and the Black Local Authorities: Februarie 1985:

Op p.1, paragraaf 2 verklaar UDF dat die kampanje teen die Swart Plaaslike besture nie met die November 1983-verkiesings geëindig het nie, maar dat hul sal voortgaan - klaarblyklik tot hul hul doel bereik het - dit is, totdat die "inwoners" self die woongebiede beheer.

P.7, paragraaf 5: UDF bevestig dat die huurverhogings opposer is in Katlehong.

P.8, 1ste paragraaf: UDF bevestig dat die eise van dié skoliere vir SRC's saamgeval het met die gemeenskapaksie teen die Swart Plaaslike Besture en dat, soos in 1976, dit weerstand laat eskaleer het.

P.21: UDF bvestig dat die knelpunte van huur, onderwys, plakkery deur ERAPO en Katlehong Youth Steering Committee opgeneem is en bevestig dat onrus in September 1984 ontstaan

het, en beweer dan dat daar geen duidelike rede hiervoor is nie, maar moontlik met die skole-situasie in verband gebring kan word.

3. Uit voorgaande dokumentasie bewysstukke word betoog, is bo redelike twyfel bewys (in die afwesigheid van enige getuenis deur die Verdediging).

3.1 Dat ERAPO wel in Katlehong organiseer het, en in medewerking met ander plaaslike organisasies, die knelpunte van behuising en onvoldoende riolering opgeneem het (om die massaste organiseren en te mobiliseer).

3.2 Dat UDF die aksie in Katlehong koördineer - in bewysstuk C.110 word bevestig dat ERAPO en die Katlehong Youth Steering Committee huur, onderwys en plakkery opgeneem het en bevestig UDF verder dat die skoliere-eise (soos ons weet COSAS, dit beheer en koördineer) so gebruik is, dat dit "saamgeval het" met die gemeenskapsaksie t.o.v. Swart Plaaslike Besture. UDF bevestig dat hy bewus is daarvan dat dieselfde taktiek in 1976 gebruik was (waar almal weet geweld op groot skaal losgebars het), en bevestig verder dat ook nou dit weereens weerstand aangehelp het - en word dit betoog het die "weerstand" geweld behels, soos die Verdediging in bewysstuk AAS3, p.2 van die Aanhangsel erken het.

3.3 Dat UDF d.m.v. sy Oos Randse Area komitee reeds van 11 September 1984 aktief besig was om die vryheidsstryd in Katlehong te koördineer.

3.4 Dat UDF reeds van 1983 d.m.v. 'n massa-vergadering die massas organiseer en mobiliseer in Katlehong.

3.5 Dat die kampanje teen die Swart Plaaslike Besture in Katlehong ook deur UDF gekoördineer word.

DUDUZA

1. Algemeen:

1.1 Staatsgetuies:

1.1.1 Van Oktober 1984 tot einde Junie 1985 was daar oproer en onluste in Duduza.

Van Februarie 1985 is spesifieke teikens aangeval, nl. regeringsgeboue, ontwikkelingsraadgeboue, biersale, 'n bierdepot, huis van 'n Gemeenskapsraadlid wat reeds bedank het, 'n vulstasie, algemene handelaarsbesigheid, huise van SAP lede, Ontwikkelingsraadpersoneel en bewaarders se huise. Klipgooiery en brand van geboue het plaasgevind. Agt-en-veertig (48) huise was deur klipgooiery en brandbomme beskadig.

Vol. 115, p.5781 (Muller).

1.1.2 Ook voertuie van SAP in motorhuise, privaatvoertuie en paaie en busse (2) is aangeval en uitgebrand.

Vol. 115 p.5782 (Muller).

Muller self is drie keer tydens patrolle aangeval en padversperrings, bestaande uit bushuisies, groot klippe, en nagemmers is aangebring sowel as slote oor paaie is gegrawe.

Vol. 115, p.5782 (Muller).

Tussen onlusmakers was heelwat mense met COSAS-T-hemde.

1.1.3 Heelwat vergaderings is in 1985 gehou in die gemeenskapsaal en in kerke en in die gimnasium. COSAS en DUCA het die vergaderings gehou.

Vol. 115, p.5783 (Muller).

1.1.4 Na vergaderings is die SAP gewoonlik aangeval na gesingery en swartmagtekens wat gegee is. Ook is in 1985 'n veldtog gevoer teen Raadslede en -stelsel.

Vol. 115, p.5784 (Muller).

1.1.5 Al die Raadslede het bedank Februarie 1985 - Mei 1985; Raadslede het bedank aangesien hul en gesinne geintimideer is.

Vol. 115 p.5785 (Muller).

1.1.6 Pamflet ABA48 van DUCA (adverteer vergadering 17 Februarie 1985, en pamphlet ABA49 is begin Junie 1985 versprei in Duduza. ABA50 (commemoration service 16 June 1985) is versprei in Duduza.

Vol. 118, p.5756-7 (Muller).

ABA.9 is ook versprei in Duduza in Maart 1985.

Ook is ABA 51 in Junie 1985 gekry in Duduza.

ABA 52 wat by winkels opgeplak gewees het is gekry in Junie 1985.

Van Februarie 1985 tot Julie 1985 is slagspreuke op mure, pilaarkaste en poskantoor wat gebrand was en gimnasium aangebring.

Vol. 1125, p.5787 (Muller).

Foto's AAY56-57 is van die slagspreuke "Viva ANC", "viva Umkonto" "Viva UDF", "free Mandela".  
Vol. 115, p.5788 (Muller).

1.1.7 Na Raadslede bedank het, is hul funksies oorgedra aan Ontwikkelingsraad.

Vol. 116, p.5793.

1.1.8 Muller gee toe dat alle pamflette en plakkate wat hy van getuig het, is deur sy konstabels na hom gebring.

Vol. 117, p.5806 (Muller).

*Onewarie* 1.1.9 Muller getuig dat die inwoners van 1964-1975 van Charterstone verskuif het na Duduza. Verwagtinge was dat Duduza model plek sou wees. Inwoners is teleurgestel a.g.v.

*Voorbereide van ons* DUCA se optrede - omdat prioriteit riolering was en Raad konakte daarvoor gesluit het, maar DUCA het vergaderings gehou met Raadslede en gesê inwoners wil riolering hê, maar nie daarvoor betaal, hul wil net vir instandholdingskoste betaal - installering van die rioleringstelsel toe gestop alhoewel baie materiaal aangekoop is - vergadering wat Raadslede met ....gemeenskap gehou het, het net daar geëindig.

Vol. 116, p.5807-09 (Muller).

1.1.10 Dis gestel aan Muller dat riolering, behuisings-tekort, swak paaie, te min gemeenskaplike krane was die griewe wat inwoners gepla het waarop Muller dit erken het en

gesê het, maar inwoners wou nie vir verbeterings betaal nie.

Vol. 117, p.5809 (Muller).

1.1.11 Dis gestel dat inwoners wou net vir lopende instandhouding van riolering betaal want raad wou oor 3 jaar periode huur andersinds verdubbel van bestaande R23.00 - R43.00.

Vol. 117, p.5810.

1.1.12 Dis verder gestel dat Charterstone huise 2 jaar na Swartes verskuif is, riolering, elektrisiteit en geteerde paaie gekry het wat Muller erken het en opgevolg het, maar dis nou in Kleurlinggebied en wie betaal vir die dienste.

Vol. 11, p.5811.

1.1.13 Dis ook gestel dat die inwoners voel hul bly van 1964 af daar en daar was geen sigbare verbeterings. Muller het dit erken en bygevoeg dat die huurgeld te laag vir verbetering was en Ontwikkelingsraad subsideer jaarliks tekorte.

1.1.14 Dis gestel ook dat DUCA dit so oorgedra het aan Muller (wat hy erken het).

Vol. 117, p.5811.

1.1.15 Dis ook gestel dat DUCA + 5 vergaderings met Muller by Nigel Raadskantore gehou het. Muller beweer daar was net 3 vergaderings.

Vol. 117, p.5811.

1.1.16 Dis gestel dat inwoners gevoel het hul betaal ook algemene belasting en dus moes die Owerheid riolering gratis installeer.

Vol. 116, p.5812.

Muller erken hul het so beweer - vol. 117, p.5813.

1.1.17 Dis ook gestel dat die Raadslede geen vergadering gehou het alhoewel DUCA hul daartoe genooi het - Muller beweer daar was in 1982 vergaderings gehou en Muller sê hy self het met 'n luidsprekerstelsel gery en mense genooi na vergadering.

Vol. 117, p.5813.

1.1.18 Dis gestel dat die inwoners geglo het dat huurverhoging gekom het sodat hul vir herstelwerk moes betaal aan 'n nuwe Gemeenskapsaal, maar die getuie sê hul kon nie so glo nie want hul het 'n komitee gekies wat vir privaatsektor donasies ingesamel het (komiteelede was Swartes uit gemeenskap), en Oos Randse Administrasieraad het die fonds op 'n rand-vir-rand basis gedek en so is saal herstel).

Vol. 117, p.5814.

1.1.19 Muller getuig hul het saal tot beskikking van Student Parent Committee gestel wat gereeld vergaderings gehou het oor die onderwyskwessie.

1.1.20 Dis gestel dat die Student Parent Committee in Oktober 1984 gestig is met die doel om onderwyskrisis te bekyk. Muller erken dit en sê ook om kinders terug in skole te kry.

1.1.21 Dis gestel dat probleme ontstaan het toe in Junie 1984 'n sekere onderwyseres, mevrou Twale, by Sibone Hoërskool ontslaan is. Skoliere was toe ongelukkig daaroor want sy was 'n gewilde onderwyseres en sporadiese insidente het voorgekom.

Vol. 117, p.5817.

1.1.22 Dis ook gestel dat sporadiese probleme tot Oktober 1984 aangegaan het toe het skole-boikot begin. Student Parent Committee is gestig bestaande uit ± 10 volwassenes en 4 skoliere. Muller erken dit en sê hy ken vir Irene Montudi en mevrou Thobela (volwassenes) as lede van die Komitee.

Vol. 117, p.5818.

1.1.23 Dis verder gestel dat onderhandelinge en memo's tot op Ministeriële vlak was en dat op 13 Maart 1985 verslag daaroor gedoen was by 'n vergadering van COSAS in die gemeenskapsaal.

Vol. 117, p.5818.

1.1.24 Dis gestel dat daar geen probleme na vergaderings was en alle vergaderings van Student Parent Committee was altyd net vir eie doeleindes gehou.

Vol. 117, p.5819.

1.1.25 Dis gestel dat in omgewing van Raadskantore het 'n polisieman van Municipale Polisie 'n jeugdige geskiet en gewond. Muller erken en sê dat 'n groot groep het afgekom in

hoofstraat en na Raadskantore is. Hul het tehuise aangeval, en het ruite stukkend gegooi en inwoners het toe teruggeveg en die SAP moes die situasie ontlont.

Vol. 117, p.5821.

1.1.26 Muller getuig dat die idee dat Regering gratis dienste moes installeer het van DUCA afgekom.

Vol. 116, p.5822-3.

1.2 Die Verdediging het vier getuies geroep om oor Duduza te getuig en het as volg getuig:

1.2.1 Mevrou Z L Thobela:

1.2.1.1 Volgens mevrou Thobela sou hul vanaf Charterstone na Duduza getrek het en het die Munisipaliteit, wat toe nog Duduza administreer het, beloftes van goeie huise, 'n rioolstelsel, waterverskaffing by huise en elektrisiteit gemaak.

Vol. 365, p.21051-3.

1.2.1.2 Niks was tot 1986 gedoen om enige van die beloftes na te kom nie.

Vol. 365, p.21053.

1.2.1.3 Sy getuig dat sy van DUCA in 1982 te hore gekom het en in 1982 twee vergaderings van DUCA bygewoon het. Op die

eerste vergadering sou die inwoners DUCA 'n mandaat gegee het om namens hul met die "owerhede" te onderhandel oor hul grievede.

Vol. 365, p.21054-5.

Die tweede vergadering wat sy in 1982 van DUCA bygewoon het, was die terugrapporteringsvergadering.

Vol. 365, p.21055.

1.2.1.4 Dit sou op die tweede vergadering rapporteer gewees het dat hul met die Blankes gepraat het en dat daar gesê was daar is nie geld om die verbeterings aan te bring nie.

Vol. 366, p.21056.

1.2.1.5 Die getuie huiver nie om hoorsê getuienis aan te bied in 'n poging om die Raadslede swart te smear nie (haar man sou nl. aansoek gedoen het om 'n begrafnisondernemersbesigheid te begin, maar dié sou geweier gewees het omdat, na navrae gedoen is, vasgestel is haar man was nie 'n raadslid nie).

Vol. 366, p.21057.

1.2.1.6 Tholebla getuig dan ook dat sy in 1983 'n vergadering van die Raadslede bygewoon het waar gesê was dat die huur met R9.00 p.m. verhoog word ten einde 'n rioleringstelsel te kan installeer.

Vol. 366, p.21057.

1.2.1.7 Almal op vergadering het hul uitgespreek daarteen en geweier om die verhoogde huur te betaal. 'n Raadslid, ene .... Mthethwa, het die vergadering ingelig dat hul deur die Administrasieraad ingelig is dat die huur verhoog moet word om die riolering te kan bekostig.

Vol. 366, p.21058-9.

1.2.1.8 Volgens Tobela sou die vergadering, een raadslid wat agter gebly het op die vergadering, opdrag gegee het om die Administrasieraad in te lig dat hul nie instem tot 'n huurverhoging nie en dat al die gelde wat hul in die verlede aan die owerhede betaal het, gebruik moet word vir die projek om die riolering te installeer.

Vol. 366, p.21061.

1.2.1.9 Thobela getuig verder dat die Student Parent Committee op 3 November 1984 te Duduza tot stand gekom het en dat haar man die voorsitter daarvan was.

Vol. 366 p.21063.

*Relevant  
W.M. Shole*  
Die komitee sou gevorm gewees het nadat die prinsipale van twee plaaslike hoërskole nie die griewe van die skoliere kon oplos nie. Sy getuig dat skoliere daardie tyd weggebly het van die skool en dan "involved" was "in some rioting" en dat toe die skoliere teruggekeer het skool toe, is dié komitee gestig.

Vol. 366, p.21063.

1.2.1.10 In kruisverhoor blyk dit dat dié komitee deur COSAS inisieer was en dat die COSAS-bestuur teenwoordig was op die stigtingsvergadering van die komitee.

Vol. 366, p.21105-8, maar veral p.21108.

1.2.11 Dis duidelik dat Thobela onwillig is om te verduidelik waarom daar 'n Student Parent Committee gestig moes gewees het en waarom die bestaande skoolkomitees nie gebruik was nie.

Vol. 366, p.21064-65.

Dié komitee sou, volgens Thobela, net tussen 3 November 1984 tot Februarie 1985 funksioneer het.

Vol. 366, p.21069.

1.2.1.12 Thobela beweer dat beide plaaslike hoërskole SRC's gehad het.

Vol. 366, p.21074.

1.2.1.13 In kruisverhoor erken sy dat daar nooit belowe is verbeterings in Duduza sal gratis gedoen word nie.

Vol. 366, p.21084.

1.2.1.14 Dis duidelik dat mevrou Thobela nie weet wat sy wil hê t.o.v. verbeterings nie - eers sê sy hul wil die verbeterings gratis gedoen hê, en dan in kruisverhoor gee sy

toe hul is bereid om te betaal vir die verbeterings na dit  
aangebring is.

Vol. 366 p.21086.

Dat mevrou Thobela ook 'n betreklik vyandige getuie t.o.v.  
die Staat is, is duidelik uit haar antwoorde soos op p.21090  
vol. 366 en haar getuienis oor die Polisie wat die brand-  
stigting by haar huis moes kom ondersoek.

1.2.1.15 Dis duidelik dat mevrou Thobela met gewaande  
griewe rondloop - soos die kwessie van waarom elektrisiteit  
nie by haar huis installeer is nie.

Vol. 366, p.21093.

Dit blyk ook dat sommige raadslede nog steeds in die huur-  
huise bly en in die sg. modderige strate bly waaroer mevrou  
Thobela kla.

Vol. 366, p.21093.

1.2.1.16 Dit blyk dat getuie Thobela se man self as kandi-  
daat gestaan het in die November 1983 raadsverkiesings en  
toe nie verkies is nie.

Vol. 366, p.21095.

1.2.1.17 Getuie gee toe in kruisverhoor dat einde 1982 was  
daar nog net probeer om DUCA te stig - daar is georganiseer  
maar dit was nog 'n swak organisasie; en dit laat onmiddel-

lik 'n vraag ontstaan oor die korrektheid van haar getuienis oor die twee DUCA-vergaderings wat sy in 1982 sou bygewoon het.

Vol. 366, p.21096-7.

1.2.1.18 Ook Thobela se datum wat die Student Parent Committee gestig sou wees, (3.11.84) bots met die verdediging se stelling hieroor (Oktober 1984).

Vol. 366, p.21104.

1.2.1.19 Dit blyk uit Thobela se getuienis dat, afgesien daarvan dat COSAS ooglopend hierdie Student Parent Committee geinisieer het, dié komitee deel was van 'n nasionale liggaam, wat Vusi Khanyile, (n man op SCA se bestuur), aan stuur van sake gehad het.

Vol. 366, p.21105-6.

1.2.1.20 Dis verder duidelik dat die hele doel agter hierdie Student Parent Committee was om aksie t.o.v. die skole-kwessie op nasionale grondslag te koördineer.

Vol. 366, p.21109.

Die Student Parent Committee was op sy beurt weer gekoppel aan die NECC - 'n liggaam wat, soos uit bewyssstukke CA42 en CA46 gesien kan word, geweld predik en die onderwys misbruik vir doeleinades van die sg. "liberation struggle".

Vol. 366, p.21111-2.

1.2.1.21 Die getuie stem saam dat die skole-boikotte vanaf Tembisa na o.a. Duduza versprei het en dat die skoliere uit simpatie met skoliere op ander dorpe begin boikot het.

Vol. 366, p.21113, en W.21, p.8.

1.2.1.22 Mevrou Thobela is 'n leuenagtige getuie, soos sy demonstreer t.o.v. haar ontkenning dat sy sou getuig het in hoofgetuienis dat die skoliere in "rioting" betrokke was.

Vol. 367, p.21139-40.

1.2.1.23 Mevrou Thobela weerspreek die verdediging se stelling, in vol. 117, p.5814 gemaak, dat die inwoners geglo het die huurverhoging is ingestel om vir die herstel van die beskadigde gemeenskapsaal te betaal.

Vol. 367, p.21142.

1.2.2 S H Mhlambi het ook vir die Verdediging getuig:

1.2.2.1 Volgens hom het die gemeenskap op die vergadering in 1983, toe oor die verhoging van R9.00 p.m. t.o.v. huur besluit is, aangedui dat hul nie die verhoging van die huur sal betaal nie omdat vantevore gesê is dat die huur vir dieselfde redes verhoog is.

Vol. 375, p.21699.

Ook sou die gehoor die raadslede opdrag gegee het om die Blanke, "wat in beheer van die raadslede is", te gaan roep

om die kwessie van die huur te kom verduidelik omdat dit nie duidelik is wat hieroor aan die gang is nie.

Vol. 375, p.21700.

1.2.2.2 Mhlambi beweer dat 'n tweede vergadering ongeveer twee weke later deur die Raadslede byeengeroep is, maar dat geen raadslede opgedaag het nie en toe gee die gehoor op dié vergadering 'n mandaat aan DUCA om hul klagte oor die huur met die owerhede op te neem.

Vol. 375, p.21701-2.

1.2.2.3 Mhlambi beweer dat die kinders in die laerskole a.g.v. die skole-boikotte in 1984 in die hoërskole beïnvloed is en huistoe gestuur is omdat die hoërskoolleerlinge "in die rigting van die laerskole sou hardloop wat die laerskoolleerlinge uit hul klasse sou laat kom".

Vol. 375, p.21704.

1.2.2.4 Laat in 1984 sou hy 'n Student Parent Committee-vergadering bygewoon het waar 'n beroep gedoen was op die ouers en onderwysers om saam te staan om die skole-probleme op te los.

Vol. 375, p.21704-5.

1.2.2.5 Mhlambi se getuienis t.o.v. die opdrag wat die gemeenskap sou gegee het aan die Raadslede op die 1983-

vergadering wat oor die R9.00 p.m. huurverhoging gehandel het, is strydig met mevrou Thobela se getuienis.

Vol. 375, p.21713-4.

1.2.2.6 Mhlambi weet niks van DUCA se bestaan in 1982, (soos mevrou Thobela beweer), en sê hy sou van die organisasie geweet het as dit toe bestaan het.

Vol. 375, p.21716.

1.2.2.7 Mhlambi beweer ook dat die Thobela's sy bure is en hul het nooit in 1982 met hom gepraat oor die bestaan van DUCA in 1982 nie.

Vol. 375, p.21717.

1.2.2.8 Mhlambi bevestig dat die skoliere aangedui het, op die Student Parent Committee-vergadering, dat hul sal aanhou boikot tot aan hul eise voldoen is.

Vol. 375, p.21720.

1.2.3 E M Tsagane het ook vir die Verdediging getuig:

1.2.3.1 Hy beweer dat hy van 1982 tot middel 1984 sekretaris van DUCA was, en dat DUCA November 1982 gestig is.

Vol. 381, p.22092.

1.2.3.2 Tsagane weerspreek die vorige verdedigingsgetuies en beweer die vergadering oor die R9.00p.m. huurverhoging was in 1982.

Vol. 381, p.22092.

1.2.3.3 Dit blyk dat sy getuienis oor die sg. beloftes wat gemaak sou gewees het aan die inwoners, is gebaseer op hoorsê.

Vol. 381, p.22106.

1.2.3.4 Tsagane weerspreek mevrou Thobela se getuienis oor 'n sg. tweede vergadering wat DUCA in 1982, (behalwe die stigtingsvergadering), sou gehou het.

Vol. 381, p.22107.

1.2.3.5 Hierdie sekretaris van DUCA weet nie of DUCA 'n werkswinkel in 1984 bygewoon het en waарoor bewyssstuk C99 handel nie.

Vol. 381, p.22107.

1.2.3.6 Tsagane ontken dat die Raadslede in 1983 enige vergaderings byeen geroep het, strydig met wat beide Thobela en Mhlambi hierdie hof kom vertel het.

Vol. 381, p.22110.

1.2.3.7 Ook die rede waarom die R9.00 p.m. huurverhoging verwerp sou gewees het deur die gemeenskap, (wie sou die huurders vergoed vir gelde t.o.v. verbeterings betaal as hul die huurhuise verlaat?), is strydig met Thobela en Mhlambi se getuienis.

Vol. 381, p.22111.

1.2.3.8 Tsagane weerspreek die vorige getuienis van die Verdediging, nl. dat die riolering gratis installeer moes

word deur die owerheid omdat hul gevoel het hul betaal algemene belasting.

Vol. 381, p.22112.

1.2.4.9 Meneer Mazibuko is ook as getuie deur die verdediging geroep en het as volg getuig:

1.2.4.1 Mazibuko het sy bes probeer om sy betrokkenheid by DUCA se bestuur van die hof weg te hou.

Vol. 391, p.22634-6.

1.2.4.2 Mazibuko beweer dat, alhoewel hy op DUCA se areaalkomitee gedien het, hy nooit enige bestuursvergaderings van DUCA bygewoon het nie.

Vol. 391, p.22637.

1.2.4.3 Mazibuko kan nie sê wanneer die R9 p.m. verhoging vir huurgelde van krag geword het nie.

Vol. 391, p.22640.

## 2. Begrafnis op 4 November 1984 te Duduza

2.1 Volgens hulle was dit 'n begrafnis van een Douglas <sup>Mungunhu</sup> ~~Magumula~~, ampsdraer van FOSATU en was dit gehou in die gemeenskapsaal. Die kis was bo skouers gedra en 'n swart, groen en geel lap was bo-oor drapeer. Die stoet het ook COSAS-, FOSATU-baniere gehad en baie kinders van 10-19jaar oud was op die begrafnis in COSAS-T-hempies geklee.

Vol. 115, p.5790.

Voorbeeld van 'n  
Begrafenis wat gehou  
is met kinders in COSAS-T-hempies

2.1.1 Dis gestel dat begrafnis eintlik 3 November 1984 'n Saterdag gehou was en dat kis nie 'n swart, groen en geel vlag op gehad het nie. Muller het gesê hy het dit op 7-800 tree dopgehou met 'n verkyker en daar was so 'n vlag bo-oor kis.

Vol. 117, p.5820.

2.1.2 Dis gestel dat slagspreuke in woongebied doodgeverf was en dat iemand daarna oor dit geverf het "viva SAP" en "viva SADF". Muller erken dit.

Vol. 117, p.5820.

2.2 Thobela het namens die Verdediging getuig en beweer dat die vakbonde hul baniere by die begrafnis vertoon het.

Vol. 366, p.21075-6.

2.2.1 Sy erken dat COSAS ook hul baniere daar vertoon het.

Vol. 366, p.21115.

2.2.2 Sy erken verder dat COSAS- en Vakbond T-hemde ook gedra was op die begrafnis.

Vol. 366, p.21116.

Dit word ook erken dat DUCA en die Student Parent Committee 'n spreker daar gehad het.

Vol. 366, p.21118.

2.2.3 Die getuie, wat beweer daar was geen swart, groen en geel vlag oor die kis nie, gee die eerste van drie weergawes

deur die Verdedigingsgetuies oor die vervoer van die kis,  
nl. dat die kis nie in 'n voertuig was nie, maar heel pad  
skouerhoog gedra was, waar sy dit gesien het.

Vol. 367, p.21119.

2.2.3 Ook sê sy dat sy liedere wat sy die eerste keer dié dag gehoor het, gehoor het tydens die stoet. Sy noem ook "Senzenie na" en "Siyaya e Petoli".

Vol. 367 p.21119-20.

2.2.4 Sy sê dat die Polisie nooit tydens die begrafnis ooit ingemeng het nie.

Vol. 367, p.21120-1.

2.3.1 Mhlambi het vir die Verdediging ook getuig en beweer hy het net FOSATU-baniere gesien by die begrafnis.

Vol. 375, p.21722.

2.4.1 Tsagane getuig dat by die begrafnis net kerkliedere gesing was - dis natuurlik strydig met Thobela se getuienis.

Vol. 381, p.22116.

2.5.1 Dis duidelik dat die getuie, meneer Mazibuko, vrou Thobela en meneer Tsagane elkeen sy eie weergawe het oor hoe en van waar die kis na die begrafplaas vervoer is - dit word respektvol betoog dat dié getuies só daarop konsentreer het om vir die hof te kom sê dat daar geen swart, groen en geel

vlag op die kis was nie, dat hul vergeet het om al die detail omtrent hul leuenagtige weergawe behoorlik na te gaan - vandaar die wesentlike weersprekking.

Vol. 391, p.22643-45.

2.5.2 Mazibuko weerspreek Mhlambi direk waar Mhlambi beweer slegs kerkliedere is gesing - Mazibuko beweer geen kerliedere is gesing.

Vol. 391, p.22646.

### 3. Vergadering op 17 Februarie 1985

3.1 Geen Staatsgetuies het oor hierdie vergadering getuig nie, maar die volgende stelling was gemaak:

3.1.1 Dis gestel dat gedurende die vergadering 'n dame in gehoor voorgestel het dat nagemmers na Raadskantore gedra moet word uit protes teen dié stelsel. Die vrou het voorgestel dit moes die volgende dag gebeur, maar jeugdiges op vergadering was ongeduldig en dis besluit dat dit dadelik gedoen moet word en dis by Raadskantore uitgegooi.

Vol. 117, p.5821.

3.2 Thobela het as volg getuig oor die vergadering:

3.2.1 DUCA het die vergadering byeengeroep en daar is gepraat oor die emmersstelsel en dis besluit dat die emmers

onmiddellik na die Administrasieraadkantore geneem word en daar uitgegooi word op die perseel.

Vol. 366, p.21077.

3.2.2 Volgens Thobela was die jeugdiges nie in die vergadering nie, maar dié het buite "gestaan" en "nie een kind het iets te sê gehad daar nie".

Vol. 366, p.21099.

3.2.3 Dis duidelik dat mevrou Thobela se getuienis strydig is met die stelling wat die Verdediging gemaak het oor die vergadering.

Vol. 366, p.21100-1.

3.3 Mazibuko getuig as volg hieroor:

3.3.1 Sy weergawe verskil nie net van die Verdediging se stelling hieromtrent nie, maar ook van Thobela se weergawe.

Vol. 391, p.22647-9.

3.3.2 Mazibuko se getuienis dat daar besluit was dat die emmers netjies regop neergesit moes word by die Raadskantore, is nie net inherent onwaarskynlik nie, (is dit die gedrag van mense wat nie wou wag totdat die vergadering behoorlik afgesluit word nie, maar sommer geskree het hul gaan onmiddellik die emmers na die kantore vat?), maar bots ook met Thobela se getuienis.

Vol. 366 p.21077.

Vol. 391, p.22650-1.

4. Begrafnis op 26 Februarie 1985 van Lucky Mkwanzo

4.1 Geen getuienis is hieroor deur die Staat aangebied nie, maar 'n getuie vir Verdediging meneer Mhlambi het wel as volg getuig.

4.1.1 Oorledene het oorkant sy huis en drie huise regs van sy huis, gewoon.

Vol. 375, p.21706.

4.1.2 Twee tot drie-honderd mense het na begrafnis by oorledene se huis aangekom.

4.1.3 Net toe hy daar naby die huis kom, daag SAP en soldate op in voertuie. SAP met 'n hippo gery.

4.1.4 Soos SAP nader kom, skiet hul traanrook en ry oor baddens en by heining en hul ry toe om die blok. Toe hul weer omkom, skiet hul traanrook op die kos self - vir geen rede hoegenaamd.

Vol. 375, p.21707.

4.1.5 By Lucky se begrafnis was geen baniere vertoon.

Vol. 375, p.21708.

4.1.6 Begrafnis was verbied oor naweke en toe was 'n "Stay-away" vir die dag van die begrafnis gereël. "Freedom Songs" is gesing en daar is van Mandela geskree op begrafnis.

Vol. 375, p.21724.

4.1.7 Die getuienis van Mhlambi bots direk met die berig wat oor hierdie begrafnis in bewysstuk AAC55, p.5 verskyn het t.o.v. wat die Polisie by oorledene se huis sou gedoen het.

Vol. 375, p.21727-31.

5. Bgrafnis van 18 Mei 1985 van ene Thobela:



5.1 Getuig dat na die begrafnis is 14 huise gebrand en die besigheid van 'n Raadslid wat reeds bedank het, is gebrand (dié van meneer Namane).

Vol. 115, p.5782).

Dis gestel dat beide dogters van die Thobela-gesin was by COSAS betrokke en is dood a.g.v. brandbomme wat na hul huis gegooi was. Muller erken dit en voeg by dat een Sekretaris van COSAS was. Dis gestel dat dit Sonto Thobela was wat die Sekretaris van COSAS was.

Vol. 117, p.5819.

5.2 J M van Tonder het getuig dat om 10h00 was hy in Duduza vir observasie doelegeindes by die begrafnis.

Vol. 118, p.5903.

5.2.1 Om 12h00 het die diens begin en hy het om 14h00 met 'n Caspir na Letsapastraat gery. Die stoet het op hoeke van Letsapa en Seremastrate verby beweeg. Hul was 50 meter van

Caspir verby. Swartmans het kis skouerhoog gedra en die kis was in lap wat swart, groen en geel was drapeer. Daar was ook 'n COSAS-banier op 'n wit lap vertoon en van die mense in die stoet het COSAS-T-hemde gedra.

Vol. 118, p.5904.

5.2.2 Terwyl die stoet in begraafplaas inbeweeg, het 'n groep van ± 100 op die gebou langsaan se dak geklim en daar begin skreeu en gebalde vuiste vertoon.

*Swaar  
Nooi  
leer  
verd  
week  
vir*  
'n Ander groep van ± 500 het toe stoet nog inbeweeg in begraafplaas, weggebreek van die stoet en na die Caspir in Letsapstraat geloop, al skreeuende, springende en met gebalde vuiste. 'n Paar het COSAS-T-hemde gedra en COSAS-blikplaatjies op bors.

Vol. 118, p.5905.

5.2.3 Voor die klomp by die Caspir gekom het, is 'n voorwerp soos 'n stoel, in die pad aan die brand gesteek en toe is Caspir met klippe gegooi. Die SAP skiet toe traanrook op die groep en beweeg agteruit met Caspir en die groep volg en gooi klippe na Caspir en toe ook petrol bomme - twee SAP-lede (daar was 9 in die Caspir) se klere slaan aan die brand en is geblus. Die Caspir se sitplekke het begin brand en is geblus.

Vol. 118, p.5906-7.

5.2.4 Hul skiet toe rubberkoeëls en traanrook en groep vlug in die woongebied in. Hul keer na SAP stasie terug om nog

*Nie weet nie*

ammunisie te kry en na 10-15 minute is hul terug na Letsopastraat, maar toe sien hy dat A/O Richard Mapeleba se huis met petrolbom brandgesteek is. Die brand is geblus.

Vol. 118, p.5907.

5.2.5 Die huis van A/O Mapileba is 30 meter van die plek waar hul die groep met rubberkoeëls en traanrook uiteen gedryf het.

5.2.6 As gevolg van 'n berig is hy na Koffie William Mnguni se huis - sy huis is ± een kilometer van A/O Mapeleba se huis en dit was ook met petrolbomme aan die brand gesteek gewees.

Vol. 118, p.5908-9.

5.2.7 Daar was ook voorvalle waar ander SAP-lede se huise geplunder was, maar hy was nie self betrokke by die ondersoek daarvan nie.

5.2.8 Hy getuig dat op 18 en 19 Mei 1985 is padversperrings - groot klippe, slote oor paaie wat met sinkplate toegemaak was, brandende motorbande, motorwrakke en drade oor paaie gespan, - vir Caspir-lede bedoel, in Duduza aangebring.

5.3 Mevrou Thobela het oor die begrafnis getuig:

5.3.1 COSAS die reëlings m.b.t. die voedsel getref het vir die begrafnis.

Vol. 366, p.21079.

5.3.2 COSAS, die vakbonde en Duduza Youth Congress was op die begrafnis verteenwoordig wat hul baniere vertoon het en hul T-hemde gedra het.

Vol. 366, p.21080.

5.3.3 Sy sê dat Senzani na en gesange by die begrafnis gesing is.

Vol. 366, p.21081.

5.3.4 Toe sy by die hek van die begrafplaas uitgaan na die begrafnis, ruik sy traangas en toe hardloop mense óf huistoe óf na haar huis.

Vol. 366, p.21081.

5.3.5 Mevrou Thobela erken dat COSAS en Vakbonde sprekers op die begrafnis gehad het.

Vol. 367, p.21124.

5.3.6 COSAS en die vakbonde se verteenwoordigers het die oorledene se liggaam van die huis na die saal vervoer.

Vol. 367, p.21126.

5.3.7 Die getuie kon nie sê wat agter in die stoet plaas- gevind het op pad na en van die begraafplaas nie.

Vol. 367, p.21127-8.

*✓ M leeuwens*

5.3.8 Die getuie se weergawe in kruisverhoor oor wat die polisie en "army" by haar huis sou gedoen het, bots met haar hoofgetuienis in dié verband.

Vol. 367, p.21129-31.

5.3.9 Die getuie bevestig dat sy gehoor het van die 14 huise wat na die begrafnis gebrand is in Duduza.

Vol. 367, p.21133.

5.3.10 Dis duidelik dat die getuienis oor die voorval by haar huis op 8 Mei 1985, toe hul huis aangeval is, strydig is met die verklaring wat sy vroeër afgelê het vir doel-eindes van die geregtelike doodsondersoek na haar dogter se dood.

Vol. 367, p.21136-8.

5.4 Mhlambi het die volgende t.o.v. hierdie begrafnis beweer:

5.4.1 Alle tipe liedere is op die begrafnis gesing.

Vol. 375, p.21731.

5.4.2 Mhlambi weet nie wat gebeur het met die agterste deel van die stoet toe hul oppad was na die begrafnis nie.

Vol. 375, p.21733.

5.4.3 Hy erken dat daar van die 18de Mei 1985 'n "deurmekaarspul" was in Duduza en hy het padversperrings gesien en hy

weet ook "daar was 'n bakleiery" in dié tyd aan die gang.

Vol. 376, p.21737-8.

6. Dokumentêre bewysstukke:

6.1 Bewwyssstuk C99: Report on Civic Workshop: Gevind te UDF, Johannesburg se kantore:

6-1-1 Dit word betoog dat hierdie dokument, wat in 1984, of daarna, opgestel is, duidelik aantoon dat LAC, RCA, FRA, DUCA, ERAPO, ACA, en die takke van SCA te Orlando, Mfolo en Tladi/Moletsane, deel was van die genoemde werkswinkel, en volgens die program (p.1) was die aard en geskiedenis van "Civic Struggles", die Swart Plaaslike Besture, massamobilisasie en koördinasie die onderwerpe van hierdie werkswinkel.

6.1.2 Die geskiedenis soos vervat op p.2 van die dokument, is, soos supra aangetoon, strydig met die getuienis van meeste van die Verdedigingsgetuies wat hieroor kom getuig het.

6.1.3 Uit p.3 is dit duidelik dat gevind is dat die massas "ready and aware" is, en nodig het om geaktiveer te word (par. 3).

6.1.4 Uit p.4 is dit duidelik dat gevind is dat die "presence" van Polisie en raadslede, sowel as die "Ignorance and low

"level of political consciousness" van die massas probleme is - dis duidelik dat dié aspekte identifiseer is vir toekomstige aksie deur die gemeenskapsorganisasies.

6.1.5 Die metodes wat aangewend word om die knelpunte te beveg, sluit in "refusal to pay rents", "confrontation with boards", "demonstrations", "defiance" en "mass action", en dan word die volgende belangrike bevindinge gemaak, nl.

"1. The people are independantly angry, they need to be organised, in order that this anger transformed into action"

en dat die massas

"are ... responding to calls to demonstrate against the BLA'S-occupation of rentoffices etc."

6.1.6 Uit p.5, paragraaf 6.1, is dit duidelik dat organisasies gesien word deur dié affiliate van UDF as "ongoing platforms" van die massas "to express their anger".

6.1.7 Dit word dan uitgespel dat die bedanking van Raadslede 'n langtermyn deel is van die affiliate (p.6).

## 6.2 Bewyssstuk W.69: Speak van Januarie 1984:

Uit p.12, kolom 5, is dit duidelik dat die kampanje teen Raadslede in Duduza gevoer is d.m.v. plakate, pamphlette, biljette, massa byeenkomste en betogings.

### 6.3 AAC.5 SASPU National van Maart 1985:

Afgesien daarvan dat SASPU volgens die Verdediging se formele erkenning 'n affiliaal van UDF was tot op 'n sekere stadium (~~AAC.5.....~~ <sup>AAS 12 Skw!</sup> p~~4~~1.?) is dit ex facie al die SASPU National-dokumente wat voor die hof is, oorvloediglik duidelik dat SASPU National 'n aktiewe ondersteuner van UDF en sy affiliale is en is dit verder ex facie die bewysstukke duidelik dat UDF en sy affiliale SASPU National as hul spreekbuis gebruik het deur onderhoude toe te staan ens. - dis nooit deur die Verdediging ooit weerspreek nie.

6.3.1 P.5 - Hierdie is een van etlike voorbeelde waar die massas d.m.v. valse beriggewing oor sekere insidente opgesweep word teen die Polisie en veiligheidsmagte.

### 6.4 Bewysstuk ABA.49: Pamflet oor 16 Junie se herdenkingsdienste en uitgereik deur UDF, Johannesburg:

Eerstens blyk dit dat UDF self op hoogte is met die herdenkingsdienste se reelings en in wese deel daaraan gehad het, in ieder geval sover dit Soweto, Alexandra, Daveyton, KwaThema, Ratanda, Vosloorus, Duduza en Kagiso aangaan, want nie net het hul die betrokke bewysstuk gedruk nie, maar is hul ampsdraers en bestuurslede, soos Dr Motlana, Curnick Ndlovu, Azhar Cachalia, Paul Mashatile en Gatsby Mazwai, ook die sprekers. Verdermeer word in die pamflet die massas opgeroep tot nakoming van UDF se besluite.

6.4.1 Wat ookal deur die Verdedigingsgetuies gepoog was om te sê t.o.v. die rol van dié herdenkingsdienste, is dit duidelik uit dié bewysstuk dat die herdenkingsdienste openlik misbruik word deur die organisasies, ook UDF, om hul politieke sienswyse en doelstellings te verkondig en te bevorder:

*UDF*  
"Let us remember June 16 by going along with the decisions taken at the UDF (National):"

"... fighting for people's education in schools";

"... workers to join trade unions";

"... build peoples organisations, ... councils to die";

"... strengthen women's organisations",

"... build youth organisations";

"... end of pass laws" ens.

Op die agterkant volg dan 'n politieke oproep van UDF wat op die voordeeligste uitleg vir die besuldigdes, hoogstens gesê kan word 'n terloopse verwysing na 16 Junie te wees.

6.5 Bewysstuk ABA.50: Program van 16 Junie 1985 se herdenkingsdiens te Duduza:

Hierdie program is 'n bevestiging van wat supra in paragraaf 6.4.1 betoog word - afgesien van een predikant is al die ander sprekers dié van politieke organisasies.

6.6 Bewysstuk ABA51: Pamflet oor 16 Junie herdenkingsdiens uitgereik deur COSAS se Nasionale uitvoerende Komitee.

Hierdie is 'n verdere bevestiging van ons betoog in paragraaf 6.4.1 supra, en toon verder aan dat COSAS die massas oproep tot die stryd totdat hul ðf oorwin ðf sterf in die stryd.

6.7 Bewysstuk ABA.52 Plakaat oor 16 Junie 1976:

Dis 'n verdere bevestiging van ons betoog supra.

7. Stellings en Gevolgtrekkinigs:

Dit is 'n kenmerk van hierdie saak dat die Verdediging etlike stellings gemaak het t.o.v. wat hul verweer sou wees, en dat dié stellings ðf nie realiseer het in die getuienis nie ðf in werklikheid weerspreek is, ðf dat 'n gewysigde weergawe voor die hof geplaas is.

7.1 So is die stelling dat DUCA vyf vergaderings met meneer Muller gehou het, nooit bewys nie.

Vol. 117, p.5811.

7.2 Dis gestel dat die Raadslede geen vergaderings gehou het alhoewel hul daartoe genooi was, maar sulke getuienis het nooit realiseer nie.

Vol. 117, p.5813.

7.3 Dis gestel die inwoners het geglo die huurverhoging was om vir herstelwerk aan die beschadigde saal te betaal, maar dis nie bewys nie, maar intendeel weerspreek deur die Verdediging, soos supra uitgewys.

Vol. 117, p.5814.

7.4 Die stelling dat die Student Parent Committee in Oktober 1984 gestig was, is deur getuie Thobela van die Verdediging weerspreek.

Vol. 117, p.5817.

7.5 Dis gestel dat daar verslag gedoen was op 'n COSAS-vergadering op 13 Maart 1985 oor die samesprekings t.o.v. die skole-kwessie, maar dis nooit bewys.

Vol. 117, p.5818.

7.6. Die stelling oor wat op die vergadering van DUCA op 17 Februarie 1985 sou gebeur het, is weerspreek deur die Verdediging se eie getuies.

Vol. 117, p.5821.

#### 7.7 Gevolgtrekkings:

Dit word betoog dat:

7.7.1 Die kampanje teen die Swart Plaaslike Besture wel in Duduza gevoer is, o.a. deur DUCA.

7.7.2 Dat DUCA duidelik daarop uit was om d.m.v. gewaande en ook onredelike eise soos die kwessie van betaling vir riolering, die massas opgesweep het tot aksie teen die Swart Plaaslike Besture.

7.7.3 Dat die verweer dat DUCA op 7 Februarie 1985 se vergadering sou probeer het om te verhoed dat die nagemmers na die Raadskantore geneem word, vals is - waarom is dit nooit gestel nie?

7.7.4 Dis duidelik dat die skole-kwessie uitgebuit is deur COSAS te Duduza en het hul die skoliere gemobiliseer teen die owerhede.

7.7.5 Die getuienis dat die Polisie by die begrafnis van 18 Mei 1985 aangeval is met o.a. klippe en petrolobomme deur o.a. mense wat COSAS-T-hemde gedra het, is nooit weerlê nie.

7.7.6 Dis duidelik dat DUCA die griewe wat die inwoners sou gehad het, uitgebuit het om hul woede te verwek sodat hul oorgegaan het tot geweldpleging wat o.a. van 18 Mei 1985 vir dae aangehou het.

7.7.7 Mevrou Thobela bevestig bewysstuk W.21, p.8, dat die skole-boikotte van Tembisa na Duduza versprei het. Dis verder duidelik uit mevrou Thobela se getuienis dat daar wel onluste was waaraan skoliere deelgeneem het tydens die boikotte.

7.7.8 Dis duidelik dat by die begrafnis van die FOSATU-lid op 4 November 1984 dié se kis wel in 'n swart, groen en geel vlag drapeer was - 'n aanduiding van ANC-betrokkenheid by die begrafnis saam met COSAS en FOSATU wat hul baniere en T-hemde daar vertoon het.

7.7.9 Dis ook duidelik dat die Raadslede en veral Polisie die teikens was tydens geweldpleging.

7.7.10 Dit word betoog dat, soos ook op so baie ander plekke beweer was deur die Verdediging, die bewering dat die Polisie sonder enige rede mense sou aangeval en geskiet het, totaal vals is en dat die beskuldigdes voor hierdie hof hul vereenselwig het, met hierdie verweer, met UDF en sy affiliale se taktiek om die Polisie op elke denkbare geleentheid te beswadder en die massas teen die veiligheidsmagte op te sweep deur valse klagtes teen die veiligheidsmagte te maak.

KWATHEMA

1. Algemeen

1.1 Slegs die Staat het getuienis aangebied m.b.t. die gebeure in KwaThema.

1.2 A/O Z Nkosi het as volg getuig:

1.2.1 Van Oktober 1984 was COSAS, UDF, AZAPO en AZASM aktief in KwaThema.

COSAS se een lid was bekend as Pepsi Mahlangu en Cyrial Jantjies was 'n lid van UDF, AZAPO en COSAS.

Vol. 122, p.6092 (Nkosi).

1.2.2 COSAS het massa-vergaderings in 1984 gehou te KwaThema Civic Centre en soms in die Rooms Katolieke Kerk.

Vol. 122, p.6093.

1.2.3 Na Oktober 1984 was daar onluste en oproer en polisie- manne se huise was die teikens.

Vol. 123, p.6095.

Ses polisie huise is gebrand, ook Nkosi se eie huis.

Vol. 122, p.6096.

1.2.4 Na Oktober 1984 het twee Raadslede bedank en daar het toe sewe Raadslede oorgebly op die Raad.

Vol. 122, p.6099.

1.2.5 Dis gestel dat MAWU, FOSATU, UMMAWUSA en ERAPO aktief was in 1984 tot 1985 in KwaThema en Nkosi sê hy weet van die organisasie wat daar vergaderings gehou het.

Vol. 125, p.6104.

Dis gestel dat MAWU en UMMAWUSA vergaderings gehou het oor behuising en skoolprobleme.

Vol. 122, p.6104.

1.2.6 Dis gestel dat MAWU werkerskomitees gestig het gedurende die 1983-verkiesings om onder die "authorities" se aandag te bring die hoë huur, behuisingsprobleme en die afbreek van "plakkarskampe" en Nkosi het dit ontken.

Vol. 122, p.6105.

1.2.7 Dis ook gestel dat vakbonde, geaffilieer aan FOSATU, baie sterk in die Springs-area was.

Vol. 122, p.6106.

Dis gestel dat daar 'n werkloosheidsprobleem in KwaThema was in 1984.

Vol. 122, p.6107.

1.2.8 Nkosi bevestig dat AZAPO in 1984 vergaderings gehou het in KwaThema.

Vol. 122, p.6107.

1.2.9 Dit is gestel dat die skole op 26 September 1984 moes heropen en dat FOSATU, MAWU en UMMAWUSA bymekaar gekom het en 'n vergadering gehou het waar tien ouers en tien skoliere verkies is om die probleme wat in ander woongebiede voorkom, te verhoed in KwaThema. - Nkosi weet nie daarvan nie.

Vol. 122, p.6107.

1.2.10 Verder is gestel dat die meerderheid van die ouerverteenvoordigers op dié liggaam was amptenare van MAWU en UMMAWUSA. Nkosi bevestig dit nie.

Vol. 122, p.6108.

1.2.11 Dis ook gestel dat FOSATU en sy affiliale die inisiatief geneem het in gemeenskapsake te KwaThema, maar Nkosi het geen kennis hiervan nie.

Vol. 122, p.6108-9.

1.2.17 Verder is gestel dat FOSATU en sy affiliale nie met UDF affilieer is nie, (wat Nkosi ontken het).

Vol. 122, p.6109.

1.2.13 Die verdediging het erken dat daar wel 'n COSAS-tak in KwaThema was.

Vol. 122, p.6109.

1.2.14 Dis gestel dat Cyril Jantjies 'n lid van ERAPO in 1984 was, en die getuie sê hy sal dit nie betwiss nie, want Jantjies het baie organisasies se vergaderings bygewoon.

Vol. 122, p.6117.

1.2.15 Dis gestel dat Jantjies die vergaderings wat hy bygewoon het, as lid van ERAPO, en nie as lid van COSAS of AZAPO bygewoon het nie.

Vol. 122, p.6118.

1.2.16 Die getuie kon nie bevestig of Duke More uit AZAPO geskors was soos die verdediging beweer nie.

Vol. 122, p.6118.

2. 6 Oktober 1984 se gebeure:

2.1 Om 3h00 is Nkosi se huis gebrand. Twee petrolbomme is in eetkamer gegooi en sy vrou en ses kinders was in die huis. Sy vrou en een kind het brandwonde aan hand opgedoen.

Nog drie petrolbomme was in een slaapkamer waar kinders geslaap het gegooi, maar het nie gebrand nie.

Vol. 122, p.6096.

2.2 'n Kombi buite huis het begin brand en Nkosi het die vuur geblus. Nkosi se huis is nie heeltemal afgebrand nie.

Vol. 122, p.6097.

2.3 Nkosi bevestig dat op 2 Oktober 1984 'n bakkery-vragmotor aangeval was.

Vol. 122, p.6109.

2.3.1 Die Verdediging het gestel dat hierdie die eerste onrus in KwaThema was, maar Nkosi kon dit nie bevestig nie.  
Vol. 122, p.6109.

2.3.2 Nkosi bevestig dat hy kan onthou dat die bestuurder van die bakkery-voertuig, a.g.v. die aanval op hom, beheer verloor het oor sy voertuig en toe drie mense doodgery en ses beseer het.

Vol. 122, p.6110.

2.3.3 Die Verdediging stel dat a.g.v. dié voorval die jeug hande uitgeruk het en aanvalle gerig het teen Raadsgeboue.

Nkosi bevestig dat die Polisie opgetree het en dat 'n aantal persone geskiet is en dat die situasie hand-uit geruk het.

Vol. 122, p.6110.

### 3. 16 Oktober 1984 se gebeure:

3.1 Die Burgemeester meneer Mzimane se huis is tweekeer dié dag aangeval.

Vol. 122, p.6097.

3.2 Om 12h00 die nag is die huis die eerste keer aangeval en gebrand. Persone verantwoordelik het vir die SA Polisie gevlug.

3.3 Om 16h35 is die huis weer aangeval. Nkosi het om 17h00 opgedaag en Mzimane se huis brand toe af.  
Vol. 122, p.6098.

3.4 Burgemeester se huis is die enigste wat aangeval is (van die Raadslede se huise).  
Vol. 122, p.6099.

3.5 Dié dag is ook die drie groot en vier kleiner biersale van die Raad aan die brandgesteek.  
Vol. 122, p.6099.

#### 4. 5-6 November 1984 se gebeure:

4.1 Nkosi het dokument ABA.64 gesien voor 5 Junie 1984 waar dit by bushaltes versprei is.  
Vol. 122, p.6099.

4.2 Op dié dae is mense gekeer om nie busse te haal nie - by 'n bushalte verby hostel waar die mense busse haal, is die busgangers teruggedryf na hul huise. Toe met sambokke.  
Vol. 122, p.6099-100.

#### 5. 6 Januarie 1985 se gebeure:

5.1 Nkosi het observasie gehou by die Gemeenskapsaal te KwaThema by 'n vergadering. Pepsi Mahlangu was die voorsitter

van die vergadering. Dit was 'n COSAS-vergadering. Daar het ook skoliere vanaf Tsakane en Duduza die vergadering bygewoon.  
Vol. 122, p.6093-4.

5.2 Na vergadering toe hul uiteengegaan het, het hulle die busse met klippe begin gooie.

Vol. 122, p.6094.

5.3 Nkosi gee egter toe dat hy a.g.v. inligting wat hy ontvang het, aanvaar het dis 'n COSAS-vergadering.

Vol. 122, p.6094.

6. 22 Januarie 1985 se gebeure:

6.1 COSAS het die massavergadering gereël in KwaThema Civic Centre en Cyrial Jantjies was die voorsitter van die vergadering. Volgens die pamflette wat versprei was, was dit 'n COSAS-vergadering. Nkosi is na die vergadering as 'n ouer van skoolgaande kinders.

Vol. 122, p.6094.

6.2 Jantjies het verduidelik wat die doel van vergadering was, nl. daar was 'n versoek van die skoliere dat Bantoe Onderwys afgeskaf word en hul wil nie hê Departement van Onderwys moet inmeng in wat die skoliere wil doen nie.

Vol. 122, p.6094-5.

6.3 Jantjies het gesê hulle het vergadering byeengeroep sodat ouers die skoliere kan bystaan.

Een van die skoliere lig toe sy hand en sê hier is Polisie tussen ons en die Polisie moet die plek verlaat. Die gehoor reageer toe en sê "laat die honde uitgaan" en die vier polisie-manne verlaat toe die vergadering. Die skolier wat na die Polisie verwys het, het 'n COSAS-T-hemp aangehad.

Vol. 122, p.6095.

Dis gestel dat die vergadering byeengeroep was deur 'n komitee van ouers en kinders wat in September 1984 gestig is - (Nkosi weet nie).

Vol. 122, p.6111.

Nkosi sê die skoliere was meer as die ouers op die vergadering en dat daar +500 op die vergadering in totaal was.

Vol. 122, p.6111.

Dis gestel dat die doel van die vergadering was om skoliere terug by die skool te kry en dié ouer/skoliere komitee wou ook vrede herstel in gemeenskap. Nkosi sê nee, die skoliere was "wild" en die ouers, behalwe belangrike persone (lede van organisasies) het nie gepraat nie op vergadering.

Vol. 122, p.6112.

Nkosi sê die skoliere het tussen toesprake rond gespring en "freedom songs" gesing. Hy het vier sprekers (twee ouers en

twee skoliere) hoor praat voor hy weg is van die vergadering.  
Vol. 122, p.6113-4.

Nkosi bevestig dat hy ook hier, op grond van inligting ontvang, aanvaar het dat dit 'n COSAS-vergadering was.  
Vol. 122, p.6111.

#### 7. Dokumentêre Getuienis:

7.1 Bewyssstuk C.118: UDF (Tvl) Emergency UDF Working Document van 26 September 1984:

7.1.1 Eerstens verklaar UDF, dat op grond van "our victories in the past few weeks", (dis twee weke na die Vaal-opstand) nuwe voorstelle gemaak word om die aanhoudings en ander sg. "onderdrukkende maatreëls" deur die Staat oneffektief te maak.

7.1.2 Die voorstel word gemaak dat area-komitees ingestel word - o.a. een waarop KwaThema verteenwoordig sal wees, en dat die taak van die komitee sal wees om die gemeenskapswerkers-, skoliere- en ander groepe se "struggles" te help veg.

7.1.3 Uit paragraaf 6 van die dokument is dit duidelik dat die komitee nie later as einde September 1984 ingestel moes gewees het nie.

7.2 Bewyssstuk W.21, p.2, laaste kolom, 2de laaste paragraaf (SASPU Focus van November 1984):

7.2.1 Die dokument, wat aantoon hoe suksesvol die wegblýaksie van 5-6 November 1984 was, staaf die getuienis van Nkosi t.o.v. die intimidasie van werkers wat wel dié dag wou gaan werk het.

7.2.2 P.8, 2de kolom: Hier bevestig die dokument die gewelddadige konfrontasie tussen die skoliere en die Polisie o.a. in KwaThema. Dit word verder bevestig dat die skole-boikotte in Tembisa begin het en o.a. na KwaThema versprei het.

7.2.3 P.9, 3de kolom: Hier word bevestig dat komitees ("student/parent committees" o.a. ook in KwaThema gestig is "and in support of boycotting students at Mabopane Technikon, NGOYE and Transkei Universities". Dit blyk dus weer gedoen te wees om eenheid tussen ouers en skoliere te verkry vir aksie as vir oplossing van skole-probleme.

7.3 Bewysstuk ABA.49: Pamflet van 16 Junie herdenking: Hierdie pamflet staaf UDF se betrokkenheid in KwaThema - om welke ander rede sal UDF die mense oproep na 'n vergadering aldaar?

7.4 Bewysstuk ABA.64: Pamflet 5-6 November 1984 - wegblý-aksie:

Ook hierdie dokument toon UDF se geaffilieerde se betrokkenheid by KwaThema. Soos uit bewysstuk AB7, 6de dokument, blyk, het ERAPO, COSAS, en FOSATU die wegblý-aksie gesteun, en was dit 'n "sukses" sover dit KwaThema betref.

Soos uit bewysstuk ABA.49 blyk, word hier weer gebruik gemaak van knelpunte soos huur, en sg. "onderdrukking", om die massas op te sweep en te mobiliseer vir die sg. "united action".

8. Dit is, met respek duidelik uit die getuenis as geheel dat COSAS agter die organisasie van die skoliere rondom skool probleme in KwaThema is, en dat die stellings wat die Verdediging gemaak het, nl. dat MAWU en ook FOSATU en sy geaffilieerde die leidende ligte was in die Parent/Student Committee en gemeenskapsorganisasie, nooit bewys is in die lig van die getuie Nkosi se ontkenning daarvan nie.

Soos uit bewysstuk C118 blyk, was UDF self besig om die skole-, gemeenskaps-, en workers-"struggles" te voer en te koördineer.

Dit is verder duidelik dat die skoliere met die Polisie in gewelddadige konfrontasie was, en dat hul inderdaad die polisie as hul teikens uitgesoek het.

Uit bewysstuk ABA.64 en bewysstuk AB.7 is dit duidelik dat ERAPO, COSAS en FOSATU in KwaThema die weg'bly-aksie van 5-6 November 1984 gereël het, dat dit 'n "sukses" was en dan blyk dit uit die onbetwiste getuenis van Nkosi dat hierdie weg'bly-aksie met geweld afgedwing is. By gebrek aan enige getuenis van die Verdediging word betoog, kan die hof slegs een redelike afleiding maak, en dit is dat dit COSAS, ERAPO en FOSATU is wat ook agter die gewelddadige afdwinging van die weg'bly-aksie is.

NB

SOWETO

1. ALGEMEEN

1.1 IC.12 het namens die Staat getuig dat hy die Voorsitter van die AZASO-tak in 1984 te Soweto College of Education was. AZASO het UDF-kampanjes op "branch-level" uitgevoer.

Kampanjes teen die Grondwet, vir Education Charter, teen Swart Plaaslike Besture en in die MSC is gevoer ook op plaaslikevlak met koördinering van UDF. Hy was ook 'n lid van die komitee op NEUSA wat "workshops" gereël het. AZASO het 'n kongres vanaf 4 Julie 1984 in Soweto gehou.

Bewyssstuk V11.

1.2 IC.12 het verder getuig dat SOYCO gestig is om voorsiening te maak vir persone wat nie meer aan COSAS kan behoort omdat hul die skool verlaat het. COSAS het 'n komitee gestig wat hom beywer het vir die stigting van SOYCO. SOYCO, AZASO en COSAS moes nasionale kampanjes van UDF uitvoer om lede van UDF te kon wees.

Popo Molefe (beskuldigde 19) is o.a. genader oor die stigting van SOYCO - om advies te gee. Beide Popo (SCA) en Frank Chikané was t.g.v. die stigting van SOYCO. Matotsi Lephosa is ook genader oor stigting van SOYCO.

Vol. 84 p.2925

Vol. 84 pp.4296-8

Vol. 85 p.4335.

1.2.1 IC.12 het getuig dat hy op 31 Julie 1983 die stigtingsvergadering van SOYCO bygewoon het.

Vol. 84 p.4299.

Bewysstuk V.25 is 'n transkripsie van 'n video-opname wat van die gemelde stigtingsvergadering van SOYCO gemaak is, waaruit die volgende blyk:

1.2.1.1 Die vergadering voorafgegaan en ook gedurende die vergadering is etlike vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskree waarin die ANC, sy leiers, sy militêre vleuel en hul dade van geweld verheerlik word. Dit word betoog dat uit die vryheidsliedere en slagspreuke dit duidelik is dat die ANC en SOYCO dieselfde vryheidstryd stry en dat die aanwesiges hierdie twee organisasies sien as bondgenote - so word in dieselfde liedere van die ANC en SOYCO gesing en die organisasies om die beurt geprys.

V.25 pp.3.4.

1.2.1.2 Die vergadering is gebruik deur baie sprekers om die jeug op te sweep tot meer militante optrede, en vir die doel het die eerste spreker bv. verwys o.a. na Tambo, Sisulu, Mandela - almal mense wat geweld nie net predik nie, maar wat dit in die praktyk beplan het.

V.25 p.5.

1.2.1.3 Eric Molobi stel die mense op die verhoog voor - en maak dan melding van die feit dat "Mr Mathews served 12½ years in the Island for his contribution into the struggle."

V.25 p.6.

Dr Motlana se verwantskp met die ANC Youth League word eweneens beklemtoon, en dan word gepropageer dat die ANC "the mother organisation in this country" is.

Ook Dan Montsisi word geprys en daar word verwys na die 8 jaar gevangerisstraf wat hom opgelê was en die feit dat hy ook op Robben Eiland sy vonnis uitgedien het.

v.25 p.7.

1.2.1.4 Dr Motlana, in sy toespraak, propageer dat die jeug van vandag moet leer uit die voorbeeld wat die ANC Youth League gestel het - dit het die ANC self meer aktief gemaak.

v.25 p.13.

1.2.1.5 Dr Motlana verkondig aan die gehoor dat die teenwoordigheid van die ANC Youth League, in al die ANC se kampanjes "were decisive in the militarization of the ANC both organisationally and ideologically."

V.,25 p.15.

1.2.1.6 Die voorsitter, in sy reaksie op Motlana se toespraak, gryp die voorbeeld aan van Bram Fischer, Sisulu, Tambo en Mandela, wat hy die "Stalwart of our revolution" (my onderstreping) noem, en dit word betoog dat die boodskap duidelik aan die gehoor is - dat geweld deel is van hul stryd en dat hul in 'n rewolusie is.

v.25 pp.20-21.

1.2.1.7 Dit is insiggewend dat Archie Gumede, die volgende spreker van UDF, nooit die jeug vertel dat hul nie die idee

moet kry uit die voorbeelde dat geweld geregtig is nie,  
maar hy is baie versigtig in sy bewoording van sy toespraak.  
So sê hy spesifieker "what I am saying to you is that I'm not  
saying to you, you must not act, but I am saying to you, you  
must think before you act."

V.25 p.23 en ook 24.

1.2.1.8 Gumedé doen 'n beroep op die jeug om by die stryd aan te sluit en om ander te kondisioneer om ook by dié stryd aan te sluit.

V.25 p.26.

1.2.1.9 Dan Montsisi het in sy toespraak 'n beroep gedoen op die massas om te verenig in die stryd. Hy verkondig dat "so that now, what we actually realize, is that now, the people are actually up in arms against the very racist regime."

V.25 p.33.

1.2.1.10 Hy verkondig ook dat die jeug die rol van mobilisatie en politisering van die jeug moet speel sodat 'n regering, gebaseer op die Freedom Charter, daargestel kan word.

V.25 p.36.

1.2.1.11 Mewa Ramgobin het namens NIC en UDF boodskappe van steun aan SOYCO oorgedra.

V.25 pp.40-41.

1.2.1.12 Zinzi Mandela het namens die COSAS Nasionale Uitvoerende Komitee 'n boodskap aan SOYCO gelewer en daar word

verklaar "It is only the success of the national democratic revolution, which destroying the existing social and economic relationship, will bring with it a correction of the historical injustices, perpetrated against the majority and thus lay a basis for a new and deeper internationalist approach. Until then, the national sense of grievance, is the most potent revolutionary force which must be harnessed."

V.25 pp.41-42.

COSAS maak dit duidelik aan die gehoor dat hul deel is van 'n rewolusie en dat die grieve 'n magtige rewolusionêre wapen is wat gebruik moet word om die massas op te sweep.

*Case*  
1.2.1.13 Soos in paragraaf 8.23 infra betoog word, is Dr Motlana se getuienis omtrent Mpetha se toestand op dié vergadering; met respek, leuenagtig.

Mpetha het op die vergadering na sy eie veroordeling en vonnis verwys en die jeug na aanleiding daarvan opgesweep om nie te huiver om deel te neem aan die vryheidstryd nie, maar selfs nie bang te wees om gevonnis te word weens misdade gepleeg in die vryheidsstryd nie.

V.25 p.45.

1.2.1.14 Mpetha gaan dan heen en doelbewus, na hy die vergadering se aandag verkry het, en verkeerdelik nie net die ANC nie, maar ook die militêre vleuel van die ANC.

1.2.1.15 Die reaksie van die gehoor is nie een van verleë wees oor Mpetha se uitlatings nie, maar een van vrolijkheid.

Mpetha het op daardie stadium niks te verloor gehad met dié opmerking nie, want hy was reeds skuldig bevind en gevonnis en was net in afwagting van die appèl teen sy vonnis.

V.25 p.47.

1.2.1.16 S Mkhatswa het die gehoor ingelig omtrent die rol van die jeug, nl. mobilisasie, organisasie, en het verder kapitalisme veroordeel; hy het ook die jeug daarop gewys dat die vryheidstryd nie 'n "joke" is nie, maar "struggle is life, is death."

V.25 pp.50-54.

1.2.1.17 Hy het ook 'n gedig voorgelees waarin die gewelddadigheid van die vryheidstryd beklemtoon was.

V25 pp55-56.

1.2.1.18 Ook ene Z Mtshelwane, wat 'n SAAWU-T-hemp aangehad het, het die regering veroordeel vir sg. verdrukking, swak onderwys, die nuwe grondwetlike voorstelle, en hy het ook die Freedom Charter gepopulariseer, 'n beroep gedoen vir die mobilisasie van die massas, en 'n beroep gedoen vir eenheid tussen die skoliere-, kerk-, gemeenskaps- en werkersongisasies in die vryheidstryd teen 'n "common enemy."

V.25 pp.56-63.

1.2.1.19 'n Spreker van PEYCO het laastens die vergadering toegespreek, wat daarop gewys het dat die jeug moet vir die rewolusie organiseer word al het die regering die ANC, SAKP, die sg. "S.A. African National Youth Congress of S.A.", "die

African National Youth Congress" en die "ANC Youth League" verban.

Ook verheerlik hy vir Mandela, Sisulu, Mhlaba, Gwala, Mbedu en laastens vir Solomon Mahlangu 'n veroordeelde ANC terroris.

V.25 pp.64-65.

1.2.1.20 Dit word respekvoll betoog dat enige aanwesige by die SOYCO-stigting slegs met een boodskap daar weg kon gaan, nl. dat SOYCO en die ANC bondgenote in dieselfde stryd is, welke stryd 'n gewelddadige rewolusie is in die omverwerping van die bestaande regering vir die daarstelling van 'n regering gebaseer op die Freedom Charter. Dié boodskap, word betoog, het die gehoor van UDF, COSAS en SCA-leiers ontvang wat hom onder die indruk gebring het dat UDF, COSAS, SCA en SAAWU dieselfde gewelddadige rewolusie as die ANC vir dieselfde doel veg. | NB

1.3 Getuie Mong het ook getuig dat gedurende Augustus 1984 het 'n oproep deur COSAS gekom dat skole in Soweto geboikot moes word.

Vol. 96 P.4646.

1.4 Mong het getuig dat hy op 17 Augustus 1984 agter die Jabulani Tegniese Skool, 'n ambagskool, in die veld Swart jeugdiges gekry het wat besig was met 'n vergadering. Hul vlug en laat pamphlette agter nl. bewysstuk AAW1 en AAW2 - vol. 96 pp. 4647-8.

1.5 Mong het verder getuig dat hy op 12 September 1984 diens gedoen het by St. Hilda's Kerk, Genoane, Soweto. In die kerk

kry hy jeugdiges besig om plakkate te maak. Die jeugdiges vlug en gooи hul toe met klippe. Onder hul herken hy vir Thami Mcerwa en Stanley Sigotjane - Thami was toe die president van AZASM. Die plakkate is vir AZASM gemaak.

Vol. 96 pp.4648-50.

1.6 Mong het voorts getuig dat op 3 Oktober 1984 'n COSAS-vergadering by die "Methodist Youth Centre", Jabavu gehou was en na die vergadering het mense van die vergadering na die Tulare-skool oorkant die pad gegaan en die skool ontwrig.

Kinders is uit die skool gejaag. Die groep is toe na Isaac Morison-Hoërskool - 600 meter vandaar - hul het met plakkate geloop. Die hekke was gesluit gewees en klipgooiery tussen die mense afkomstig van die vergadering en die skoliere vind toe plaas.

Vol. 96 p.4650.

1.7 Mong het voorts getuig dat hy op 9 Oktober 1984 in Moroka AZASM-pamflette in straat opgetel het - bewyssuk AAW3.

Vol. 96 p.4651.

1.8 Dis voorts deur Mong getuig dat op 30 November 1984 het hy by 'n Swartman in die straat in Senoane, Soweto 'n pamphlet gekry van die Soweto Parents Committee, wat 'n vergadering in die Rooms Katolieke Kerk, Phiri, Soweto adverteer het - bewyssuk AAW.4.

Vol. 96 p.4651.

1.9 Mong het getuig dat gedurende Augustus 1984 tot 1985 die situasie gespanne was in Soweto, met verskeie voorvalle van geweld, klipgooiery en brandstigting. In dié tyd het COSAS, AZASO, SCA en SOYCO gereeld vergaderings in Soweto gehou.  
Vol. 96 p.4679.

2. IC.12 het getuig dat hy van 4 Julie 1984 die AZASO-kongres bygewoon het en dat die kollege-tak van AZASO het geld ingesamel, die Wits-tak het sale gereël en die NEC het sprekers gereël. Sprekers was o.a. Mhpeta, beskuldigde 20, Tiego Moseneke, prof I Mohammed, D Nyembe, A Sisulu, K Qaba, B Monama, beskuldigde 19, J Cronin, Kenny Kenhlovu, Feroz Cachalia, Sidney Aba Omar, B Nair, M Marobe en Valli Moosa.

*D 0*  
*n Vroue-aand in Dell saal te Orlando-Oos is gereël en hy het dit bygewoon. In die saal het mense gedans en twee mans met AK 47 geloop. Baniere van AYCO is op die kongres vertoon.*  
Vol. 81 p.4205, pp4209-12.

2.1 Die Staat verwys verder na die betoog by die opponering van die aansoek om ontslag, p.411/7 volstaan by sy betoog aldaar.

Sien ook bewyssuk v11.

3. Mong het getuig dat hy op 26 September 1984 observasie gehou het by Bongani Khumalo, sekretaris van COSAS, se begrafnis te Regina Mundi, Soweto.

Van die begrafnispoging was o.a. geklee in COSAS-, SOYCO-, RMC-, UDF-, en SAAWU-T-hemde.

Na die begrafnis is karre en busse aan die brand gesteek.

Hy was by toe beslag gelê is na die begrafnis, op die video-opname wat gemaak was deur 'n Duitse Televisiespan van die begrafnis.

Vol. 96 p.4652.

3.1 Die Staat betoog dat dit uit die video en transkripsie V.27 voor die hof duidelik blyk dat -

3.1.1 Die ANC en sy leiers gepopulariseer is op die begrafnis.

3.1.2 Die gehoor opgesweep is tot geweldpleging en identifisering met Umkhonto we Sizwe.

3.1.3 Die gehoor tydens die optog na die graf die polisie uitgeskel het as "honde" en dat die begrafnispoging onmiddellik na die begrafnis die polisie met klippe begin gooï het, waarna traanrook eers gebruik is deur die polisie.

3.1.4 Behalwe vir die gebed in die kerk aan die begin van die verrigtinge en die gebed by die graf, daar niks gedoen is wat normaalweg met 'n begrafnis assosieer word nie - die hele verrigtinge was ingestel op opsweeping van die massas en verheerliking van die ANC en sy dade van geweld.

3.2 Die getuienis van Dr Motlana oor wat by die diens sou gebeur het, word bespreek in paragrawe 8.26-8.28 infra en, soos daar aangetoon word, behoort dit verwerp te word.

4. Beskuldigde (16) het oor die gebeure in Soweto namens die Verdediging getuig.

4.1 Respekvol word betoog dat beskuldigde (16) nie gretig was om te verduidelik of SCA deel van die vryheidsstryd is nie, en het hy nie dié vraag beantwoord nie.

Vol. 277 p.15074.

4.2 Beskuldigde (16) was traag om toe te gee dat die SCA, UDF en die ANC almal deel is van die sg. "liberation movement", en antwoorde moes letterlik uit hom getrek word.

Vol. 277 pp.15098-9.

4.3 Beskuldigde (16) het toegegee dat die apartheidstelsel, die Regering en dié wat vir die Regering gestem het, die vyand van die massas is.

Vol. 277 p.15101.

4.4 Ook sien hy die Blankes wat die vryheidsstryd steun as die sg. "progressive Whites".

Vol. 277 p.15102.

4.5 Beskuldigde (16) se hele weergawe oor die kwessie van affiliasie van SCA met UDF is, om die minste te sê, onge-loofwaardig: Hoe is dit moontlik dat Dr Motlana op UDF (Tvl)

se uitvoerende bestuur kan wees sedert 6 Augustus 1983, sonder dat beskuldigde 16, die SCA se sekretaris, daarvan kan weet? Hoe kan beskuldigde 16 dan getuig dat "... there was a strong possibility that Dr Motlana could have been" ('n lid van Tvl-UDF se Uitvoerende Komitee).

Vol. 277 p.15110 en bewyssstuk A.5.

4.6 Wie sou Dr Motlana in elk geval verteenwoordig het as dit nie SCA was nie?

Hoe kan dit wees dat mnre Bokala, Eerwaarde Chikane en beskuldigde 19, almal lede van SCA, nooit dit bekend gemaak het aan beskuldigde 16 dat die SCA geaffilieer is by UDF, ðf dat Dr Motlana op UDF (Tvl) se Uitvoerende Komitee verkies is nie?

Vol. 277 pp.15112-4.

4.7 Dis 'n ongeloofwaardige storie wat beskuldigde 16 nie vorendag kom, nl. dat hy as sekretaris van SCA, nie weet wie SCA op UDF se nasionale stigting verteenwoordig het nie.

Vol. 277 pp.15114-5.

4.8 Beskuldigde 16 se weergawe omtrent bewyssstuk K1 en die vergadering van UDF (Tvl) se Algemene Raad op 17 September 1983, is totaal ongeloofwaardig.

Vol. 277 p.15117.

4.9 Dit is, met respek duidelik dat die verweer dat die SCA nie betrokke sou wees by die Onderwyskampanje van UDF, vals is

en dat beskuldigde 16 sy bes doen om SCA se ware kleure weg te steek.

Vol. 277 p.15117.

4.10 Dat beskuldigde 16 sekere aspekte van SCA se deelname aan die onderwyskwessie wegsteek, blyk duidelik uit sy antwoord op p.15123 vol. 277.

"... COSAS continued with the boycotts. That is why in the end we had to create - that is why in the end a committee was created which would deal with that issue specifically and this was the Parents Student Organisation. That was the parents Students Committee that was later elected".

4.11 Beskuldigde 16 se weergawe omtrent SCA en COSAS se samewerking, is ewe verdag; SCA en COSAS kom byeen "to discuss the type of SRC that COSAS wants with the SCA" - bewyssstuk AX14, p.10 en vol. 277 pp.15120-1 - maar tog bespreek hul toe nooit die aard van die SRC's nie.

Vol. 277 p.15122.

4.12 Beskuldigde 16 getuig dat alhoewel Dr Motlana die lede van SOYCO op die stigting van SOYCO opgeroep het tot samewerking met SCA en UDF, dit nooit gebeur het tot en met sy arres nie.

Vol. 277 pp.15124-5.

4.13 Beskuldigde 16 se getuienis dat hy nie geweet het van SCA se betrokkenheid by die 5-6 November 1984 wegblý-aksie,

soos in bewysstuk AB7, 6de dokument te boekgestel, is totaal ongeloofwaardig.

Vol. 277 p.15140.

4.14 Beskuldigde 16 se weergawe t.o.v. die posisie van SCA enersyds t.o.v. Swart Onderwys, is dat dit afgeskaf moet word, dat die skoliere se eise redelik is, dat hul grieve gegrond is, maar andersyds dat hul slegs die skoliere terug by die skool wou gehad het waar dié onaanvaarbare onderwys aangebied word.

Vol. 278 p.15153 en sien ook p.15175 en W.74 p.5.

4.15 Beskuldigde 16 se weergawe dat die skoliere te Atteridgeville sou geboikot het oor vraestelle wat kwansuis nie nagesien sou gewees het nie, en dat SCA dié kwessie sou bespreek het, word nie deur die dokumentêre bewysstukke gestaaf nie, maar eerder weerspreek.

Vol. 278 p.15155.

4.16 Beskuldigde 16 het die hof t.o.v. die posisie van Frank Chikane probeer mislei deur voor te gee dat hy 'n gewone lid van SCA was, terwyl hy inderdaad op die bestuur van die SCA was.

Vol. 278 pp.15157-8.

4.17 Uit die S-reeks bewysstukke blyk dit dat mnre Bokala, E Molobi, P Lephunya, Frank Chikane, P Molefe (beskuldigde 19), Aubrey Mokoena almal lede van SCA, etlike Uitvoerende Komitee- vergaderings van UDF (Tvl) vanaf 15 September 1983

bygewoon het. Dit is totaal onaanvaarbaar dat nie een van dié mense nooit by SCA sou rapporteer het dat Dr Motlana verkies is op die Uitvoerende Komitee van UDF (Tvl), en die kwessie van die SCA se affiliasie met UDF bespreek het nie.

Vol. 278 pp.15191-98.

4.18 Beskuldigde 16 se weergawe dat SCA nie met UDF saamgewerk het of enige UDF Algemene Raadsvergaderings bygewoon het nie, word deur die notules van die vergaderings, sowel as bewysstuk 26 weerspreek. Dit is totaal onaanvaarbaar dat al hierdie notules, asook bewysstuk 26, wat deur die betrokke afgevaardigdes voltooi is foutief kan wees. Dis duidelik dat beskuldigde 16 die hof t.o.v. SCA se betrokkenheid by UDF probeer mislei.

Vol. 279 pp.15201-17

Bewysstuk K1, K2, M2, N2, O1, P1, Q2.

4.19 Beskuldigde 16 kan nie verduidelik waarom dit vir hom nodig was om in bewysstuk AX14, p.69 (die aansoek om affiliasie van SCA), te skryf dat hul aansoek doen om offisieel te affilieer nie - dit is met respek, 'n verdere aanduiding dat sy getuienis dat SCA nie voor Oktober 1984 affilieer was nie, vals is.

Vol. 279 pp.15218-19.

4.20 Beskuldigde 16 se ontkenning dat SCA betrokke was by die Daleside-werkswinkel op 27-29 April 1984 is óf vals óf dis

duidelik dat dié sekretaris van SCA glad nie op hoogte is met die SCA se aktiwiteite nie.

Bewysstuk U4(a)-(c) en

Vol. 279 p.15221-226.

Die vraag ontstaan dadelik hoe het dit gekom dat SCA se lede die werkswinkel kon bywoon sonder dat beskuldigde 16 die sekretaris, dit geweet het? Na wie is die uitnodiging gestuur om dié werkswinkel by te woon? Dis onaanvaarbaar dat mnre Phloho Lephunya, Rantao, Jada, Maruping, Ramokgopa, Mereyotle, en Sikiya, almal lede van SCA, dié werkswinkel sou bygewoon het, oor SCA se aktiwiteite daar sou rapporteer het, sou beplan het vir toekomstige aksie en dit nooit aan SCA terug gerapporteer het nie.

4.21 Beskuldigde 16 se verduideliking m.b.t. die sq. "apartheid courts", as synde 'n verwysing na slegs die "Native", of "Bantu Commissioners Courts", en nie ook die gewone howe nie, is onaanvaarbaar - nêrens word dit so verduidelik aan die leser nie en die stuk self beperk dit ook nie tot daardie tipe howe nie.,

Vol. 279 pp.15238-40.

4.22 So ook is beskuldigde 16 se verduideliking van die sq. "thousands killed ... by the police force and army of this apartheid regime", vals - hy probeer voorgee dat hul al die mense insluit vanaf die eerste botsings tussen Blankes en Hottentotte, 'n paar eeu gelede, maar in die lig van sy

verwysing na "this apartheid regime" is dié verduideliking ooglopend vals. Hierdie is weer een van die propaganda-stukke waardeur die SCA, soos UDF ook, h totale valse beeld skep in h poging om die massas op te sweep, of om die "geregverdigheid" van SCA se stryd te probeer propageer.

Vol. 279 pp.15241-2.

4.23 Beskuldigde 16 se verduideliking waarom hul Mandela en sy mede-gevangenes as hul leiers beskou, en sy poging om die feit dat dié here steeds geweld voorstaan, te verduidelik, (nl. dat hul hul vonnisse uitdien vir wat hul ookal verkeerd sou gedoen het), is onoortuigend - Mandela se siening oor geweld is nie so "harmless" as wat beskuldigde 16 probeer voorgee nie - die vraag bly steeds, waarom word dié man nie deur SCA veroordeel vir sy goedpratery van geweld nie?

Vol. 279 pp.15243-4.

4.24 So ook is beskuldigde 16 se poging om te verduidelik wat in bewysstuk AX15 p.38 bedoel word met die stelling "there will never be peace in South Africa as long as the majority of the oppressed is not involved in determining their own destiny but confined in a brutal way to 13% of the land" (my onderstrepding), ongeloofwaardig.

Vol. 279 pp.15244-7.

4.25 Veral is beskuldigde 16 se verduideliking van die stelling

"All those who are going to put their vote on August, 22 and 27 shall also be declaring their side with the enemy against the oppressed majority and thus will be taking the blame for the evils of this system as perpetrated against the defenceless majority and also for the blood that will be shed in South Africa after August 1984." totaal onaanvaarbaar.

Bewysstuk AX15, p.38 en  
Vol. 279 p.15247.

Hy beweer dat dié "bloed" verwys na "hard work and sweating for your right."

4.26 Beskuldigde 16 se weergawe van hoe die Komitee van Tien, en later die SCA, tot stand gekom het, bots met 'n dokument van die SCA wat dié geskiedenis weergee - bewysstuk AM24 en sien vol. 280 pp.15257-9 - waar beskuldigde 16 toegee dat dié weergawes, volgens hom, verkeerd is.

4.27 Beskuldigde 16 se weergawe dat SCA niks te make gehad het met die sg. "Black Christmas"-kampanje in 1984 nie, word weerspreek deur bewysstuk AA8, waar die SCA genoem word as een van die organisasies wat die kampanje steun.

Ook is beskuldigde 16 se getuienis dat dié kampanje "was a campaign to save the people from themselves" (om te verhoed dat mense geld uitgee op luukshede), in die lig van bewysstuk AA7 en AA8 se inhoud, klaarblyklik vals.

Die dokumente doen 'n beroep op die massas om te dink aan "those dying daily of being shot by Police and the army" o.a., en verkondig dat "this is the year of the struggle, the year in which we saw apartheid being bravely defeated", en dan word die massas gemobiliseer "Let us think, think carefully how we can intensify the struggle in the coming year" - AA7.

Ook doen AA8 'n beroep op die mense "Don't buy from businesses supporting Community Councillors and the Tri-Cameral Parliament". Sien ook vol. 280 pp.15260-1.

4.28 Beskuldigde 16 se ontkenning dat die SCA na die November 1983-verkiesings steeds 'n kampanje teen die Swart Plaaslike Besture gevoer het, word deur bewysstuk AM23 (Resolusies van die SCA in Desember 1984) weerspreek, want daar word besluit (op p.4 paragraaf 3) "That the SCA should mount its campaign to ensure that councillors should resign from these structures". (My onderstreping).

Sien vol. 280 p.15255.

vol. 280 p.15268.

4.29 Ook beskuldigde 16 se getuienis dat die SCA op sy eie, onafhanklik van die UDF, 'n kampanje teen die Swart Plaaslike Besture gevoer het, word weerspreek deur bewysstuk C110 p.6, waar UDF verklaar dat hul kampanje "resulted in ... the strengthening of existing civics, for example the Soweto Civic Association."

Vol. 280 p.15268.

4.30 Beskuldigde 16 se relaas dat die SCA net in plaaslike kwessies belanggestel het, is vals.

Vol. 280 p.15277.

Dr Motlana, die President van SCA verklaar in bewysstuk W74, p.5 "Ours is a simple demand. One man one vote in an undivided fatherland. Nothing else will restore peace in this land."

En sien vol. 280 p.15317.

4.31 Ook bewysstuk AU7, wat Dr Motlana aanhaal, weerspreek beskuldigde 16 t.o.v. die feit dat die SCA slegs in sg. "local issues" betrokke was. "We are interested in power, he said, (Dr Motlana by VCA se stigting), not a platform just to air grievances. We want power to vote, to make the laws of this country and to administer this country."

4.32 Beskuldigde 16 se weergawe dat hy niks van bewysstuk C510, die gemelde werkswinkel, of die bestaan van 'n UDF area komitee in Soweto weet nie, is vals.

Vol. 280 p.15336.

As beskuldigde 16 die waarheid praat, sou dit beteken dat iemand êrens in UDF die SCA se naam altyd valslik op UDF se dokumente en notules van vergaderings, soos die S-reeks vergaderings en vergaderings in bewysstuk K1, K2, M2, N2, O1, P1 en Q2 vermeld, aanbring.

Sien ook bewysstuk AX15 'n uitnodiging van SOYCO aan SCA om 'n beplanningsvergadering vir 'n area komitee by te woon en wat beskuldigde 16 in sy besit gehad het.

Vol. 7281 pp.15364-5.

4.33 Bewysstuk AL135 is formeel erken gevind te gewees het in die besit van beskuldigde 16, tog kom hy, wanneer hy gevra word oor die sg. "joint civics", en ontken dat hy iets van die bewysstuk weet of dat dit by hom gevind is.

Vol. 281 p.15347.

4.34 Beskuldigde 16 het getuig dat hy van geen onrus in Soweto gedurende 1984 weet nie, maar bewysstuk AM.15, die sg. "Occurrence Book for Transvaal", wat UDF bygehou het in hul kantore, weerspreek beskuldigde 16 hieroor direk.

Vol. 281 pp.15366-8 en 15370.

4.35 Ook is beskuldigde 16 se getuienis dat SCA voor Oktober 1984 nie geaffilieer het met UDF nie, vals as in ag geneem word dat 'n tak van SCA, nl. Naledi Civic Association, betrokke was by reëlings i.v.m. bystand.

Vol. 182, p.15368.

Dit was in September 1984, voordat SCA volgens beskuldigde 16 geaffilieer het met UDF.

4.36 Beskuldigde 16 het ook verwys na die gebeure in die Vaal op 19 Augustus 1984, toe hy 'n vergadering daar toegespreek het, en uit sy getuienis blyk die volgende:

4.36.1 Beskuldigde 16 en 3 se getuienis verskil deur dat beskuldigde 3 voorgegee het dat toe hy beskuldigde 16 in sy huis sien, was daar twee vreemdelinge by, wie aan hom voorgestel is, terwyl beskuldigde 16 beweer dié twee was reeds weg toe beskuldigde 3 uitkom om te groet.

Vol. 282 p.15391 en

Vol. 238 p.12681.

Dit word betoog dat dit beskuldigde 3 se weergawe dat hy nie kans gehad het om met beskuldigde 16 vooraf voor die vergadering te praat nie, weerlê.

4.36.2 Beskuldigde 16 getuig dat daar geen terugrapportering deur beskuldigde 3 was op die vergadering nie.

Vol. 282 p.15397.

4.36.3 Beskuldigde 16 se getuienis oor die vergadering is inderdaad vaag, behalwe op sekere kern-aspekte wat die Verdediging se verweer pas.

Vol. 282 p.15397-8.

4.36.4 Beskuldigde 16 ontken dat hy op die vergadering sou beweer het die Raadslede het die ou mense omgekoop om vir hul te stem.

Vol. 282 p.15399.

4.36.5 Beskuldigde 16 beweer hy sou t.o.v. organisasies slegs die mense aangemoedig het om organisasies te vorm.

Vol. 282 p.15399.

4.36.6 Beskuldigde 16 weerspreek al die stellings van die Verdediging en ook van die ander Verdedigingsgetuies t.o.v. die sg. nota of kennisgewing wat hy op die vergadering sou gehad het of nie gehad het nie.

Eers sê hy, (vol. 282 p.15401), dat hy 'n kennisgewing i.v.m. die huurverhoging in sy hand gehad het; dan sê hy ook dat hy dit nie uitgelees het aan die vergadering nie (vol. 282 p.15413); dan sê beskuldigde 16 ook dat hy geen notas gehad het waarvan hy sy toespraak gemaak het nie (vol. 282, p.15415), dan getuig beskuldigde 16 eers dat hy geen ander papiere in sy hand gehad het nie, waarna hy homself korrigeer en beweer hy het 'n nota wat van beskuldigde 3 kom (en wat handel oor die teenwoordigheid van polisie op die vergadering) in sy hand ook gehad.

Vol. 282 p.15415.

4.36.7 Beskuldigde 16 weerspreek die stelling aan die Staats-getuie Koaho, nl. dat beskuldigde 16 sou gesê het dat i.p.v. dat die pensioenaris se enige voordeel uit hul stem vir die Raadslede gekry het, het hul 'n huurverhoging gekry.

Vol. 25 p.1219 en

Vol. 282 p.15402.

4.36.8 Beskuldigde 16 beweer dat hy in sy toespraak daarop gewys het dat Raadslede beloftes gemaak het aan die kiesers, maar dan getuig hy dat hy, (sonder dat hy dit vir sy gehoor gesê het), na die Raadslede in Soweto verwys het. Hy het geen

kennis oor die posisie van die Raadslede in die Vaal gehad nie. Dit word betoog dat dit hier duidelik is dat selfs beskuldigde 16 na dié vergadering is met die voorgestelde plan om die Raadslede af te kraak in die oë van die gehoor sonder enige basis.

Vol. 282 p.15403

4.36.9 Beskuldigde 16 se weergawe dat hy (en waarom hy), die gehoor sou ingelig het dat hul ander Raadslede kan kies, is ongeloofwaardig.

Vol. 282 pp.15403-5.

Waarom wou beskuldigde 16 nie die mense in die Vaal inlig dat hy teen die Raadstelsel is nie, en dat dié stelsel nie in Soweto "werk" nie, waarom moes die inwoners in die Vaal, (op 'n vergadering oor huurverhogings ingestel deur Raadslede), eers leer of hul met nuwe verkose raadslede oor die weg kon kom?

4.36.10 Beskuldigde 16 se hele verduideliking omtrent sy toespraak waar hy sou gesê het die Regering moet die huur betaal, is ongeloofwaardig: hy probeer voorgee hy het nie bedoel die inwoners moet onmiddellik stop om huur te betaal nie, maar hul moes dit eers as 'n moontlikheid ondersoek het - tog het hy nie 'n woord omtrent die ondersoek van die saak aan die gehoor gerep nie.

Vol. 282 p.15410.

4.36.11 Beskuldigde 16 ontken dat beskuldigde 2 of enigeen anders sou gesê het die Raadslede vat die geld van die inwoners wat hul nie verkies het nie, en dat die Regering die raadslede sou verkies het.

Vol. 282 p.15418 en

Vol. 29 pp.1407-8.

4.36.12 Ook wat t.o.v. beskuldigde 1 se toespraak gestel was, nl. dat beskuldigde 1 sou gesê het die verhoogde huurgeld sal deur die Weermag gebruik word, ontken beskuldigde 16.

Vol. 282 p.15420 en

Vol. 26 p.1248 en

Vol. 29 p.1408.

4.36.13 Beskuldigde 16 weerspreek ook bewysstuk AAQ6, wat deur die Verdediging ingehandig was en wat volgens hul 'n "contemporaneous report" sou wees, en wel t.o.v. die bewering dat die gehoor "angry", en "emotionally charged" was en ook ontken hy dat daar enige UDF of vakbond-spreker was. Hy betwiss ook dat daar "scathing attacks" op raadslede was.

Vol. 282 pp.15421-2 en

Vol. 25 p.1203.

4.37 Dit word respekvoll betoog dat beskuldigde 16 in die geheel gesien 'n ongeloofwaardige getuie was wat daarop uit was om die SCA se betrokkenheid by UDF en dié se kampanjes, van die hof te weerhou.

5. Ook mnr L L Mosala het namens die Verdediging getuig oor die gebeure in Soweto:

5.1 Sy getuienis het basies gehandel oor die gebeure in Soweto voor die stigting van UDF, en hy het ook reeds voor die stigting van UDF hom basies onttrek van die aktiwiteite van die SCA. Die Staat betoog dat, al aanvaar die hof sy getuie-nis m.b.t. die geskiedenis van die sg. "Urban Bantu Councils" en die "Community Councils" in toto, dit basies niks bydra tot die beslissing van die geskilpunte in die saak nie - die Staat het nog nooit betwissel dat daar in sekere kringe ongelukkigheid was (en selfs grieve wat geregtig was) t.o.v. dié stelsels en hul toepassing nie. Sien vol. 346 p.19759 (dat die getuie geen UDF-vergaderings bygewoon het nie).

Vol. 346 p.

5.2 Wat wel van belang is by beoordeling van dié getuie se getuienis, is die volgende:

5.2.1 In sy hoofgetuienis getuig hy dat hy van 1982 steeds voortgegaan het om herdenkingsdienste by te woon - vol. 346 p.19773 - maar in kruisverhoor dui hy aan dat dit hoogs onwaarskynlik is dat hy enige dienste wel bygewoon het.

Vol. 346 p.19797.

5.2.2 Die getuie gee toe, anders as meeste ander Verdedigingsgetuies, dat sommige vryheidsliedere gesing word om sekere leiers te prys.

Vol. 346 p.19776.

5.2.3 Dit word verder bevestig dat die lied "Tambo is in the bush busy training the soldiers", na 1976 ontstaan het en veral deur die jeug gesing word.

Vol. 346 p.19779.

5.2.4 Mosala was baie onwillig (en het eintlik nooit die vraag beantwoord nie) om te antwoord of SCA die kleure swart, groen en geel as hul amptelike kleure aanvaar het.

Vol. 346 p.19782.

5.2.5 Mosala getuig dat hul jaar na jaar toegelaat het dat vryheidsliedere, soos die een "Tambo is in the bush training the soldiers", gesing word omdat hul nie tweespalt op die dienste wou hê nie.

Vol. 346 p.19786.

5.2.6 Mosala bevestig dat die SCA se bestuurslede te Tembisa, Vosloorus, aan die Wes Rand en te Port Elizabeth vergaderings gaan toespreek het t.o.v. die stigting van sg. "civics".

Vol. 346 p.19789.

5.2.7 Hy bevestig verder dat in 1968, toe die mense "high expectations" gehad het omtrent die "UBC"-stelsel, en terwyl geen organisasies teen dié stelsel geagiteer het nie, kon hul hoogstens 'n stempersentasie van 28% behaal.

Vol. 346 p.19793.

5.2.8 Mosala bevestig dat die SCA die massas gemobiliseer en organiseer het en gehelp het om hul te "educate" rondom sg. "day to day issues".

Vol. 346 p.19794.

5.2.9 Hy bevestig dat SCA met jeugorganisasies saamgewerk het t.o.v. herdenkingsdienste en proteste teen huur.

Vol. 346 p.19795.

5.2.10 Mosala bevestig dat hul (SCA) met COSAS saamgewerk het.

Vol. 346 p.19797.

5.2.11 Hy is bereid om die hof te vertel dat "soldiers" na die Tladi-skool gekom het en skoliere "attack" het (vol. 346 p.19798), maar dit blyk dat hy glad nie weet wat die skoliere gedoen het vooraf of hoekom die "soldate" na die skool gekom het nie.

Vol. 346 p.19799.

5.2.12 Hy bevestig dat geweld uitgebreek het toe mense uit hul huise gesit is weens nie-betaling van huur tydens 'n huurboikot.

Vol. 346 p.19800.

5.2.13 Mosala bevestig ook dat in 1983-84 busse aangeval en met klippe gegooi was en ook verbied was om in Soweto in te gaan tydens busboikotte.

Vol. 346 p.19801.

Cont'd ^ 16

6. Dr E Khuzwayo is ook namens die Verdediging geroep en sy het veral oor behuising, verskuiwings en onderwys getuig.

Respekvol word t.o.v. die getuie betoog:

6.1 Sy was geen deskundige op dié gebiede nie.

Vol. 357 p.20505.

6.2 Terwyl sy voorgee dat sy besondere studies oor die jeug in S.A. en veral in die Swart gemeenskap, gedoen het, het sy nog nooit van die "Education Charter" gehoor nie.

Vol. 357 p.20505.

6.3 Die getuie het nooit 'n UDF vergadering bygewoon, geen ANC-dokumente na 1960 gesien nie, en het slegs bewyssuk A1 van die UDF gesien (wat aan haar beskikbaar gestel is spesifiek vir doeleindes van haar getuienis in dié saak).

Vol. 357 p.20505.

6.4 Sy was na 1982 ook nie meer by SCA betrokke nie en dit word betoog dat sy dus nie hierdie hof behulpsaam kan wees by die beoordeling van enige van die geskilpunte voor die hof nie.

Vol. 357 p.20507 en p.20509.

6.5 Haar "kennis" van die onderwys en jeug blyk uit die feit dat sy, soos sy toe gee, nie iets weet omtrent die skoliere se organisasies nie.

Vol. 357 p.20510.

6.6 Sy weet ook nie wat die ANC of UDF ten doel het wanneer hul praat van die "liberation of the masses" nie.

Vol. 357 p.20511.

6.7 Sy gee toe dat dit die taak van die SCA was, toe sy nog 'n lid daarvan was, "to make the residents of Soweto aware of the issues of concern in the community."

Vol. 357 p.20512.

6.8 Die getuie Khuzwayo gee toe dat sy nie kan betwissel of SCA na haar onttrekking aan die SCA, besluit het op 'n beleid dat alternatiewe strukture geskep moet word nie.

Vol. 357 p.20513.

6.9. Die getuie het ook geen dokumente van COSAS m.b.t. geweld ooit gesien nie en sy weet ook van geen sodanige verklarings namens COSAS nie.

Vol. 357 p.20515.

6.10 Die getuie het getuig dat sy tot 1985 herdenkingsdienste bygewoon het, maar van al die vryheidsliedere wat aan haar gestel was (en soos hul in die V-reeks bewyssstukke voorkom), ken sy kwalik een.

Vol. 375 pp.20591-8.

6.11 Dr Khuzwayo se getuienis oor haar bywoning van herdenkingsdienste is natuurlik teenstrydig - eers verklaar sy op p.20494, vol. 357 "Have you in 1983/1984/1985 attended

commemoration services and meetings? - Yes, as far back as 1976 after the unrests there have been a series of commemoration services ..." en dan getuig sy weer "... the last commemoration meetings I attended was some time round about 1982".

Vol. 357 p.20519.

6.12 Sy het laas, net na COSAS se stigting, met hul vergader, en sy het geen SOYCO-, FEDSAW-, Soweto Parents Committee-vergaderings ooit bygewoon nie.

Vol. 357 p.20522.

6.13 Veel van die getuienis wat die getuie gegee het oor sg. gebeure in 1976 se onluste en wat die onderwysers sou gedoen het, is gebaseer op hoorsê.

Vol. 357 p.20525.

6.14 Die getuie bevestig dat die knelpunte voor UDF se stigting op 'n onafhanklike basis deur die organisasies opgeneem is, en verder betwis sy nie die feit dat die knelpunte gebruik word om die massas op landswyse basis te mobiliseer, organiseer en te politiseer nie.

Vol. 357 p.20526.

6.15 Die getuie bevestig dat sy haar menings, wat sy in haar hoofgetuienis oor UDF se resolusies uitgespreek het, terugtrek omdat sy nie die vaagste benul het oor watter uitleg UDF self heg aan die resolusies nie.

Vol. 357 p.20527.

6.16 Respekvol word ten slotte betoog dat die getuie se getuienis in wese 'n bevestiging is van die Staat se argument dat grieve wat bestaan het, en wat op losse basis aangepak was deur verskillende organisasies, deur UDF gekoördineer is.

Dit word verder betoog dat die hof, in die lig van die gebrek-kige kennis van dié getuie oor UDF en sy affiliale se beleid en besluite rondom onderwys, behuising en verskuiwings, weinig waarde, indien enige kan heg aan enige ander getuienis wat die getuie gelewer het.

7. Biskop M Buthelezi het ook getuig vir die Verdediging en die volgende van sy getuienis word beklemtoon:

7.1 Die getuienis m.b.t. die gebruik in die verskillende kerke, soos hul drag, optrede, liedere ens. is, met respek, totaal irrelevant tot die geskilpunte in die saak, en die poging van die Verdediging om d.m.v. hierdie getuie die gedrag van mense by herdenkingsdienste, hul sang en slagspreuke te verontskuldig, het gefaal.

Vol. 401 pp.23354-5, p.23358, pp.23377-8.

7.2 Ook die poging om 'n onskuldige uitleg aan "Mkhonto we Sizwe" te gee, was nie geslaagd nie - dié getuie se voorbeeld nl. dat onderwys beskryf was as 'n "new spear", kan met respek tog nie die duidelike popularisering van die militêre vleuel van die ANC op politieke vergaderings soos in die V-reeks van bewyssstukke vervat, in iets anders omskep nie.

Vol. 401 pp.23375-6.

7.3 Die getuie se verduideliking dat baniere in swart, groen en geel beskou word as blote dekorasie in sale, is só inherent ongeloofwaardig dat dit sonder meer verworp behoort te word.

Vol. 401 p.23394.

7.4 Die vlag in swart, groen en geel op 'n kis, gee die getuie egter toe, simboliseer "iets".

Vol. 401 p.23395.

7.5 Die getuie gee toe in kruisverhoor dat die dansery, hande geklap asook bewegings met die liggaam in kerkdienste, godsdiestig van aard is en niks met politiek te make het nie.

Vol. 401 p.23410.

7.6 Die getuie gee toe dat kerkliedere verander word deur organisasies in vryheidsliedere.

Vol. 401 p.23412.

7.7 Biskop Buthelezi se getuienis dat herdenkingsdienste op 16 Junie nie misbruik word deur organisasies nie, maar "the focal point is always what June 16 stands for ...", word met respek deur die bewyssstukke voor die hof wat oor dié dag handel, weerspreek - sien bv. V.10.

Vol. 401 p.23413.

7.8 Die getuie gee toe dat by die herdenkingsdienste word altyd oproepe gedoen op die gehoor om by die vryheidsstryd aan te sluit.

Vol. 401 p.23421.

7.9 Die getuie, wat in hoofgetuienis voorgegee het dat hy baie herdenkingsdienste bygewoon het, blyk in kruisverhoor 'n hopeloze geheue hieroor te hê - hy kan geen aanduiding gee hoeveel sulke dienste hy bygewoon het nie, en sukkel om vrae hieroor te antwoord.

Vol. 402 pp.23433-6.

7.10 Waar die biskop aanvanklik probeer voorgee het dat herdenkingsdienste deur priesters gereël word omdat organisasies onder mekaar sou twis gee hy toe in kruisverhoor dat die organisasies soos COSAS, SOYCO, AZASO en SCA saamwerk in die organisering daarvan.

Vol. 401 p.23416.

Vol. 402 p.23436.

7.11 Die biskop se getuienis m.b.t. vryheidsliedere is ongeloofwaardig - hy ontwyk vrae, spekuleer en kan nie spesifieke gevalle aantoon waar en welke liedere gesing is nie.

Vol. 402 pp.23441-5, 7-8; pp.23450-1; p.23455, p.23461; 23463; p.23483, vol. 403 pp.23518-19.

7.12 Die getuie gee toe dat die frase "spear of the Nation" se betekenis afhang van die konteks waarin dit gebruik word.

Vol. 402 p.23459.

7.13 Die getuie beweer dat die vergadering van 21 Oktober 1984, toe die Soweto Parents Committee gekies is, nie sover hy weet, deur UDF se area komitee gereël is nie, en ook nie dat

die lede van dié Parents Committee lede van UDF-geaffilieerde organisasies is nie.

Vol. 402 pp.23467-9 en

Bewysstuk J.2, paragraaf 5.

7.14 Die biskop bevestig bewysstuk AAW2 maar hy getuig dat COSAS hom meegedeel het, dat hul SRC's wil hê omdat dié hul instaat sal stel om die skoliere te politiseer en "to enable students to politically understand the problems they face at school and to link these problems with the general struggle outside the schools."

Vol. 402 pp.23480-1

7.15 Die getuie bevestig dat na die Parents Committee is 'n Crisis Committee in Soweto gestig waarvan Vusi Khanyile, Amanda Kwadi en Frank Chikane lede was.

Vol. 402 pp.23489-90.

7.16 Biskop Buthelezi het ontken dat die SARK homself sien as die alternatiewe regering, en dat hy bewus is van enige ondergrondse kerke.

Vol. 402 p.23492.

7.17 Biskop Buthelezi gee toe dat Eerwaarde Chikane op 22-23 Oktober 1987 die segsman van die SARK was te Cartigny; Geneve, by 'n verslag vergadering.

Vol. 402 pp.23496-7.

7.18 Biskop Buthelezi gee toe hy het die toespraak van Eerwaarde Chikane gehoor, hy was teenwoordig.

Vol. 402 p.23498.,

7.19 Biskop Buthelezi gee toe dat hy na 18 Januarie 1988 dié notule ontvang het deur die pos en dit gelees het.

Vol. 402 p.23498.

7.20 Die biskop se verduideliking waarom hy geen vrae gevra het omtrent die SARK se ondersteuning van ondergrondse kerke nie, is totaal verwerplik en dit word betoog dat hy leuenagtig is in dié verband.

Vol. 402 pp.23498-9.

7.21 Biskop Buthelezi se veruideliking oor die bewering in bewyssstuk CA36, nl. dat die SARK mense gehelp het om die land uit te kry vir "security reasons", nl. dat die kerk mense sal help om die land uit te kom wat deur hul bure getreiter word, is verwerplik en 'n aanduiding van dié getuie se ongeloofwaardigheid.

Vol. 403 pp.23510-12.

*Beweert  
IC oor  
SARK  
help aan  
fors*

7.22 Ook Eerwaarde Chikane, wat die gewraakte woorde in bewyssstuk CA36 sou ge-uiter het, is nie vir 'n verduideliking gevra omtrent bewyssstuk C36 nie, en hyself het ook nie iets kom rapporteer omtrent bewyssstuk CA36 nie, alhoewel Chikane die dokument ook onder oë gehad het.

Vol. 403 pp.23523-5.

7.23 Biskop Buthelezi se getuienis oor die werksaamhede oor die NECC is gebaseer op hoorsê en hyself het geen eie kennis oor die werksaamhede van die liggaam nie en dit word respekvol betoog dat sy getuienis oor dié liggaam se werksaamhede ignoreer behoort te word.

Vol. 403 p.23538.

8. Ook het Dr N Motlana vir die Verdediging getuig oor die gebeure in Soweto:

8.1 Die getuie se hele beskrywing van die affiliasie van SCA met UDF en die persepsie in SCA dat almal aanvaar het, van die begin af, dat SCA met UDF geaffilieer is, is strydig met beskuldigde 16 se weergawe hieromtrent. Beskuldigde 16 het probeer voorgee dat hy as sekretaris niks geweet het van affiliasie nie, en nooit onder die indruk was dat SCA geaffilieer is voor Oktober 1984 nie.

Sien vol. 417 pp.24433-4.

vol. 418 p.24500.

8.2 In hoofgetuienis gee Dr Motlana voor dat hy "several" vergaderings van UDF-(Tvl) se uitvoerende komitee bygewoon het, maar in kruisverhoor blyk dit hoogstens 4 te gewees het.

Vol. 417 p.24434 en p.24468.

8.3 Hy gee toe dat dit SCA se beleid was om buite regeringsliggame te werk om dié liggaam te probeer verander.

Vol. 417 p.24473.

8.4 Die getuie se ontkenning dat die SCA daaglikse knelpunte sou gebruik om die massas te mobiliseer en te organiseer, word deur bewyssuk W1, p.12 weerspreek, waar bevestig word dat SCA die afbreek van plakkershutte gebruik het om die "awareness" van die inwoners te verhoog.

Vol. 417 pp.24477-8.

8.5 Dr Motlana gee toe dat daar in 1983/1984 'n eskalasie van geweldpleging in Soweto was - dis natuurlik direk strydig met beskuldigde 16 se getuienis dat hy nie weet van geweld in 1984 in Soweto nie.

Vol. 417 p.24481.

8.6 Die getuie gee ook toe dat SCA en COSAS en ander organisasies nou saamgewerk het op die onderwysgebied in Soweto.

Vol. 417 p.24482.

8.7 Dr Motlana bevestig dat Vusi Khanyile die sekretaris van SCA was en betrokke was in die Onderwyskrisis en ook sekretaris van die NECC was.

Vol. 417 pp.24483-4.

8.8 Dr Motlana bevestig dat hy by die seminaar was waar Zwelatshe Sisulu sy toespraak gehou het, en dat hy 'n afskrif van die toespraak het.

Vol. 417 p.24484.

8.9 Hy gee toe dat SCA die stryd vir 'n sg. "peoples education" steun en dat dié stryd deel is van die breëre "national liberation struggle". Hy bevestig ook dat die stryd vir "peoples education" 'n stryd is vir "peoples power".  
Vol. 418 p.24486.

8.10 Hy gee ook toe dat die NECC bestaan uit geaffilieerde van UDF.  
Vol. 418 p.24489.

8.11 Dis duidelik dat Dr Motlana nie die hof in sy vertroue wil neem oor wie agter die stigting van UDF (Tvl) sit nie.

Hy word genooi na die stigting, maar hy vind nie uit wie agter die stigting is nie, en in al dié jare het hy nooit probeer uitvind nie.

Vol. 417 p.24495.

8.12 Dr Motlana bevestig dat UDF op die stigtingsvergadering resolusies aanvaar het ten einde die aspekte te identifiseer waarom UDF kampanjes moes voer.

Vol. 418 p.24499.

8.13 Hy bevestig dat die UDF area-komitee in Soweto gestig is om die aktiwiteite van die organisasies in Soweto te koördineer.  
Vol. 418 p.24502.

8.14 Na Dr Motlana in hoofgetuienis 'n hele aantal aspekte genoem het waарoor sprekers op die VCA-stigting sou gepraat het, en wat hul nie sou gesê het nie, gee hy toe in kruisverhoor dat hy eintlik niks weet van wie wat op die vergadering sou gesê het nie.

Vol. 417 pp.24437-41.

Vol. 418 p.24503.

8.15 Hy gee toe dat SCA in Soweto vergaderings gehou het, sprekers by die vergaderings gehad het wat oor sekere aspekte

gepraat en voorstelle gemaak het waarna besluite geneem is.

Vol. 418 pp.24503-4.

*This is aantrek, van nog die Vergadering, eintlike werk (Nu resoluksie valt beeline nie meer in "al meer", dan D)*

Dit word betoog dat die getuienis van die Verdediging dat die "gemeenskap" of "mense" sekere "griewe" of "eise" sou gehad het, in dié lig gesien moet word - hul is eers vooraf deur sprekers van o.a. SCA gekondisioneer.

8.16 Dr Motlana moes ook toegee dat as die Regering nie telkens in die verlede persone aangestel het om die liggeme wat na mobilisasie ens. tot niet gegaan het soos die "UBC's", Kleurling Verteenwoordigende Rade ens. se werk te doen chaos sou ontstaan het.

Vol. 418 p.24504.

8.17 Respekvol word betoog dat die getuie se bewering dat liedere gesing word as 'n wyse van "recording history", ongeloof-

waardig is aangesien die liedere ook 'n oproep doen op die gehoor om bv. die ANC of 'n sekere leier te volg.

Vol. 418 p.24515.

8.18 Motlana getuig dat hy hom vereenselwig met die siening dat die Regering onwettig is. *NL*

Vol. 418 p.24517.

8.19 Dat Motlana subjektief is en dat geen waarde aan sy getuienis oor die sg. vryheidsliedere geheg behoort te word nie, blyk duidelik uit vol. 418 p.24519 - (Hy is nie eers bereid om toe te gee dat 'n lied soos "our Mandela, Tambo .. we will follow him, our ANC ... we will follow it even if we are arrested ..." bedoel is om die ANC en sy leiers te populariseer nie).

8.20 Dit word respekvol betoog dat Dr Motlana doelbewus op die massavergadering (V25) na die ANC Youth League verwys het in sy toespraak, en na die sg. "lesse" wat uit die geskiedenis daarvan verwys het, om die ANC by die gehoor te populariseer en om die jeug tot meer militantheid aan te spoor.

Vol. 418 pp.24523-5.

8.21 Hy gee uiteindelik toe dat die slagspreuke en vryheidsliedere gesing word "to popularise the struggle and to conscientise the people to partake in the struggle, to identify with the struggle."

Vol. 418 p.24531.

8.22 Dr Motlana gee toe dat COSAS in 'n "National Democratic Revolution" is, maar sonder dat hy getuig dat hy kennis dra van enige COSAS-besluite of -dokumente, beweer hy dié "revolution" is vreedsaam selfs na hy bewyssstuk CA36 van die NECC ontvang het.

Vol. 418 p.24532.

8.23 Dr Motlana se getuienis omtrent die toestand van Mpetha op die SOYCO-stigting is 'n ooglopende poging om die uitlokking tot geweld, deur 'n UDF-leier, te probeer verklaar, en is, word betoog, sonder enige substansie:

- (a) In hoofgetuienis verklaar hy t.o.v. Mpetha "he looked to me in a semi-coma".

Vol. 417 p.24455.

- (b) In kruisverhoor sê hy dat 'n persoon in 'n semi-koma
  - (i) nie logies kan praat nie,
  - (ii) nie hard en duidelik kan praat nie,
  - (iii) nie sekere aspekte sal kan beklemtoon in sy toespraak nie,
  - (iv) en moontlik sy arms sal kan oplig - dit is alles goed wat Mpetha wel gedoen het op die vergadering.

Vol. 418 p.24533.

- (c) Motlana ontken nou in kruisverhoor dat Mpetha in 'n semi-koma sou gewees het "The suggestion made yesterday was not that Oscar Mpetha was so ...".

Vol. 418 p.24535.

8.24 Dis duidelik dat Mpetha op die vergadering die jeug aangespoor het tot onwettige optrede - hy't aan hul gesê hul moenie bang wees om tronk toe te gaan nie - (na hy na sy eie skuldigbevinding en vonnis weens sabotasie verwys het).

Vol. 418 pp.24535-7.

8.25 Motlana bevestig die gebruik om leiers van organisasies te vra om toesprake by onrusslagoffers se begrafnisse te maak.

Vol. 420 p.24540.

8.26 Waar Motlana in hoofgetuenis bevestig het dat die COSAS uitvoerende bestuur hom gevra het om te praat op die begrafnis van Bongani Khumalo - vol. 417 p.24458 - beweer hy later dat hy nie weet of hul hom genooi het nie.

Vol. 420 p.24542.

8.27 Die weergawe van Dr Motlana dat hy genooi is om te praat en dat hy verhoed is deur 'n COSAS-lid, is so inherent onwaarskynlik en ook vol onwaarskynlikhede dat dit summier verwerp behoort te word.

(i) 'n Gewone COSAS-lid verhoed hom om te praat, en niemand van die COSAS-bestuur ðf die voorsitter probeer uitvind wat aangaan nie;

(ii) nog Dr Motlana nog die COSAS-bestuur nader mekaar na die tyd om te probeer uitvind wat gebeur het, of om verskoning te vra vir die gedrag van 'n COSAS-lid nie;

(iii) dis hoogs onwaarskynlik dat die persone wat Dr Motlana sou genooi het om te praat, niks sou gedoen het op die vergadering om uit te vind wat aangaan nie.

Vol. 417 pp.24458-60.

8.28 Die feit dat Dr Motlana so min van die begrafnis onthou, soos hy in pp.24545-6 vol. 420 sê, staaf die Staat se sub-  
~~mis-~~  
steansie dat hy moontlik nooit eers daar was nie en dat hy in elk geval nie gevra was om te praat op dié begrafnis nie.

8.29 Dr Motlana se getuienis dat hul nie in SCA beoog het om Raadslede te dwing om te bedank nie, word deur bewysstuk W2, p.2 weerspreek waar P Lephunya aangehaal word.

Vol. 420 pp.24557-8.

8.30 Dr Motlana se ontkenning dat hy enigiets van die wegblly-aksie van 5-6 November 1984 kan onthou, is ongeloofwaardig - dit word betoog dit word ontken om SCA se aandeel in dié aksie te verdoesel.

Vol. 420 pp.24558-9.

8.31 Dr Motlana bevestig dat die "Transvaal Area Committee" wat ex facie bewysstuk AB7, dokument 6, dié dokument uitgegee het, uit geaffilieerde organisasies van UDF bestaan.

Vol. 420 p.24561.

8.32 Die getuie se getuienis oor die "stay-away" is klaarblyklik vals - aan die eenkant gee hy voor hy weet nie van die

*Stay away  
or face wrath  
of "n" open*

November 1984 - "stay-away" nie, maar aan die anderkant ontken hy dat daar geweld uitgebreek het tydens die "stay-away".  
Vol. 420 p.24562.

8.33 Dr Motlana gee toe dat SCA die "Anti Community Council Committee" kon gevorm het soos bewysstuk W19, p.17 aantoon.  
Vol. 420 pp.24563-4.

8.34 Dr Motlana bevestig dat die herdenkingsdienste, waar klomp vryheidsliedere gesing word, in Soweto gereël was deur AZASO, COSAS, SCA en SOYCO.

Vol. 420 p.24571.

9.1 Dit word betoog dat alhoewel die SCA die kwessie van die Swart Plaaslike Besture kon opgeneem het reeds voor die stigting van UDF, die SCA, na die stigting van UDF voortgegaan het met dié kampanje, maar toe onder die leiding van UDF wat dié kampanje koördineer het.

9.2 Dit word verder betoog dat die SCA nie slegs in "local issues" belanggestel het nie, maar inderdaad in die nasionale bevrydingstryd deelgeneem het vir 'n uiteindelike oorname van gesag in die land deur 'n sg. "peoples government" - sien Dr Motlana se toespraak in bewysstuk W74, p.5, laaste kolom, laaste paragraaf "Ours is a simple demand: One man, one vote in an undivided fatherland. Nothing else will restore peace in this land."

9.3 SCA het saam met COSAS, SOYCO, AZASO, en ander geaffilieerde gewerk in Soweto op ten minste die onderwysterrein.

Dr Motlana het by die Desember 1985 konferensie te Wits, en die Maart 1986 konferensie van NECC TE Durban bygewoon.

9.4 Soos in die S-reeks bewysstukke, wat notules van UDF Tvl se Uitvoerende Komitee se vergaderings is, uiteengesit word, het die SCA, deur sy leiers wat op dié liggaam verkies is, deelgeneem aan UDF se besluite, en in ieder geval, deur die leiers beskikbaar te stel (of toe te laat) om te dien op UDF se bestuur, hul geheel en al vereenselwig met UDF en sy aktiwiteit.

9.5 Uit die Algemene raadsvergaderings van UDF (Tvl) se notules, bewysstukke K-R, is dit duidelik dat SCA deelgeneem het aan die beplanning van UDF-kampanjes en aksies rondom:

(i) Onderwys, die Program van aksie, werkswinkels, publikasies, massa-vergaderings - bewysstuk K1 - 17/9/83.

(ii) Publikasies, Samewerking met AZAPO, massavergaderings, MSC - L1 - 15/10/83.

(iii) Publikasies, samewerking met AZAPO, konferensies, die referendum, MSC, Swart Plaaslike Bestuur - M2 - 12/11/83.

(iv) MSC, referendum, Swart Plaaslike besture - N2 - 10/12/83.

(v) MSC, referendum, - Q1 van 14/1/84.

*Sent from  
S.C.P. via fax  
near  
date  
1984*

(vi) MSC, Onderwys, Daleside werkswinkel van 27-29/4/84.  
(bewysstuk U4), konskripsie, Grondwetlike  
Voorstelle, publikasies P1 van 14/4/84.

(vii) MSC, Grondwetlike voorstelle - Q2 van 30/6/84.

(viii) Jeugmobilisasie, vroue mobilisasie, vakbonde, media,  
Grondwetlike voorstelle, mobilisasie van die plat-  
teland - R2 van 14/7/84.

9.6 Uit bewysstuk AB25, SOYCO se Program van Aksie, maak hul  
dit duidelik dat hul eerstens UDF se kampanjes sowel as die  
RMC se kampanje navolg (paragraaf 14), en tweedens, dat hul  
hulself dit ten doel stel "to root out and destroy all the  
reactionary and counter-revolutionary elements throughout the  
country and the world." (Paragraaf 15).

9.7 Bewysstuk AB39: Ook beskuldigde 20 namens UDF, het in  
hierdie boodskap aan SOYCO, dit sterk beklemtoon dat SOYCO  
"... march on the footsteps of the ANC Youth League of the  
forties and the fifties ..." en het hul taak omskryf as "...  
matching the ability to organise, the militancy and selfless  
courage of the '76 Soweto youth". Hul word opgeroep "(to) ...  
Respond to the challenge of the youth in Cradock, Lamontville  
and Parys." (waar geweld uitgebreek het).

Dit word respekvol betoog dat die Staat wel bo redelike twyfel bewys het dat die SCA, SOYCO, COSAS, AZASO aktief saamgewerk het, en dat SCA, SOYCO, COSAS en UDF hul verbind het tot 'n gewelddadige rewolusie vir die omverwerpning van die Staats-gesag en die daarstelling van 'n regering gebaseer op die Freedom Charter.

ALEXANDRA

1. Vir die Staat het A/O Whitecross getuig:

1.1 Mei 1983

1.1.1 Whitecross het getuig dat hy in Mei 1983 in 'n kommune gebly het in Berea, Johannesburg saam met Karl Niehaus, Johanna Lourens, Karin du Plooy en Darryl Glaser. Hy was toe ook 'n voltydse Wits student, alhoewel hy in die S.A. Polisie werkzaam was.

Vol. 119 p.5962.

1.1.2 'n "House warming" party is gereël. Whitecross was 'n lid van NUSAS se Projects Committee", wat 'n sub-komitee van die SRC van Wits is. Glaser, Niehaus en Du Plooi was lede van NUSAS. Die party was in Mei 1983.

1.1.3 Hulle nooi toe COSAS-lede van Alexandra, nl. Vincent Shabalala, Obed Bapela, en nooi ook Beyers Naudé.

Vol. 119 p.5963.

1.1.4 Vincent Shabalala en Obed Bapela was genooi, maar hul daag toe met nog ander op, waaronder Paul Mashatile, Nico Motsai en Tekere Make.

1.1.5 Whitecross het 'n foto geneem op die party - hy identifiseer op die foto vir Tekere Make (2de links), 4de persoon is

Dien eenkele dinge  
ver. getuie binne  
Alexandra  
1983  
V. Stellar is my  
appieval

Vincent Shabalala, 5de is Obed Bapela en dan Nico Motsai sewende van links. Persoon ver regs is Paul Mashatile - AAY59.

Vol. 119 p.5964-5.

1.1.6 Geen van hierdie getuienis is betwiss nie.

1.2 Junie 1983:

1.2.1 Whitecross getuig hy het ongeveer Junie 1983 vir Vincent Shabalala weer gesien - 'n Saterdagmiddag - hy het met Nico Motsai en ander Swartman opgedaag. Hul het 'n pak pamphlette kom haal wat Niehaus vir hul gedruk het - dit was in 'n geel Checkers sak.

1.2.2 Whitecross het die drie met pamphlette in opdrag van Niehaus terug vervoer na Alexandra in Niehaus se voertuig. Niehaus het die drie aangesê om die pamphlette te gaan versprei in Alexandra.

Vol. 119 p.5965.

1.2.3 Op pad het Shabalala, Mutsai en die 3de persoon hande geklap en "ANC" geskree.

Vol. 119 p.5966.

1.2.4 Geen van hierdie getuienis is betwiss nie.

1.3 Julie 1983

1.3.1 Whitecross het getuig dat hy vir Shabalala, Nico Motsai en twee Swartvroue gesien het op Maandag mōre in Julie 1983. Hul was bevrees en het gesê hul soek skuiling want die V/Polisie soek hul. Hul het 'n nag en dag lank in Whitecross se kamer toegesluit gebly. Niehaus het vir hul in sy "safe-house" gekry en hul het toe die vier soontoe geneem.

Niehaus het Whitecross gevra om paspoorte vir die vier te reël en getuie sê hy kan dit doen.

Vol. 119, p.5966.

1.3.2 Hul het toe Glaser se kar geleen om die vier na Botswana te vervoer en hul't nie vir Glaser gesê waarom hul kar leen nie.

1.3.3 Niehaus het dié vier op 'n Saterdag in Glaser se kar vervoer en getuie het hul nie weer gesien nie tot in 1985, toe Shabalala teruggekom het.

Vol. 119, p.5967.

1.3.4 Geen van hierdie getuienis is betwiss deur die Verdediging nie.

1.4 Vergadering op 19 Junie 1983 te Methodiste Kerk, Alexandra.

1.4.1 I.C.16 getuig dat hy die vergadering bygewoon het. Die vergadering was met pamflette en luidsprekers adverteer.

Vol. 93 p.4536.

- Plakkaat COSAS/AZASO en National Focus.
- Getuie ken die plakkaat uit wat 'n prent van 'n masjiengeweер op het en ook een wat Solomon Madlangu se woorde bevat - vol. 93 p.4552-3.

In kruisverhoor bevestig die getuie dat Eerwaarde Moleleki op vergadering was, maar nie gesprek het nie.

Vol. 93 p.4557.

I.C.16 sê op stadium het Eerwaarde Moleleki deur venster geloer en gesê "mense van goewerment" wil gaan, hulle moet nou klaarmaak met die vergadering.

Vol. 93 p.4557.

I.C.16 getuig dat sy dokumente gesien het wat die mense oor die vergadering ingelig het en dit was op mure geplak en in die strate versprei en "AZAPO" en "ANC" het op die dokumente verskyn (sy sê nie dat AZAPO of die ANC die dokumente uitgereik het nie).

Vol. 93 p.4557-8.

1.4.2 I.C.16 sê hul het by die vergadering pamflette gratis gekry en party kon hul koop - die wat hul gratis gekry het, het foto's van Sharpeville op gehad soos "Remember Sharpeville".

Vol. 93 p.4560.

1.4.3 I.C.16 sê by vergadering het hul ook gratis ANC-pamflette gekry in die kerk.

Vol. 93 p.4562.

1.4.4 Dis gestel dat daar nooit ANC-dokumente uitgegee is nie want almal het geweet die lede van die SA Polisie is buite die saal.

Vol. 93 p.4562.

1.4.5 I.C.16 sê dat na die vergadering het hul uit die kerk gekom en die mense vooraan het met 'n banier weg marsjeer.

Vol. 93 p.4562 en Vol. 93 p.4538-9.

1.4.6 Uit die transkripsie van die verrigtinge op die herdenkingsdiens blyk die volgende:

(a) Die kwelpunte van Onderwys, sg. onderdrukking, tuislandbeleid, Inkatha, en behuising is gebruik om die massas op te sweep en te mobiliseer in die Vryheidsstryd.

(b) Die aard van die osweping en die mate waartoe die massas opgesweep is op die diens blyk uit die volgende:

(i) Vusi Tshabalala dans met 'n man in h COSAS-T-hemp met 'n swart, groen en geel vlag op die vergadering.

V.23 p.5

(ii) 'n Vrou met 'n COSAS-T-hemp aan lei die slag-spreuk "Oliver Tambo".

V.23 p.5.

(iii) Ernest Ndlovo, wat op COSAS se bestuur dien, (vol. 120 p.5974), het ook die swart, groen en geel vlag op die diens rondgedra.

V.23 p.6.

(iv) Op die vergadering was die gehoor só opgesweep dat hul o.a. geskree het "Botha is a terrorist".

V.23 p.6.

(v) 'n Plakkaat wat die beweerde boodskap van 'n veroordeelde ANC-terroris bevat het, is ten toongestel.

V.23 p.6.

(vi) Selfs die predikant op die diens, Rev. Moleleki was só opgesweep dat hy tydens sy gebed die gehoor verder opgesweep het teen die Staatsreg, en die dade van drie veroordeelde gewelde-naars van die ANC regverdig het. Ook het hy die gehoor probeer wysmaak dat hul in oorlog is, klaarblyklik teen die Regering.

V.23 p.8.

(vii) Sipho Kubeka van SOYCO het aan die gehoor uitgewys dat die Blanke hul vyand is.

V.23 p.33.

*Enemy = White*

(viii) Obed Bapela van COSAS en AYCO kondisioneer die massas om hul te vereenselwig met die drie veroordeelde ANC-terroriste Mosoloki, Motaung en Mogoerane en die ANC se leiers in gevangeriskap op Robben Eiland.

V.23 p.36.

(ix) Die liedere en slagspreuke wat tydens die diens gesing en geskree is, was ook van so 'n aard dat dit die massas teen die Staatsgesag moes opsweep, en dat dit die gehoor moes kondisioneer om hul met die ANC, sy leiers en dade te identifiseer.

So word gesing en geskree:

"Oliver Tambo" - p.5 en p.22, p.32, p.34, p.39.

"We shall shoot them. They shall run away" - p.10.

"Our Mandela we will follow you even if we get arrested ... Tambo we will follow you" - p.11.

"Say no to our brothers being called a terrorist because he's fighting for his right in this country" - p.22.

"One day they will call Mandela our only leader who is our father who is fighting on the Robben Island" - p.22.

"Honde sal doodgemaak word" (X18) - p.28.

"Botha is a terrorist" (X8) - p.30.

"Where do the Boers have such nerves to take Africa and claim it is their land, we say Tambo lead us to see people; we say, Tambo lead us home" - p.35.  
Come back Africa; Are you afraid of them? No, we are not afraid of them" - p.35.

"Remember your children ... remember Mahlangu ... remember Mandela ..." - p.39.

"What have you done? So you dont like them. Oh'dogs are going to be killed" (11X) - p.44.

"Botha is a terrorist" (18X) - p.45.

"Accross the river we'll catch them with their children. The stone of Tambo has knocked" - p.52.

"Bad, bad, we are going, we are going no matter what the conditions are .. Even if we are arrested, we are going ... Mandela said, we are going no matter what the conditions are.

Sisulu said we are going no matter what the conditions are ..." p.57.

## 1.5 Stigtingsvergadering van AYCO op 25 September 1983

1.5.1 I.C.15 het getuig dat hy by die stigtingsvergadering van AYCO bygewoon het in die Ntokozweni-saal, Alexandra.

1.5.2 Getuie het met lede van SOYCO die vergadering bygewoon.

1.5.3 By die saal is SOYCO se lede met hul banier al singende in die saal in.

Vol. 91 p.4470

1.5.4 Die Verdediging het niks betwis oor dié vergadering nie en net gestel aan I.C.15 dat hy oor dié vergadering nie kan sê of dit wat op V4 is, volledige toesprake is nie en I.C15 het dit erken.

Vol. 91 p.4511.

1.5.5 I.C.15 het bevestig dat wat op bewyssstuk 4 voorkom, wel gebeur het in die getuie se teenwoordigheid by die gemelde vergadering.

Die getuie het pertinent die volgende aspekte beklemtoon:

- (a) Sepiwe Thusi van SOYCO was een van die dansers.  
Vol. 91 p.4472.

- (b) "Tambo is ons leier" en "Die Hooggeregshof is besig om te brand" was van die liedere wat hul gesing het op die vergadering.

Vol. 91 p.4473.

- (c) Ene Brian van SOYCO het na Moses Kotane van die ANC verwys.

Vol. 91 p.4475-6.

- (d) Frank Chikane, as een van die sprekers, word identificeer. Hy sing ook saam aan die lied.

Vol. 91 p.4480.

- (e) Chikane het ook saamgeskree "Oliver Tambo".  
Vol. 91 p.4481-2.

1.5.6 Die Staat verwys verder na p.355-368 van sy betoog tydens die opponering van die aansoek om ontslag van die beskuldigdes en volstaan daarby.

1.5.7 Bewyssstuk W23, p.4: SASPU National, Oktober 1983:

1.5.7.1 Uit kolom 1 onder die opskrif "Youth energy harnessed by new congress" word bevestig dat AYCO sy stigting te danke het aan 'n besluit wat op die COSAS Nasionale Konferensie geneem is.

1.5.7.2 Dis duidelik uit kolom 3 dat AYCO hom dit ten doel gestel het om die massas d.m.v. werkswinkels te mobiliseer en "to educate people about the situation they find themselves in, and how it relates to government policy." Dit word betoog dat AYCO hom ingestel het daarop om, d.m.v. daaglikse knelpunte, die massas te mobiliseer en te organiseer in die vryheidsstryd en teen die Regering.

1.6 16 Junie 1984 - diens te Alexandra:

1.6.1 I.C.22 getuig dat hy op 16 Junie 1984, die middag die 16 Junie-herdenkingsdienst te Methodiste Kerk 2de Straat, Alexandria bygewoon het.

1.6.2 Paul Mashatile en Ernest Ndlovo het saam as voorsitters van die diens opgetree - hul het saam by 'n tafel voorgesit.  
Vol. 120 p.5973.

1.6.3 Paul Mashatile was President van AYCO en Ernest Ndlovu was in COSAS se bestuur. Ook Obed Bapela wat in 1982/83 'n

COSAS lid was en later AYCO lid en later op AYCO se bestuur gekom het, was 'n spreker op die vergadering.

1.6.4 Mathilda Gazela van die Alexandra Womens Organisation was ook 'n spreker op die vergadering.

Vol. 120 p.5974.

1.6.5 Mathilda Gazela het gesê die vrou moet "unite"en die "struggle" is nie van die guerillas buite die land nie, maar dié in die land. Sy't gesê die vroue moet gereed wees om guerillas wat na die land terugkeer, te ontvang - deur hul plekke vir beskerming te gee.

*Aan die vergadering  
was 'n spreker  
van die ANC.  
Die spreker was  
Mathilda Gazela.*

1.6.6 Popo Molefe was op die vergadering en het oor MSC gepraat en die geskiedenis van die ANC.

Vol. 120 p.5975.

1.6.7 In die saal was UDF-, COSAS- en AYCO-baniere.

1.6.8 Ook 'n plakkaat met 'n persoon wat 'n AK47 vashou en Solomon Mahlangu se woorde op, is vertoon in die saal.

Vol. 120 p.5976.

1.6.9 Langs die mense wat langs die tafel gesit het (sprekers), het persone gestaan en 'n ANC-vlag vasgehou - hy ken die vlag - hy het dit by die ANC in Botswana gesien.

1.6.10 Slagspreuke is geskree - "Amandla", "Viva Mandela", "Tambo" en "Viva Nkonto We sizwe" asook "Viva ANC".  
Vol. 120 p.5977.

1.6.11 Toe die mense uitkom, het hul met die ANC vlag uitgekom en toe hul die SA Polisie teegekom het, het die mense toe die vlag neergegooi.

Vol. 120 p.5978.

1.6.12 I.C.22 sê toe die mense in die saal moeg geword het om die ANC-vlag te hou, hy ook dié vlag gaan vashou het.

Vol. 120 p.5991-2.

Dis gestel aan I.C.22 dat AYCO swart, groen, geel aanvaar het as hul kleure.

Vol. 120 p.5993.

1.6.13 I.C.22 sê hy't beskuldigde 19 eers gesien toe hy geroep is om te praat en weet net beskuldigde 19 het êrens in die middel van die vergadering gepraat.

Vol. 120 p.5998.

*Q Dat  
bekleven* 1.6.14 Dis gestel aan I.C.22 dat beskuldigde 19 eers naby die einde van die vergadering opgedaan het want hy was eers by vergadering te Regina Mundi - vol. 120 p.6000 - I.C.22 getuig dat dit so kan wees.

1.6.15 Dis gestel aan I.C.22 daar by die 1984-vergadering geen baniere of vlag was nie, maar wel in 1983.

Vol. 120 p.6000.

Stel daar was 'n UDF MSC banier. Vol. 120 p.6001 en stel reg - klomp MSC-vorms langs mekaar voor tafel.

Vol. 120 p.6002.

1.6.16 Dis gestel dat beskuldigde 19 die laaste spreker was voor "vote of thanks" en die sing van "Nkosi - Sikhelele I' Africa".

Vol. 120 p.6003 - I.C.22 ontken dit.

I.C.22 het getuig dat Sipho Kobega gepraat het oor vakbonde en het gesê mense moet by vakbonde aansluit.

Vol. 120 p.6004.

1.6.17 Dis gestel dat beskuldigde 19 se naam nie op program van diens was nie omdat dit op die laaste minuut besluit was dat hy sou kom praat .

Vol. 120 p.6007.

1.6.18 Dis gestel beskuldigde 19 het oor MSC gepraat - vol. 120 p.6009. Dis gestel ook dat beskuldigde 19 vir algemene ondersteuning in die MSC gevra het.

Vol. 120 p.6009.

1.6.19 Dis gestel dat Mathilda Gazela nie oor guerillas gepraat het nie op die vergadering.

Vol. 120 p.6013.

1.6.20 A/O J C du Plooy het getuig dat hy observasie gehou het by die diens te Methodiste Kerk, 200-250 persone het opgedaag. Van die mense het AYCO- en UDF-T-hemde aangehad - 30-40 het T-hemde gedra. Hy het gehoor die gehoor skree "Viva Tambo", "ANC", "Amandla", "Afrika Izwe Lethu" en sing "senzenina" en "Oliver Tambo".

Vol. 121 p.6033-4.

1.6.21 Voor in die saal was Paul Mashatile, die president van AYCO, en ook Ernest Ndlovu en Patrick Banda - lede van AYCO. Toe die klomp singende uit kerk kom na vergadering dra hul 'n swart, groen, geel banier en hardloop in woongebied in.

Vol. 121 p.6034.

1.6.22 Toe die reaksie-eenheid nader ry, gooi hul banier neer en vlug en SA Polisie vat banier.

Vol.121 p.6035.

1.6.23 Dis gestel aan Du Plooy daar was nie 'n swart, groen en geel vlag by die diens nie.

Vol. 121 p.6046.

1.6.24 Dis gestel dat die 16 Junie 1984-vergadering gereël was deur priesters na twis tussen organisies oor wie dit moet reëel.

Vol. 120 p.6008.

Du Plooy betwiss dié stelling en getuig dat AYCO en COSAS die vergadering gereël het.

1.6.25 Beskuldigde 19 is die enigste Verdedigingsgetuie wat hoegenaamd getuig het oor die bewerings van die Staatsgetuies m.b.t. Alexandra, en die volgende word uitgewys:

1.6.25.1 Alhoewel gestel is aan die Staat dat beskuldigde 19 die laaste spreker op die vergadering was (wat die Staatsgetuie ontken het), beweer beskuldigde 19 dit self nie in sy getuienis nie.

Vol. 120 p.6003 en vol. 252 p.13498-9.

1.6.25.2 Beskuldigde 19 betwiss nie die skree van "viva Tambo", "ANC", "Amandla", "Oliver Tambo" "viva Umkhonto We Sizwe" en "viva Mandela" op die vergadering, of die dra van UDF- en AYCO-T-hemde nie.

1.6.25.3 Dis insiggewend dat beskuldigde 19 ontken dat daar 'n ANC-vlag vertoon was op die vergadering, maar dan swyg oor die bewering van die Staatsgetuies dat die mense na afloop van die vergadering uit die saal gehardloop het agter 'n swart, groen en geel vlag, en in die woonbuurt in.

1.6.25.4 Alhoewel dit gestel was aan die Staatsgetuies dat dié diens deur die priesters gereël is, na 'n twis tussen die plaaslike organisasies ontstaan het, kom gee beskuldigde 19

geen getuienis hieroor nie, (alhoewel die Staatsgetuies dit betwiss), maar verleen eerder bevestiging vir die Staatssaak deur te getuig dat hy deur eerwaarde Chikane van UDF gevra is om die UDF-spreker te wees op die vergadering.

Vol. 120 p.6008 en vol. 252 p.13498-9.

1.6.25.5 Vanweë beskuldigde 19 se getuienis dat hy 'n groot deel van die vergadering gemis het, bly die getuienis dat ene Mathilda Gazela van die Alexandra Womens Organisation, die vroue opgeroep het om die guerillas wat na die land terugkeer behulpsaam te wees, onbetwiss.

1.6.25.6 Beskuldigde 19 ontken dat hy oor die geskiedenis van die ANC gepraat het op die vergadering en dat daar 'n plakkaat met 'n AK47-geweer op, op die vergadering was.

1.6.25.7 Beskuldigde 19 swyg oor die getuienis van die Staat dat COSAS-, AYCO- en UDF-baniere in die saal vertoon was, alhoewel 'n stelling aan die Staatsgetuies gemaak was dat daar geen baniere was nie.

Vol. 120 p.5976, vol. 120 p.6000 en vol. 252 p.13498-9.

#### 1.7 Getuienis t.o.v. gebeure in die Algemeen in 1984:

1.7.1 I.C.22 het getuig dat hy na die ANC kantore is en het ene Billy Masetla daar gaan spreek en dié het I.C.22 na COSAS

se tak in Alexandra gestuur want die ANC het nie kontak met dié COSAS-tak gehad soos met die nader COSAS-takke nie.

1.7.2 I.C.22 het toe na ene Naude Moetsiye (of Moetsi) gegaan en dit met hom bespreek en I.C.22 het Naude toe later na die ANC te Gaberone in Botswana geneem.

Vol. 120 p.5983.

1.7.3 Later is I.C.22 en Naude toe weer terug na die RSA ná Naude en Masetla alleen gesprok het.

Vol. 120 p.5984.

1.7.4 A/O Du Plooy het getuig dat hy met patrollie gery het in Alexandra en toe by persoon vir 20c 'n Voice of AYCO gekoop het - ABB-I.

Vol. 121 p.6035-6.

1.7.5 Dis gestel aan I.C.22 dat hy in Alexandra bekend geword het as 'n informant vir die Polisie wat ook in organisasies gewerk het.

Vol. 120 p.5986-7 (I.C.22 ontken dit).

1.7.6 Dis gestel aan I.C.22 dat daar probleme in 1984 van die begin was met busse, Polisiebeamptes en Raadstelsel.

Vol. 120 p.6016.

1.7.7 I.C.22 sê sy ontmoeting met ..... en gaan na Botswana was geheim.

Vol. 120 p.6018-9.

LAAT 1984

1.7.8 I.C.22 het getuig dat hy laat 1984 na die ANC kantore in Botswana is en daar deur mnr "A" 'n "chief commander" van "Umkhonto we Zizwe" in Botswana, gespreek is.

1.7.9 Mnr "A" het opdrag gegee dat die regering "baklei moet word", hulle moet die Raadslede, Polisie en beriggewers "baklei". Mnr "A" het gesê hul moet die Polisie se huise aanval.

Vol. 120 p.5978.

Ook moet die Raadslede se huise aangeval word en hul moet die Raadslede intimideer om hul werk te los. Mnr "A" het gesê die studente en persone wat deur Polisie gesoek word en onder "pressure" is, moet gehelp word om land uit te vlug.

1.7.10 I.C.22 is met sy opdragte na Paul Mashatile. I.C.22 is nie spesifiek na hom gestuur nie, maar dit was vir I.C.22 gewees om dit aan persone met wie hy saamwerk, oor te dra.

Vol. 120 p.5979-80.

1.7.11 Paul Mashatile het saamgestem met wat I.C.22 oorgedra het en Mashatile, John Malobane, Japie Mtshali en Naude Motsiye het hom later weer genader - Naude was 'n lid van COSAS, Malobane 'n lid van AYCO.

Vol. 120 p.5980.

1.7.12 Japie Mtshali was 'n lid van AYCO. Hul het toe besluit hul sal Polisie en Raadslede aanval met klippe.  
Vol. 120 p.5981.

1.7.13 Paul Mashatile en Naude Motsiye het geweet IC.22 is 'n lid van die ANC gewees.  
Vol. 120 p.5982.

1.7.14 Dis gestel aan I.C.22 dat daar geen gesprek met Paul Mashatile en ander was oor aanvalle nie.  
Vol. 120 p.6017.

1.7.15 Dis gestel aan I.C.22 dat Mashatile hom in 1983 ontmoet het en bitter min met I.C.22 in 1983-84 te doene gehad het en dat in 1985 I.C.22 al bekend was as 'n informant. I.C.22 het dit ontken en gesê dat in 1985 Japie Mtshali en Mashatile akkommodasie gesoek het wat hy hul gegee het.

Vol. 120 p.6017.

1.7.16 A70 Du Plooy het getuig dat in Desember 1984 die hoofkantoor ("head quarters") van AYCO te 2de Laan, Alexandra in teenwoordigheid van Jacob Mtshali deursoek is. Hy het beslaggelê op dokumente:

- ABB2 - "AYCO - 1st Annual Congress 29/11 - 2/12/84 Wilgespruit.
- ABB3 - "..... confidential notes" p1, p3, p5, p6, 8, 10, 14, 21, 22, 23, 25, 28.
- ABB4 - "Mike Roussos - UDF Education Committee 7/11/84 - discussion paper".
- ABB5 - "AYCO - Constitution".

ABB6 - YODAC-uitnodiging aan AYCO.

ABB7 - Brief en "UDF - a front why did we form it".

ABB8 - "Women Struggle" - handgeskreve notas.

ABB9 - "Wind blast Motivation" - MARS - doel van banners

ABC1 - Omslag "Stickers" van AZASO, "May Day".

ABC2 - "Communication - need to form local committee".

ABC3 - AYCO-boodskap "release Mandela reject R/L".

ABC4 - Paper on Bantu Education and ..... AYCO.

ABC5 - "BLA - Comment".

ABC6 - AYCO bestuur.

ABC7 - AYCO 29/11/84 congress - Program.

ABC8 - "Declaration of Educ. Charter Campaign".  
Vol. 121 p.6036-41.

1.8 Die gebeure op 8 Februarie 1985 en 9 Februarie 1985 te Alexandra

1.8.1 Du Plooy het getuig dat hy om 16h00 na h/v Selborne en 8ste Laan, Alexandra is. Hy het inligting gehad dat Vincent Shabalala 'n afspraak met Paul Mashatile gehad het. Hy sien vir Vincent Shabalala en dié sien hom toe ook en Shabalala hardloop weg - die SA Polisie skiet, maar Shabalala vlug weg.

Vier strate verder in 12de Laan op h/v 12de en Selbornstrate kry Du Plooy vir Mashatile en dié was verskrik.  
Vol. 121 p.6041 (du Plooy).

1.8.2 Op 9 Februarie 1985 het Du Plooy inligting gekry waar Vincent Shabalala was en hy en ander Polisie is na 50-15de Laan, Alexandra. Verskeie skote is geskiet oor en weer en

Shabalala het ook twee handgranaate gegooi (wat ontploff het). Shabalala was in 'n kamer gewees. Een van die handgranaate het hy ondersoek en vasgestel dis 'n Russiese granaat. Die kamer slaan toe aan die brand, daars baie rook en Shabalala vlug. Hul soek by drie adresse na hom en Du Plooy het in Londonstraat in Alexandra afbeweeg. Hy hoor 'n ontploffing en by ondersoek kry hy Shabalala dood - 'n AK.47 geweer is in stukke geskiet en hy kry vier AK.47-magasyne (2 vol) en verskeie los patronen.

Vol. 121 p.6042.

1.8.3 Dis gestel aan I.C.22 dat hy in onmiddellike omgewing was waar Shabalala dood is.

Vol. 120 p.5994 - I.C.22 erken dit.

1.8.4 Dis ook gestel aan I.C.22 dat hy in hegtenis geneem was en bykans onmiddellik daarna weer sy verskyning in Alexandra gemaak het. I.C.22 ontken dit.

Vol. 120 p.5993-4.

1.8.5. Dis ook gestel aan I.C.22 dat daardie selfde aand het hy in Alexandra sy verskyning gemaak. I.C.22 bevestig dit.

Vol. 120 p.5995.

1.8.6 Dis gestel aan I.C.22 dat hy aan mense wat wou weet hoe hy so gou vrygelaat is, vertel het, hy SAP niks vertel het en hom uit aanhouding "gebluff" het. I.C.22 ontken dit.

Vol. 120 p.5995.

1.8.7 Dis ook gestel dat van toe af wou niemand iets met hom van belang bespreek nie omdat dit vermoed was hy's 'n polisie-informant (I.C.22 ontken dit en sê dat Naude hom dan na Botswana ná Shabalala se dood vergesel het).

Vol. 120 p.5995.


1.8.8 Dis ook gestel dat na dié datum I.C.22 voorstelle gemaak het aan mense dat hul kontak met ANC moet maak wat hul verwerp het. I.C.22 ontken ook dié bewerings.

Vol. 120 p.5995.

#### 1.9 23 Februarie 1985: Begrafnis van Vincent Shabalala

1.9.1 N.Mkalipe het getuig dat op dié datum het hy namens "Alexandra Chronicle" fotos geneem van die begrafnis - bewysskool AAY60-62. Die foto's toon dat COSAS en AYCO baniere op die begrafnis vertoon is.

Vol. 121 p.6053.



1.9.2 Bewysskool AAC55 p.2: SASPU National van Maart 1985: 'n Foto wat geneem is van die gebeure op die begrafnis bevestig dat die begrafnisgangers by dié terroris se begrafnis, agter 'n COSAS-banier aan die optog deelgeneem het.

1.10 Algemene stellings en stellings t.o.v. 1985-1986 se gebeure gemaak deur die Verdediging:

1.10.1 Dis gestel dat Niehaus en ook Beyers Naude kerkdienste by die N.G. Kerk Alexandra, wat nie-rassig is, bygewoon het.  
Vol. 119 p.5969.

1.10.2 Dis gestel aan I.C.22 dat hy op 13 Julie 1985 met 'n groep jong mense van Daduza gereël het om hul van Daduza na Botswana-grens te vervoer en dat dit in opdrag of met kennis van SA Polisie gedoen is. Getuie ontken dit en sê hy's deur Paul Mashatile gevra om dit te doen.

Vol. 120 p.5987-8.

1.10.3 Dis gestel aan I.C.22 dat hy die jong mense te Zeerust gelos het. Getuie erken dit en sê hy moes ..... terug om 'n spaarwiel te kry. Hy het net R60 vir petol gehad wat hy reeds vir petrol gebruik het.

Vol. 120 p.5988.

1.10.4 Dis gestel aan I.C.22 dat hy 'n klomp jong mense van Alexandra en elders in moeilikheid gebring het. Getuie ontken dit.

Vol. 120 p.5988.

1.10.5 Dis gestel aan I.C.22 dat hy in 1985 inisiatief geneem het in die maak van belaglike voorstelle aan jong mense. Getuie sê hy met COSAS se uitvoerende bestuur gewerk.

Vol. 120 p.5988.

1.10.6 I.C.22 getuig dat hy in Alexandra deur Naledi Tsike opgelei is om 'n masjiengeweer te gebruik.

Vol. 120 p.5986.

1.10.7 Dis gestel aan I.C.22 dat swart, groen en geel deur die gemeenskap in AYCO as die nasionale kleure van die Swartmense aanvaar word.

Vol. 120 p.5994.

1.10.8 Dis gestel aan I.C.22 dat hy in Februarie 1986 deur lede van gemeenskap aan die brand gesteek is omdat hul gedink het hy's 'n medewerker van Polisie.

Vol. 120 p.6006.

1.10.9 Dis gestel aan I.C.22 dat hy aan Ndlovu gesê het hy sal die drie mense wat hy dink hom gebrand het, skiet omdat hul hom valslik beskuldig dat hy 'n "informer" is.

Vol. 120 p.6007.

1.10.10 Dis gestel aan I.C.22 dat hy het gesê hy sal Paul Mashatile, Tekere Make en Pat Banda skiet (Die getuie ontken dit en sê Paul is sy beste vriend).

Vol. 120. p.6007.

1.10.11 Dis gestel aan I.C.22 dat 'n vroue-organisasie in Alexandra eers in 1985 gestig is. (Getuie ontken dit en sê mevrou Dingane was reeds in die organisasie voor 1985).

Vol. 120 p.6013.

1.10.12 I.C.22 getuig hy het op een geleentheid in 1982 pamphlette vanaf die ANC gebring en vir Obed Bapela gegee vir verspreiding. Obed is van AYCO.

Vol. 120 p.6030-32.

2. Behalwe vir die getuienis van beskuldigde 19 wat kortlik gehandel het oor die vergadering van 16 Junie 1983, het die Verdediging geen getuienis aangebied om ðf die Staatsgetuienis te weerlê ðf hul stellings wat aan die Staatsgetuies gemaak was, te staaf nie.

Die getuienis van beskuldigde 19 word na verwys onder paragraaf 1.6.25 supra.

3. Die Staat steun egter ook op die volgende dokumentêre bewyssstukke:

3.1 Bewyssstuk M.2: Notule van UDF (Tvl) se Algemene vergadering van 12 November 1983: Dis duidelik dat AYCO die vergaderings bygewoon het en van paragraaf 9.1 is dit verder duidelik dat AYCO, synde die geaffilieerde te Alexandra en op die vergadering teenwoordig, mondeling verslag gedoen het oor en dus betrokke was in die kampanje teen die Swart Plaaslike Bestuur te Alexandra.

3.2 Bewyssstuk R2: UDF (Tvl) Spesiale Algemene Vergadering op 14 Julie 1984 se notule:

AYCO was ook op die vergadering verteenwoordig, en uit paragraaf 4.1 is dit duidelik dat AYCO deelgeneem het aan die beplanning van 'n jeugsaamtrek te Lenasia waar die grondwetlike voorstelle en konskripsie die onderwerpe sou wees. Dis duidelik dat AYCO met jeugorganisasies in Soweto (SOYCO);

Lenasia (Lyl); Benoni (Benoni Students Movement); Saulsville/-Atteridgeville (SAYO); Mankweng (MAYO) en ook met AZASO en COSAS saamgewerk het.

3.3 Bewyssstuk U(4) (a-(c)): Dokumente van die Daleside-werkswinkel gereël deur die UDF Education Committee en gehou op 27-29 April 1984:

3.3.1 Alexandra woongebied was verteenwoordig deur twee afgevaardigdes vanaf Alexandra Civic Association (ACA), nl. Obed Bapela en K. Radebe - (U(4) (c)).

3.3.2 ACA het deelgeneem aan die bespreking, evaluering en verdere beplanning van die kampanje teen die Swart Plaaslike besture.

3.3.3 Uit paragraaf 3 van bewyssstuk U4(b) is dit duidelik dat die Gemeenskapsorganisasies dit as hul taak gesien het "to destroy the Black Local Authorities and to strengthen our civics".

3.3.4 Ook is die kursusgangers daarop gewys dat gemeenskapsorganisasies die potensiaal het om 'n breë omvang van die massas te mobiliseer deur gebruikmaking van daaglikse knelpunte soos huur en vervoer - p.4 van U(4) (b).

3.3.5 Die belang van die sg. "united action" is ook uitgespel aan die kursusgangers en hul is daarop gewys dat die skoliere,

vroue, werkers, gemeenskaps- en plattelandse stryde verenig moet word ten einde geslaag te moet wees - p.6 van bewysstuk U(4)(b).

3.3.6 Die noodsaaklikheid van 'n program van aksie; gebaseer op daaglikse knelpunte is beklemtoon (p.8 - bewysstuk U4(b)); asook die noodsaaklikheid van huis vergaderings, koördinasie van die aksie van die gemeenskapsorganisasies - P.8 van bewysstuk U(4)(b).

Ook is die kursusgangers daarop gewys dat die verband tussen die "struggles" van die skoliere, werkers ens. simboliseer moet word deur sprekers uit dié groepe vir dieselfde vergadering te verkry - p.9 bewysstuk U(4)(b).

#### 3.4 Bewysstuk W.19: SASPU National, Maart 1984:

Op p.4 van die publikasie word verklaar dat die busboikot wat in Alexandra aan die gang was in Januarie 1984, op besluit was tydens vergaderings van AYCO, COSAS en ACA.

#### 3.5 Bewysstuk W.21, p.8, 2de kolom: SASPU Focus van November 1984:

Hierdie aktiewe ondersteuner van UDF en sy affiliale verklaar dat die skole in Alexandra reeds in Julie 1984 deelgeneem het aan die boikot.

3.6 Bewyssstuk W.24, p.3, kolomme 1 en 2: UDF News, Oktober 1983:

Dit is hieruit duidelik dat UDF ook in Alexandra beplan het om die massas d.m.v. werkswinkels en massa-vergaderings op te sweep teen Swart Plaaslike Besture, behuisingsbeleid van die Regering, nuwe Grondwetlike bedeling, soos hul reeds in Kagiso, Evaton, Bophelong, Katlehong, Sharpeville en ander plekke gedoen het.

Hierdie is ook 'n bevestiging van die Algemene oorhoofse koördinasie wat UDF in die vryheidsstryd gedoen het.

3.7 Bewyssstuk W.32, paragraaf 23 van die bladsy (ongenommerd) wat op p.9 volg: SASPU National van Desember 1984:

Hier word bevestig dat die jeug- en gemeenskapsorganisasies die maandlange busboikot inisieer het. Ook word bevestig dat 3 000 skoliere deelgeneem het aan die skole-boikot in Alexandra.

3.8 Bewyssstuk W.48, p.11, laaste 2 kolomme: Grassroots: Maart 1984:

Dit word bevestig dat AYCO deel was van 'n Nasionale Jeug Konferensie en dat die rol van die jeug in die vryheidsstryd, militarisasie, konskripsie, die Freedom Charter en 'n nasionale jeugorganisasie bespreek was op die konferensie. Daar is

besluit dat die jeug die stryd in Namibië ondersteun; kon-skripsie is verwerp en dat dit opponeer moet word; dat die stigting van 'n nasionale jeugkonferensie bespreek word; dat die Freedom Charter propageer moet word onder die massas as die "beacon in the struggle" en dat die jeug 'n belangrike rol speel in die vryheidsstryd.

3.9 Bewysstuk AB.7, 6de Dokument: Persverklaring deur Transvaal Area Committee:

Uit die verklaring is dit duidelik at AYCO ook verteenwoordig was op die vergadering waar op die sg. "stay-away" van 5-6 November besluit het.

Wat insiggewend is, is dat SASPU, wat volgens die Verdedigings se erkennings - AAS.12, skedule 1, p.1 paragraaf 1.3.2 net tot Junie 1984 ge-affilieer sou wees, nog op 27 Oktober 1984 deelgeneem het aan 'n vergadering waar op 'n "stay-away" besluit is. Dit is, word betoog, 'n duidelike aanduiding dat SASPU steeds voortgegaan het om UDF en sy affiliale se aksies aktief te steun en selfs deel te wees van die uitvoering daarvan.

Uit hierdie bewysstuk is dit duidelik dat dreigemente van geweldpleging gemaak word en as die duidelike aksie uitgespel word as die Regering nie aan die gestelde eise voldoen nie.

3.10 Bewyssstuk AB.32, Tvl. Regional Report - COSAS - van  
6 April 1984:

COSAS se tak te Alexandra was teenwoordig, en volgens p.3 is dit duidelik dat COSAS besluit het dat sy steun nodig is in die skole-boikot en dat 'n sg. "Solidarity Day" met die skole wat boikot nodig is. Wat insiggewend is, is dat die boikotte landswyd gerapporteer was aan die COSAS-vergadering en dat COSAS op die dag van solidariteit besluit het omdat dit, volgens COSAS, die "sukses" van die boikotte sal verseker.

3.11 Bewyssstuk AB.45: COSAS-pamflet "COSAS Calls on the students to Unite":

P.2 maak dit duidelik dat COSAS die instelling van SRC's steun omdat die SRC's, anders as wat al die verdedigingsgetuies oor onderwys vir die hof probeer voorgee het, gebruik sal word "to make students to politically understand the problems we face at school and to link them with the general struggle outside schools".

COSAS maak dit verder duidelik waarom hul die sg. "parent student committees" inisieer het nl. ".... (to) further strengthen our long established relationship to struggle side by side until we get our demands", want "The only way that we can use to win our demands is to unite with our parents, workers and all members of our community ..."

COSAS, wat só graag probeer voorgee elders dat die boikotte spontane reaksie van gegriefde skoliere is, maak dit laastens hier duidelik dat hul agter die boikotte sit en dit nie net geinisieer het nie, maar cok beheer: "Finally we want to say that as students of S.A., we will continue to boycott as long as our demands are not met".

3.12 Bewysstuk AC.23: UDF (Tvl) Dokument

"Anti-Constitutional Campaign: List of Meetings" - gedateer  
18 Julie 1984:

3.12.1 Dit is hieruit eerstens duidelik dat UDF (Tvl) op etlike plekke, van Kimberley tot Pietersburg, massa-vergaderings gereël, koördineer en beheer het in die Kampanje teen Swart Plaaslike besture.

3.12.2 Uit p.2, paragraaf no. 3, is dit duidelik dat AYCO deelgeneem het aan die reëling van die UDF Jeugsaamtrek te Lenasia, en dat Firoz Cachalia, Dan Montsisi, Lulu Johnson en Cedric Kekana as sprekers gereël was.

3.12.3 Bewysstuk V.15 het betrekking op die verrigtinge by die jeugsaamtrek, en hieruit is dit duidelik dat die jeug opgesweep is teen die Regering, konskripsie, onderwys, die nuwe grondwetlike bedeling, en dat die jeug uitgelok word om deur gewelddadige optrede die Regering en Staat omver te werp. Ook word die jeug in die skree van slagspreuke en sing van

vryheidsliedere gekondisioneer om hul te vereenselwig met die ANC, sy aksies, sy leiers, sy militêre vleuel, en om die geweld van die ANC te aanvaar. Die Staat verwys verder na sy betoog by die opponering van die aansoek om ontslag, p.455-465, vir 'n bespreking van hierdie vergadering, en volstaan daarby.

3.13 Bewyssstuk AU.8, p.9; 2de kolom: SASPU National van November 1983:

Dit word hier duidelik uitgespel dat AYCO se langtermyn doelstelling die verwesenliking van 'n sg. "non-racial, democratic society based on the demands of the Freedom Charter" is.

3.14 Bewyssstuk AAB.8: "Message of Support for AYCO" van UDF (Tvl) per beskuldigde 21:

Beskuldigde 21 bevestig weereens aan AYCO dat hul alleenlik deur gesamentlike weerstand "sukses" sal kan behaal in die vryheidstryd.

3.15 Bewyssstuk AAC.55, p.13: SASPU National van Maart 1985:

Onder die opskrif "Turning Youth energy into a powerful united force" word bevestig deur hierdie aktiewe ondersteuner van UDF

en sy affiliale dat AYCO deelgeneem het aan die Jeugkonferensie te Durban, en wat klaarblyklik deur UDF se jeugaffiliale gereël en bygewoon is.

Dit is ook duidelik dat die beoogde nasionale jeugkongres reeds deur COSAS in 1982 in die vooruitsig gestel was.

Insiggewend is die feit dat die stigting van die kongres moes saamval, en dat dit spesifiek so beplan was, met die dag waarop 'n prominente ANC-terroris tereggestel was.

3.16 Beweysstuk ABB.1: "Voice of AYCO" 1/1984:

3.16.1 Hierdie dokument, wat klaarblyklik 'n mondstuk van AYCO is, is blykens die getuienis versprei in Alexandra.  
Vol. 121, p.6035-6.

3.16.2 Uit p.1-2 is dit duidelik dat die leser mobiliseer moet word om Swart Onderwys en Swart Plaaslike besture te verwyder en word die stryd t.o.v. die onderwys populariseer.

3.16.3 Op p.4 word die vroue aangespreek, en die deelname van vroue aan die vryheidstryd populariseer.

3.16.4 Op p.6-7 word 'n onderhoud met AYCO se bestuur gevoer en hul maak dit duidelik dat die jeug deel is van die "National Democratic Struggle" en dat die stryd in wese 'n stryd is "for both economic and political power".  
(P.7, laaste kolom paragraaf 3).

3.16.5 P.8: Dit word duidelik gemaak dat "Jingles" Makgotji, wat so prominent deelgeneem het aan van vergaderings soos in die V-reeks van bewysstukke weergegee, 'n "AYCO-poet" is.

3.16.6 AYCO populariseer op p.10 die Freedom Charter en maak dit duidelik dat hul 'n Suid-Afrika, gebaseer op die beginsels van die Freedom Charter, voorstaan.

3.17: Bewysstuk ABB.2-9: Dokumente gevind in AYCO se "headquarters" - vol. 121 p.6036-41:

3.17.1 Uit ABB.3, p.1, is dit duidelik dat AYCO saamgewerk het met die organisasie "Speak" en dit as hul mondstuk gebruik het om AYCO en sy aktiwiteite te populariseer.

3.17.2 Uit ABB.3, p.2 is dit duidelik dat AYCO help beplan het aan UDF se Peoples Weekend.

3.17.3 Uit bewysstuk ABB.3, p.6, is dit duidelik dat AYCO met COSAS saamgewerk het.

3.17.4 Uit bewysstuk ABB.3, p.10, is dit duidelik dat AYCO hul nuusbrief aanwend om die massas te mobiliseer, te organiseer en te kondisioneer.

3.17.5 Uit ABB.3, p.14 is dit duidelik dat die AYCO-afgevaardigdes na UDF (Tvl) se algemene vergaderings, terug rapporteer het aan AYCO.

3.17.6 Uit bewysstuk ABB.3, p.21 is dit verder duidelik dat AYCO ook met CRIC, waaraan beskuldigde 21 behoort het, saamgewerk het t.o.v. die kampanje teen Konskripsie.

3.17.7 Uit bewysstuk ABB.3, p.22-23 blyk die samewerking tussen die jeugorganisasies SOYCO, AYCO, SAYO, LYL, en dié te Katlehong, Eldorado Park en die Vaal, en is dit duidelik dat op dié vergadering 10 Desember 1983 te Khotso Huis, die nasionale jeugorganisasie bespreek was.

'n Koördinerende komitee, wat die nasionale jeugorganisasie moes help stig, is gekies en Paul (Maskatile) en Obed (Bapela) van Alexandra was o.a. lede hiervan, terwyl ene Tabiso een van die sameroepers was.

Dit is verder duidelik dat 'n konferensie in Januarie 1984 te Wilgespruit beplan was waar die nasionale jeugorganisasie bespreek sou word. Ook is beplan dat samesprekings tussen die jeugorganisasies sou plaasvind rondom Militarisasie en dat 'n verslag daaromtrent aan UDF se nasionale konferensie voorgelê sou word.

Hierdie, word betoog, is nog 'n aanduiding van die mate waarin UDF die aktiwiteite van sy affiliale gekoördineer en beheer het.

3.17.8 Bewysstuk ABB.3, p.25 toon duidelik aan dat AYCO die area-komitee by UDF se vergaderings verteenwoordig het en dat

die doel van die areakomitee was om UDF kampanjes en -programme uit te voer, en om die aktiwiteite van affiliale te koördineer.

3.17.9 Bewysstuk ABB.3, p.28 toon aan dat UDF se publikasies oor huur aan affiliate voorsien was, sowel as UDF (Tvl) se Algemene Vergadering se notules.

3.17.10 Bewysstuk ABB.5:AYCO-konstitusie en -beleid:

P.3: AYCO bevestig dat sy doel is om o.a. die politieke aspirasies van die jeug te bevorder om die jeug te Alexandra in UDF, DPSC en DESCOM te verteenwoordig en om bande met ander sg. "progressive" persone en organisasies te smee.

P.7: AYCO se beleid is sodanig dat dit van oordeel is dat "meaningful change will only be brought about by the will and power of the people", en dat "we reject any direct or indirect dialogue with these organisations or bodies ... (organisations or government created institutions which promote apartheid, oppression and exploitation)".

Ook glo AYCO dat "we fight as a single group and with paramount working class interest in this society" vir 'n "single nation with the government of the people".

3.17.11 Bewysstuk ABB.7 toon aan dat UDF sy siening m.b.t. die geskiedenis van die vryheidstryd, die aard daarvan, die doel daarvan en die toekoms daarvan, by sy affiliale tuisbring en hul dus hieromtrent kondisioneer.

3.17.12 Bewysstuk ABB.9, p.1

'n Uiteensetting van MARS se geskiedenis en funksies word weergegee, en dan word dit duidelik gemaak MARS daar is vir gebruik van UDF, SAAWU, GAWU, COSAS, AZASO, SOYCO, SAYO, AYCO en die Womens Federation. Wat insiggewend is, is dat alle organisasies wat genoem was, UDF affiliale is.

P.2: Dit word duidelik gemaak dat baniere bedoel word om organisasies te populariseer.

P.5: Op 'n werkswinkel gehou op 6-7 Oktober 1984 waaraan Graaff-Reinet se organisasies deelgeneem het, het MARS die rol van media verduidelik en is die kursusgangers opgelei in die maak van baniere, plakkate, en aanplakbiljette bespreek, sowel as die gebruik van persverklarings, "graffiti" en liedere.

3.18 Bewysstuk ABC.1-8:

3.18.1 ABC 3: 1ste Jaarkongres van AYCO 25 November tot 2 Desember 1984: Verklaring van AYCO:

AYCO maak dit duidelik dat hul die vrylating van Mandela en alle ander politieke gevangenes eis; dat hul die grondwetlike voorstelle verwerp, en dat hul die Swart Plaaslike Bestuur in Alexandra verwerp tesame met voorgestelde huurverhogings.

3.18.2 ABC.4(a) "Paper on Bantu Education"

Hierdie is, as bewysstuk ABC.7(a) in gedagte gehou word (die program van AYCO se 1ste Jaarkongres), notas van Kate Phillip van NUSAS se toespraak by dié kongres.

3.18.3 ABC 4(b): Dit is notas van die toespraak van Cedric Kekana van SAYO by AYCO se Jaarkongres te Wilgespruit 25 November tot 2 Desember 1984 (sien ABC 7(b)): Hiervolgens is dit duidelik dat 'n komitee die Education Charter Campaign koördineer, en dat Jacob Mtshali van AYCO, Cedric Kekane van SAYO op die komitee dien, terwyl COSAS, AZASO en YCS ook op die komitee verteenwoordig is.

3.18.4 Bewyssstuk ABC.7(a): Program van AYCO se 1ste Jaarkongres:

Die samewerking tussen die jeugorganisasies blyk uit die feit dat die kongres deur leiers van ander jeugorganisasies toespreek is: Kate Phillip van NUSAS, Cedric Kekane van SAYO en Dan Montsisi van SOYCO.

Die eenheid in die stryd tussen die kerk, vroue, werkers en jeug blyk ook uit die feit dat die kerk deur Beyers Naudé, die werkers deur Sidney Mafumadi en die vroue deur Benedicta Monama verteenwoordig is en namens dié groepe toesprake gelewer het.

Benedicta Monama se toespraak, "The role of women in the struggle for liberation", is te vinde in bewysskrif ABB.8, p.1-4 en daaruit blyk dit dat sy nie net die geskiedenis van die vroue in die vryheidstryd populariseer het nie, maar dat sy ook (op p.4) die jeug daarop wys dat "we cannot contain the anger and frustration of larger section of our community, the youths. They are the only people who can direct this anger and frustration toward the total liberation of all our people". Dit word betoog dat hierdie leiersfiguur in FEDSAN die jeug inderwaarheid aangemoedig het tot geweldpleging ten einde die vryheid van die Swart massas te verkry.

#### 4. Algemeen:

4.1 Dit word betoog dat die Verdediging nie daarin geslaag het om die oorgrote meerderheid stellings wat hul gemaak het m.b.t. hul verweer t.o.v. die gebeure in Alexandra gemaak het, te bewys nie.

4.2 Uit die totaliteit van die getuenis, word betoog, is dit duidelik dat AYCO en COSAS met die ANC geheul het en inderdaad nou saamgewerk en selfs opdragte van die ANC ontvang het.

4.3 Dit word betoog dat die jeug veral opgesweep is teen die Swart Plaaslike besture, onderwys, konksriksie nuwe grondwetlike voorstelle, en dat die geweldpleging wat in Alexandra uitgebreek het, en erken is, die direkte gevolg was van die opsweeping van UDF en sy ge-affilieerde in Alexandra.

4.4 Dit word betoog dat AYCO, ACA en UDF beoog en beplan het, onder leiding van die ANC, om die woongebied onregeerbaar te maak en alternatiewe strukture onder AYCO en ACA se beheer te maak en alternatiewe strukture onder AYCO en ACA se beheer te Alexandra in te stel as deel van die bevrydingstryd.

4.5 Dit is ook bewys dat die opdragte om die Raadslede en Polisie gewelddadig aan te val, vanaf die ANC afkomstig was.